Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXXI Nr. 8

DONDERDAG, 8 AUGUSTUS 1985

## Inkatha besoek US

'n GESPREK tussen die hoofbestuurder van die Inkatha-jeugbrigade en studenteleiers van die Universiteit van Stellenbosch sal eerskomende naweek plaasvind.

Hierdie skakeling sal veral tussen die 14 Studenteraadslede en die 12 hoofbestuurslede van die Inkatha – jeugbrigade geskied. Daarbenewens is daar ook gespreksgeleentheid vir SP-lede, primaria en verenigingsvoorsitters.

Môre sal die Universiteit se studenteleiers aangaande die aktiwiteite van die Jeugbrigade toegespreek word. Dit sal gevolg word deur 'n groepbespreking en vrae.

Musa Zondi, president van die Inkatha-Jeugbrigade, sal die Jeugbrigade se algemene doelstellings, filosofie, metodes en doelwitte toelig. Ntwe Matole, nasionale jeugorganiseerder van die Jeugbrigade sal praat oor die rol van die Jeugbrigade in Inkatha.

Vir Saterdag word 'n werksessie tussen die Studenteraad en die hoofbestuur van die Jeugbrigade beplan. By hierdie werksessie sal daar 'n oop agenda wees.

Volgens me. Annami Oosthuysen, SR-ondervoorsitter, sal aktuele kwessies, toekomsverwagtinge en kwelvrae bespreek word. Me. Oosthuysen het gesê die doel van die gespreksgeleentheid is om "regtig te probeer om mekaar te vind en iets konstruktiefs te verwoord."

Alhoewel daar vanaf 1979 jaarliks tydens die SR-toer skakeling tussen die SR en die Jeugbrigade was, sal dit die eerste keer wees dat die hoofbestuur van die Jeugbrigade Stellenbosch besoek. Dit is ook die eerste keer dat die vòlle hoofbestuur met die SR sal vergader.

'n Persverklaring sal na die geleentheid uitgereik word.

## *SP-MOSIE*

# Nuwe SR moet oor ASB besluit

DIE volgende US-studenteraad, wat teen die einde van Augustus verkies word, gaan waarskynlik binne drie weke ná hul verkiesing 'n besluit neem oor die affiliasie van Stellenbosch by die Afrikaanse Studentebond (ASB).

Dit volg op die aanvaarding van 'n mosie oor die ASB tydens Dinsdagaand se Studenteparlementsvergadering.

Die mosie, wat deur die SR-lid mnr. Phillip Verster voorgestel is, lui onder meer "dat die 1985/86 Studenteraad versoek word om 'n besluit te neem aangaande affiliasie by die ASB voor die einde van die derde kwartaal".

Die ASB-hoofbestuur word in die mosie gelukgewens met die aanbieding van die studente-organisasie se jaarlikse kongres op Stellenbosch.

Die mosie, wat met 34 stemme teen 15 (en drie buite stemming) aanvaar is, maak ook voorsiening vir kommissies wat die US se affiliasie by die ASB "deurlopend kan evalueer."

Mnr. Verster het in sy motivering aangevoer dat "die mees effektiewe skoling (t.o.v. studente-organisasies) is deelname." Volgens hom kan Stellenbosch deur affiliasie by die ASB meer van dié organisasie te wete kom.

Tydens die bespreking van die mosie het die SR-lid mnr. Frank Raymond gesê die motivering van die mosie kan beteken dat die US by die United Democratic Front (UDF) moet affilieer ten einde meer van die organisasie te wete te kom.

Hy het ook die kort tyd (drie weke) wat die nuutverkose SR het om "só 'n groot besluit te neem" gekritiseer.

Mnr. Raymond, wat die portefeulje Studente- en Akademiese Belange behartig, het sy twyfel uitgespreek oor die wenslikheid van affiliasie by 'n organisasie waar "die SR by studenteraadskonferensies oor aktuele sake soos trompoppies kan gesels".

Hy het gesê die ASB, wat homself as 'n "kultuurorganisasie" beskou, is in 'n dilemma omdat die organisasie Apartheid skriftuurlik probeer regverdig het.

Mnr. Verster het gesê dit is onwaar dat affiliasie by die ASB vergelyk kan word met aansluiting by die verregse Konserwatiewe Party.

Volgens mnr. Verster het die ASB met sy verwerping van die idee van 'n wit tuisland ook die KP verwerp.

Die ondervoorsitter van die Studenteraad, me. Annami Oosthuysen, het gesê die ASB is net so geïsoleerd soos Stellenbosch.

Sy het gesê Stellenbosch en die ASB is beide "eksklusiewe blank-Afrikaner groepe" wat nie tred hou met die werklikheid nie.

Volgens me. Oosthuysen het die US nie meer geloofwaardigheid nie, en is die Stellenbosse leiers verwaand as hulle dink dat hulle ander binne die ASB van hul standpunt kan oortuig.

Sy het ook gesê dit is onlogies om by die ASB te affilieer omdat die meeste swart organisasies nie met die Afrikaner-studente-organisasie wil gesels nie.

Die voorsitter van die US-studenteraad, mnr. Le Roux van der Westhuizen, het ook aan die bespreking deelgeneem.

Hy het gesê hoewel die US se affiliasie by die ASB nie katastrofies sal wees nie, dit "ook nie al Stellenbosch se probleme sal oplos nie."

## Lidmaatskap 'ruiterlik' deur SR-lede erken

*VIER lede van die Studenteparlement het tydens Dinsdagaand se SP-vergadering erken dat hulle lid is van die geheime organisasie (vir jong Afrikanermans), die Ruiterwag (RW).*

*Mnre. Niël van der Merwe, Derick de Villiers, Jean du Plessis en Robert Kotzê het die erkenning gemaak tydens die bespreking van 'n mosie wat oor geheime organisasies gehandel het.*

*Die mosie, wat deur die SR-lid mnr. Frank Raymond voorgestel is, het behels dat kandidate vir SP en SR-verkiesings moet bekend maak aan watter geheime organisasies hulle behoort.*

*"Ek erken ruiterlik dat ek 'n lid van die Ruiterwag is," het mnr. De Villiers gesê. Die SR-lid vir Verenigings het teen die mosie gepraat.*

*Mnr. Van der Merwe, wat saam met mnre. De Villiers en Du Plessis op die SR is, is in die vorige uitgawe van* Die Matie *as lede van die Ruiterwag onthul.*

*Volgens mnr. Van der Merwe is die RW nie 'n geheime organisasie nie – wel 'n "vertroulike" organisasie.*

*Mnr. Du Plessis, wat die voorsitter van die Tygerbergse Studenteraad is, het gesê daar is nà die berigte in* Die Matie *geen twyfel aan watter organisasie hy behoort nie.*

*Hy het die mosie as "'n klomp twak en 'n heeltemal belaglike storie" bestempel.*

*Mnr. Raymond het in sy motivering van die mosie gesê 'n studenteleier se eerste verantwoordelikheid is teen die Studente-Unie.*

*Daarom kan leiers wat aan geheime organisasies behoort moontlik botsende belange hê, het hy gesê.*

*Volgens mnr. Raymond hoef 'n persoon wat aan 'n geheime organisasie behoort "nie daaroor skaam te wees nie". Sy mosie vra bloot eerlikheid van die SR- en SP-kandidate, het mnr. Raymond gesê.*

*Mnr. Johan Olivier, wat die mosie gesekondeer het, het gesê dit is vir almal duidelik na watter geheime organisasie daar verwys word.*

*Indien die mosie aanvaar word, sal 'n klimaat van vertroue geskep word, het hy gesê.*

*Mnr. Le Roux van der Westhuizen, die voorsitter van die SR, het ook teen die mosie gepraat.*

*Mnr. Van der Westhuizen is ook in* Die Matie *se onthulling as 'n RW-lid bestempel.*

*Die SR-voorsitter het* Die Matie *daarvan beskuldig dat die studentekoerant 'n eensydige beeld van die RW probeer skep het.*

*Volgens mnr. Van der Westhuizen is die Ruiterwag nie genader toe die onthullings gepubliseer is nie.*

*Die SR-voorsitter het gesê hoewel hy die doel van mnr. Raymond se mosie insien, is die mosie tog 'n "klap in die gesig van die kiesafdelings".*

*Kiesafdelings ken hul kandidate persoonlik, en stem nie op grond van lidmaatskap aan geheime organisasies nie, het hy gesê.*

*Die mosie is met 35 stemme teen 12 aanvaar, terwyl drie SP-lede buite stemming gebly het.*

## *Oortreders terug in Wilgenhof*

**Die nege studente wat vroeër vanjaar uit Wilgenhof en Hippokrates geskors is nadat hulle 'n verslaggewer van *Die Matie* geteer-en-veer het, is terug in hulle koshuise. Die teer-en-veerdery van die verslaggewer was in reaksie op sy foto-nemery van beweerde doop-wanpraktyke wat by Wilgenhof plaasgevind het.**

**Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch (US) het dié studente na slegs een kwartaal se skorsing weer toegelaat ten spyte van die Tugkomitee se oorspronklike strafmaatreëls. Daarvolgens sou hulle onder andere vir die res van hulle studieloopbane nie weer in 'n universiteitskoshuis toegelaat word nie.**

**Volgens die Rektor van die Universiteit, prof. M. de Vries, is die studente hertoegelaat op grond van goeie gedrag. Die vereiste verslae van goeie gedrag met vertoë aan lede van die Raad om die Tugkomitee se strafmaatreëls in heroorweging te neem, is aan die einde van verlede kwartaal ingewin.**



Die Maties se dirigent, Fasie Loubscher in aksie tydens verlede Saterdag se Intervarsity.

## *Rugby en plesier maak dag sukses*

INTERVARSITY 1985 sal maklik onthou word as 'n goeie een weens helikopters, All Black rebelle, dreigemente van glasstukke op die veld en dan nog hope polisiemanne. Daarbenewens het 'n erg verswakte Matiespan opwindende spel teen die begeesterde Ikeys gelewer.

Vir diegene wat nie weet waaraar alles gaan nie, die helikopter het die onderskeie dirigente en sjampanjenooiens kom aflaai op die veld. Die veelbesproke All Black rebelle was toe net vyftien kêrels van Helderberg wat die skare so 'n bietjie skrik op die lyf wou jaag. Hulle het selfs die beroemde Haka oorlogsdans uitgevoer. Die glasstuk dreigemente, wat gelukkig nie uitgevoer is nie, was van 'n groep studente wat hulself die "Students of Young Azania" noem (SOYA). Hulle beweegrede was, na bewering, dat die Stellenbossers rassiste is en dat terwyl daar 'n noodtoestand is, 'n Intervarsity nie mag plaasvind nie.

Intervarsity was ook 'n groot sukses ten opsigte van die gees en die sang. Die Maties het duidelik beter gesing as wat die geval was van die "sing songs".

Soos gewoonlik het die Intervarsity ook weer sy klomp hansworse opgelewer. Kêrels wat rondgeduik en geval het, het die skare vermaak met hulle streke. Blykbaar was die SAUK so beïndruk dat die klomp manne Saterdag op TV spesiaal dekking gekry het.

Dit is ook so dat die feestelike atmosfeer mense na plekke laat gaan om die feestelikheid voort te sit. So is verskeie hotelle en dansplekke in en om die dorp oorstroom. Ikeys het besluit om Stellenbosch op horings te neem en talle is opgemerk in die strate waar hulle gesellig met Maties verkeer het.

Die weer het ook mooi saamgespeel en toegelaat dat ons droog huis toe kon gaan. Van ons, wat 'n voorliefde het om in die modder te speel, was egter sopnat.

## BINNE

**P.2: Studente van UWK besluit om klasse te boikot.**
**P.4: ASB en Nusas het die vakansie kongresse gehou.**
**P.8: 'n Onderhoud met die kunsliefhebber, Fritz Stegmann.**
**P.10: Matiegesprek met Anton Steenkamp, vorige Hoofredakteur van Die Matie.**
**P.13: Twee huidige SR-lede lug hulle opinies rondom affiliasie by die ASB.**
**P.18: Die vakansie is SAU-kampioenskappe in verskeie sportsoorte gehou.**
**P.20: Fotoblad van die kleurvolle Intervarsity-Saterdag.**



Gert Smal dryf, Freddie Ferreira agter hom . . .



Schalk Burger by . . .



oor die lyn . . .



en hy druk.

# Inter-brokkies

## Lid van Alabama sterf

POTCHEFSTROOM. — 'n Lid van die Alabama-studentegeselskap van die Potchefstroomse Universiteit het verlede maand in 'n motorongeluk naby die dorp gesterf.

Mnr. Andries Hart (22) was 'n ingenieurstudent in sy derde jaar. Hy het as beligtingsman by die Alabama-studentegeselskap diens gedoen en was juis op pad terug vanaf opnames wat in Johannesburg gemaak is, toe die ongeluk gebeur het.

Hy het ongeveer sewe kilometer buite die dorp die pad byster geraak. Hy het teen 'n laagwaterbrug gebots, is uit die motor geslinger en was op slag dood.

## Probleme kolk om Sun City

PROSTITUSIE, onderbetaling, lang ure van oortyd werk sonder betaling en die uitbuiting van werkers is 'n kommerwekkende probleem onder inwoners van die gebied rondom Sun City. Dit is die bevinding van prof. Jeremy Keenan van die Witwatersrandse Universiteit na 'n ondersoek van die Pilanesberg Wildpark se invloed op die lewens van plaaslike inwoners.

Prof. Keenan het gedurende sy ondersoek, wat deur die Wildpark gefinansier is, met 3 500 mense uit 500 huishoudings in die gebied gepraat.

Al die mense met wie hy gesels het, was dit eens dat jong meisies van die gebied hulle tot prostitusie wend as gevolg van die vooruitsig van moontlike welvaart.

Na aanleiding hiervan het die inwoners nog 'n probleem geopper. Volgens hulle is daar die afgelope vyf jaar 23 fetusse en baba-lykies in Sun City se rioolsisteem gevind. Na aanvanklike ontkenning deur die Sun City-bestuur van enige so 'n voorval, het die onderhoudshoof verklaar dat een fetus en een dooie baba daar gevind is. In teenstelling hiermee het die sekuriteitshoof beraam dat daar in dieselfde tydperk 10 sulke voorvalle plaasgevind het.

## Fort Hare hervat klasse

ALICE, OOS-KAAPLAND – Klasse aan die Universiteit van Fort Hare is na die Julie-vakansie hervat, nadat die universiteit vroeër moes sluit.

Die universiteit is gesluit toe studente beseer is in konfrontasie met die kampuspolisie en vyf SR-lede deur die Ciskeise Veiligheidspolisie aangehou is.

'n Lid van die SR, mnr. Vuyansi Pilise, het ernstige oogbeserings opgedoen nadat hy met 'n sambok geslaan is. Hy word aangehou.

Moses Mposho, nog 'n student, is in die hospitaal opgeneem nadat hy, volgens die Rektor, deur mede-studente in die maag geskiet is.

## Van Heerden in arres

MNR. AURET VAN HEERDEN, 'n vorige president van die National Union of South African Students, is deur die polisie onder die nuwe noodmaatreëls in hegtenis geneem.

Mnr. Van Heerden is reeds vantevore deur die Veiligheidspolisie in hegtenis geneem – waarna hy 'n bedrag van meer as R100 000 van die polisie geëis het.

## Male in women's team

OXFORD — Sexism in rowing circles is now in deep water after the Oxford women's rowing team chose Andrew Green (21) to cox them at the Nottingham National Rowing Championship. This follows on the choice of a woman cox to help the male Oxford team to victory in the annual boat race against Cambridge. Andrew has already steered his team to victory in the Cambridge Women's Eight, and could be emulating Sue Brown who led the Oxford men to victory in 1981 and 1982.



'n Deel van die skare drom rondom die sprekers saam.

# UWK-studente boikot klasse

KLASBOIKOTTE by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) duur steeds voort ná die afkondiging van 'n noodtoestand deur pres. P. W. Botha byna drie weke gelede.

Die studente het op 'n klasboikot besluit ná 'n vergadering wat op 26 Julie gehou is.

By die vergadering, wat deur sowat 7 000 studente en skoliere bygewoon is, het mnre. Trevor Manuel en Ebrahim Solomon as sprekers opgetree.

'n Nota van die Rektor, professor Richard van der Ross, is voor die vergadering aan studente gegee.

Hierin is studente versoek om nie hul klasse te boikot nie.

Die vergadering, wat op die UWK-sportstadion plaasgevind het, is deur die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Lewellyn MacMaster, gelei.

Hy het gesê die studente van die Wes-Kaap is gereed vir gesamentlike optrede.

Volgens hom is die afkondiging van die noodtoestand 'n teken dat die regering paniekbevange raak.

Hy het gesê daar is reeds te lank onderhandel – die tyd vir aksie het aangebreek.

Die hoofsprekers, mnre. Solomons en Manuel, het ook die noodsaaklikheid van gesamentlike aksie beklemtoon.

Mnr. Solomons, 'n gewese lid van die United Democratic Front se Uitvoerende Bestuur, het gesê dat die regering "nie daarin sal slaag om ons in *baasboeties* te verander nie."

Hy het gesê die persone wat deur die Apartheidsregering onderdruk word beskik nie oor vuurwapens nie, maar wel oor die magtige wapen van 'n onblusbare vryheidsdrang.

Volgens hom is dit nie die onderdruktes wat die land onregeerbaar maak nie, maar wel "die brutale en onmenslike stelsel van Apartheid".

Mnr. Solomons het gesê dat daar vir bykans 300 jaar gewaarsku is teen die Apartheids-ideologie.

Die noodtoestand is die gevolg van dié ideologie, het hy gesê.

Persone wat deel van die Apartheid-stelsel vorm, maak hulle aan 'n "onvergeefbare misdaad" skuldig, het mnr. Solomons gesê.

"Ons sal nie die 'collaborators' verbrand nie, maar ons sal hulle sterte warm maak," het hy gesê.

Mnr. Trevor Manuel, 'n UDF-leier, het ook die vergadering toegespreek.

Hy het die noodtoestand beskryf as "die legitimitering van die moorde wat die regering pleeg".

Volgens mnr. Manuel is die onderdruktes bereid om swaar te kry ter wille van hul bevryding.

"Die regering kan niks doen om ons vryheid te verhoed nie, het hy gesê.

Mnr. Manuel het ook die SAUK beskuldig dat dié organisasie volgens hom 'n propagandamasjien van die regering is.

Hy het gesê dat brutaliteite van die polisie op televisie vertoon word nie.

Mnr. Manuel het ook die belangrikheid van gesamentlike aksie deur "alle onderdruktes" bepleit.

Volgens hom moet alle beslissings deur die massa geneem word.

Hy het die leiers van die universiteite en skole versoek om 'n positiewe besluit t.o.v. moontlike optredes te neem.

Alleen wanneer die onderdruktes saamstaan, sal vryheid bereik word. Dié vryheid sal bereik word, want die onderduktes het "die geskiedenis aan hulle kant," het mnr. Manuel gesê.

● **'n Petrolbom het Maandagnag in die Studenteraadskantoor van die Universiteit van Wes-Kaapland ontplof.**

**Die ontploffing het ruite gebreek, en stoele is in die brand beskadig.**

**Mnr. Russel McGregor, die SR-sekretaris het gesê dat hulle vermoedens het oor wie verantwoordelik is vir die ontploffing.**

**Hy het bygevoeg dat daar persone is wat probeer om die Studenteraad te intimideer. "Ons gaan ons nie laat intimideer deur enige sodanige aksies nie," het mnr. McGregor gesê.**

# Youth for Freedom lok talle van oorsee

DIE grootste kongres vir jeugleiers wat teen Kommunisme gekant is, het die Julie-vakansie in Johannesburg plaasgevind.

Die *Youth for Freedom*-Konferensie, wat soortgelyke kongresse in Jamaika en Europa opgevolg het, is deur 100 verteenwoordigers van 35 lande soos Swede, Taiwan, Afghanistan en Kanada, bygewoon.

Die kongresgangers is deel van 'n sterk konserwatief libertynse (vrydenkende) beweging in die wêreld wat 'n eenheidsfront teen kollektivisme en sosialisme wil vorm.

Die sprekers op die kongres het hoofsaaklik twee onderwerpe aangeraak, die stryd teen kommunisme en sy revolusionêre metodes, asook die Suid-Afrikaanse kwessie.

Dr. Wladimar Sakarov, 'n oud-KGB-offisier, ambassadeur Lichtenstein, die voormalige VSA-ambassadeur by die VVO en prof. Wang van Taiwan het die kongres toegespreek. Kommandeur De Beer van die Departement Militêre Strategie en Leon Louw van die Vrymarkstigting, het Suid-Afrika se standpunt gestel.

Die konferensie is deur 'n verklaring wat die basis sal vorm vir die Democratic International, die kommunikasiesentrum vir die afgevaardigdes, afgesluit. In die manifes word daar teen die onderdrukking van vryheid, demokrasie en menseregte te velde getrek. Voorts belowe die kongresgangers om 'n eenheid in hulle stryd teen kommunisme en Fascisme te vorm.

# *Ikeys bots oor Intervarsity*

STUDENTE van die Universiteit van Kaapstad het geëis dat die jaarlikse Matie-Ikey Intervarsity weens die noodtoestand afgestel word.

Ongeveer 400 swart studente het die dag voor die Intervarsity plaasgevind het, by die UK-administrasie en die Studenteraad dié versoek gerig.

Hulle het aangevoer dat 'n sosiale geleentheid soos Intervarsity onvanpas sou wees, omdat dit op dieselfde dag plaasgevind as die begrafnis van 'n student van die universiteit wat in 'n botsing met die polisie gesterf het.

Die studente — wat plakkate gedra en slagspreuke geskree het – het twee lesings ontwrig.

Hulle het mede-studente gevra om die lesingsale te verlaat.

Hierna het die groep na die Bremner-gebou beweeg waar hulle deur die visekanselier, dr. Stuart Saunders, toegespreek is.

Hy het gesê die meerderheid van die studente wil hê Intervarsity moet voortgaan. Daarom sal hy dit nie afstel nie.

Die Intervarsity-komitee het dr. Saunders se besluit ondersteun.

Dr. Saunders het die studente aangeraai om nie hul klasse te boikot nie. Studente wat universiteitsgelde betaal, het die reg om lesings te ontvang, het dr. Saunders gesê.

Na dr. Saunders hulle toegespreek het, het die studente 'n optog in Hoofweg, Rondebosch, gehou.

Verkeer is ontwrig toe studente oor die pad beweeg het.

Later die middag het die Intervarsity-komitee wel 'n verklaring uitgereik waarin die noodtoestand gekritiseer is. Drie lede van die 30-man komitee het buite stemming gebly.



Foto: Cape Times

KAAPSTAD. — Die bestuurder van 'n Universiteit van Kaapstad kafeteria was die wenner van 'n 'salon culinaire' kompetisie wat die vakansie in Kaapstad gehou is.

Mnr. Hans Rupp het die kategorie, professionele chef, gewen met sy geelstertdis. Mev. Kathleen Seeklie, wat in 'n kafeteria in die stad werk, het tweede gekom in hierdie kategorie met haar dis van ontbeende en geglaseerde hoender.

Die kompetisie is deur Fedics Food Services gereël as aansporing vir hulle werkers, en sal waarskynlik 'n jaarlikse instelling word.

Inskrywings is in twee kategorieë beoordeel: een vir eenheid bestuurders en assistente en die ander vir alle personeellede – van kelners tot boekhouers.



# Drafgeld bou saal op vlakte

VIER-EN-TWINTIG Maties het op 30 Junie op 'n draftoer van byna 2 000 km uit Pretoria weggespring. Nege van hulle was lede van *Atlete vir Christus*. Die toer was deel van hul poging om R2 000 by te dra tot 'n fonds vir 'n kerksaal vir die N.G. Sendinggemeente Mitchell's Plain. Daar is alreeds R48 000 ingesamel sedert 1981. Die roete het deur die Wes-Transvaal en die Vrystaat tot in Ladysmith (Natal) gestrek. Hiervandaan het die groep tot in Bloemfontein gedraf om deel te hê aan die reuse jeugsaamtrek wat gedurende die vakansie in Bloemfontein plaasgevind het. Kimberley was volgende aan die beurt waar die toer dan ook geëindig het.

*Atlete vir Christus* se hardlopers het die afstand op 'n aflosbasis afgelê met elke atleet wat gemiddeld 15 km per dag gedraf het. Die groep het saans op die dorpe waar hulle oornag het, 'n program aangebied wat sang en die lewer van getuienisse ingesluit het. Die groep se persoonlike geestelike groei is nie verwaarloos tydens al hul bedrywighede nie en hul toervader, ds. Willie Botha van Bybelkor, het vir die groep Bybelstudie aangebied.

Sedert hulle ontstaan in 1975 het die *Atlete vir Christus* al elf toere afgelê.

Volgens mnr. Ludolph Gericke, leier van die groep, was dit 'n baie suksesvolle toer en hy sê dat hulle hul leuse "Ons hardloop, sing en gesels Christus" ten volle uitgeleef het. *Atlete vir Christus* sal nog oor naweke by omliggende gemeentes en ook tydens die plaaslike sendingweek optree.



Wilma van der Merwe, Debutante van die Jaar, saam met mnr. Johan de Beer van Stellenbosch Motors. Sy maatskappy het die Citi Golf geskenk om aan die uiteindelike wenner te gaan.

# Debutantebal skitter in Kaap

OP Vrydagaand, 2 Augustus, het die Karnavalkomitee weer eens gesorg vir die skittergeleentheid van die jaar — die debutantebal. Die bal is gehou in die Mount Nelson hotel in Kaapstad en dit was 'n vyfstergeleentheid.

Die gasspreker op die geleentheid was me. Dene Smuts, redaktrise van die *Fairlady*. Me. Smuts, wat elke dag formele geleenthede bywoon, het gesê dat sy soos Aspoestertjie voel en bang is haar Mercedes verander in 'n pampoen. As dit nie vir jou iets sê van die debutantebal nie . . .

## Kwalifiseer

Mnr. Sakkie Joubert, bestuurder van Pick 'n Pay Hypermark in Brackenfell, het aan elke debutante 'n pen oorhandig waarna hy 'n kort boodskap aan hulle oorgedra het.

Mnr. Barnie van Vuuren, Karnavalvoorsitter, het die pryse oorhandig en ook die bedankings behartig. Ander eregaste was Me. Carla de Miranda, huidige Me. Matieland; mnr. Johan Bell, SR-lid vir Karnaval en mnr. Lorenzo Bossi, voorsitter van die Nasionale Joolorganisasie.

In September 1984 het 280 debutantes ingeskryf en slegs 62 het gekwalifiseer vir die bal. Om te kan kwalifiseer moes elkeen R450 insamel.

Daar is vanjaar in totaal R81 300 deur die debutantes ingesamel. Pryse is oorhandig aan diegene wat die meeste ingesamel het. Colette Rouillard het die derde prys, 'n Pioneer Avante Hoëtroustel gewen met die R5 355 wat sy ingesamel het. Tweede was Marguerite van Wyk wat R6 270 ingesamel het. Hiermee het sy vir haarself 'n oorsese reis losgeslaan. Die gelukkige wenner van die Citi Golf was Wilma van der Merwe, 'n tweedejaar B.Sc. student van Huis Div. Sy het 'n rekordbedrag van R7 050 ingesamel.

Serruria het twaalf debutantes opgelewer; die meeste uit een koshuis. Me. Petro Wessels, HK-lid vir Karnaval was hiervoor verantwoordelik. Vir haar moeite en samewerking het sy ook 'n uitnodiging na die bal ontvang.

## Hoogtepunt

Hierdie geleentheid word beskou as die hoogtepunt van die karnavalpoging en is heelwaarskynlik ook die hoogtepunt in 'n mens se universiteitsloopbaan as jy die geleentheid kry om dit by te woon. Die kos was voortreflik, die orkes, Bagatelle, was van die beste en die atmosfeer was wonderlik.

Die debutantebal is deur Francois Jooste, Carlien Calitz en Greta Delport gereël. Die geleentheid het die 84/85 karnavaltermyn afgesluit en die 85/86 termyn sal eersdaags begin. Vir hierdie termyn word meer sosiale geleenthede en beter pryse beplan, so moenie twee keer dink nie — skryf dadelik in!

# Lady Birds sing weer

*HEEMSTEDERS het 'n tradisie wat oorspronklik by hulle begin het, laat voortleef deur op 21 en 22 Mei by al die manskoshuise op die kampus te "serenade". Hierdie tradisie het in 1977 sy ontstaan gehad, toe die destydse vise-rektor, prof. Mike de Vries, skriftelike verlof tot die ontstaan van 'n "serenade"-groepie op kampus verleen het. Hulle het ook geskiedenis gemaak deur selfs op die "Plaas" buite Stellenbosch te gaan sing.*

*Onder die bekwame leiding van Adelene Kruger het dié groepie wind en weer trotseer om die manne te vermaak. Hierdie opofferings is vergoed deurdat galante here met sambrele die dames te hulp gesnel het waar hulle deur reën oorval is. Hierdie groepie staan as die "Lady Birds" bekend en hulle sê self: "We Lady Birds say it with music."*

# Landsdiens bring mense na aan bodem

OM partymaal hard te slaap op die grond en jou voete blase te loop kan sekerlik die moeite werd wees, veral as dit tydens 'n Landsdiensuitstappie is. By hulle gaan dit nie net om natuurliefhebbery nie, maar ook om bewaring en waardering van die natuur.

Bewaring kan soms ook harde werk beteken, soos om Stellenbosch se voetslaanpad, die Otterwandelpad, in stand te hou en om opslag denneboompies uit te kap om sodoende die Proteas op Stellenbosch-berg te red.

Dit is duidelik dat hierdie mense hulle leuse nl. "Facta non verba" ten volle uitleef. Hulle kan ook trots voel om 'n beskermheer soos prof. Jan Giliomee van die Entomologie-fakultiet te hê. Hy is 'n mens met 'n breë natuurkennis en is altyd bereid om te help.

Vanjaar is daar al verskeie staptoere en kampe deur dié Landsdiens aangepak. In Maart is daar bv. te Bainskloof gaan kamp. Die volgende kamp was by Potberg met die tema "Die see moet lewe". Hierdie kampe is bygewoon deur verskeie kampusse soos die Kaapse Technikon en Tygerberg. Om die kampe interessant te maak, word daar altyd probeer om kenners van die omgewing of wildbewaarders op sulke kampe te kry van wie mense baie kan leer. Daar was ook 'n naweekuitstappie na Grabouw.

Tydens die Junie-vakansie is daar by verskeie mooi plekke om Kaappunt gaan stap. Volgens mnr. Altus Erasmus, voorsitter van die Landsdiens is dit sulke tye wanneer die vier liefdes van die organisasie, naamlik die liefde vir jou bodem, medemens, arbeid en jou God baie sterk beklemtoon word.

# Eendrag



Mnr. Jaap Marais, leier van die HNP, hier aan die woord by die openingsgeleentheid.

# HNP-leier in seksie ontvang

"DIS tog goed om te sien dat te midde van politieke verskille, mense met uiteenlopende standpunte nog steeds respek toon vir andere se opvattings."

Hierdie kommentaar is deur mnr. Jaap Marais, leier van die HNP, tydens sy besoek aan Eendrag se jaarlikse opening van die Katstraat-seksie gelewer.

Volgens mnr. Niel Stofberg, HK-lid van die seksie, het die besoek nie 'n politieke motivering nie. Dit is tradisie dat 'n gevierde politieke figuur die eregas by hierdie geleentheid is. In die verlede is dié seksie geopen deur mense soos drr. Andries Treurnicht, Van Zyl Slabbert, ministers Chris Heunis, Piet Koornhof, en eerwaarde Allan Hendrickse.

Die onthulling van die plaket het nie glad verloop nie, omdat die gordyntjies voor die naamplaat stram was. Gevolglik het mnr. Marais die hele struktuur met 'n harde pluk op die grond laat beland. 'n Erg verleë Mnr. Marais het daarna 'n Eendragdas tydens 'n geselligheid in die ontspanningsaal ontvang.

Eendragters het ligweg die gek geskeer met plakkate oor 'n blanke tuisland en 'n Republiek Feesvlag wat teen die gordyne vasgespeld was.

Die seksie spog met 'n baie kleurryke naam. Volgens prof. Bun Booyens, oud-huisvader van Eendrag, het die naam in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare ontstaan toe die seksie bewoon is deur persone wat bekend was vir die oormatige gebruik van drank.

# USKOR wil meer studente betrek

'n KONFERENSIE vir diensorganisasies van universiteite is onlangs op Stellenbosch gehou om die moontlikheid van 'n nasionale liggaam, wat sal bestaan uit verteenwoordigers van sodanige diensorganisasies, te bespreek.

Mnr. Van Wyk, uitvoerende direkteur van USKOR, het in 'n onderhoud met *Die Matie* gesê dat dié skakeling tussen universiteite noodsaaklik is. Alhoewel die nasionale liggaam nog nie tot stand gekom het nie, sal dit hopelik in die toekoms 'n werklikheid word. Dit sal meebring dat universiteite van mekaar kan leer en die belangrike werk wat hul diensorganisasies doen verder kan uitbrei.

Soortgelyke konferensies word vir die toekoms beplan. Agt universiteite het dit hierdie jaar bywoon en daartydens was alle kampusse dit eens dat USKOR werk van hoogstaande gehalte doen.

Mnr. Van Wyk is van mening dat baie meer deur diensorganisasies gedoen kan word as wat tans die geval is. Ook USKOR moet hul dienste uitbrei en daarvoor is groter betrokkenheid deur studente noodsaaklik. Bekendstelling aan studente en opvolging met projekte is belangrik vir die ontwikkeling van USKOR. USKOR lewer mediese en tandheelkundige dienste en het 'n gevestigde maatskaplike afdeling. Ook by die verlening van regshulp speel USKOR 'n al groter rol aangesien daar 'n baie groot behoefte aan dié diens by die gemeenskap is.

Samewerking met instansies soos die Landelike Stigting sal ook meebring dat USKOR meer doeltreffend sal wees met opheffingswerk. "Ons moet probeer om die gemeenskap te help om hulle self te help. Dan sal Maties ook meer aanvaarbaar wees vir die bruin gemeenskap", het mnr. Van Wyk gesê. Op die gebied van sport is daar byvoorbeeld groot moontlikhede en belangstelling, maar probleme met o.a. sportvelde word ondervind.

Mnr. Chris April, minister van Gesondheidsdienste en Welsyn, het in sy toespraak tydens die konferensie gesê dat USKOR ook aandag aan die platteland moet gee en hul nie net moet bepaal by die gemeenskap in en om Stellenbosch nie. Die hegte band tussen 'n universiteit en die gemeenskap veroorsaak dat universiteitsorganisasies steeds meer betrokke raak by direkte dienslewering.

"Dit is tog so dat ons grootbek op universiteit is, maar daarná koue materialiste word," het mnr. April gesê. Volgens hom is 'n universiteit nie net daar vir die opdoen van teoretiese kennis nie, maar is dit ook 'n plek waar met werklikhede kennis gemaak moet word.

"In die student beskik die universiteit oor 'n wonderlike instrument om gemeenskapsdiens te lewer. So skep dit ook 'n praktiese leerskool vir die student. Waar hy sy formele kennis kan verdiep en sy mensekennis kan verryk", het mnr. April gesê.

Dit is vir hom verblydend dat universiteite nou meer op voorkomende as remediërende dienste konsentreer, het hy gesê. Volgens hom sal "ons verstom staan voor die potensiaal wat daar in ons gemeenskappe skuil" en moet dié potensiaal ontwikkel word.



Carla de Miranda, Miss Matieland 1985, will attend the National Rag Congress where Miss Campus 1985 will be chosen.

# Toneelfees onthul verborge talente

DIE Studenteteater in die Ou Konservatorium gaan lewe kry wanneer die toneelvereniging van die US (USAT) se jaarlikse toneelfees op 19 Augustus daar begin.

Die fees bestaan uit studenteopvoerings. Dit bied aan Maties die geleentheid om sonder voorwaardes of beperkings hul verborge talente te openbaar. Deelname is klaarblyklik belangriker as gehalte, dus hoop USAT op 'n groot aantal inskrywings.

Verlede jaar se toneelfees het ongeveer twintig inskrywings gelok. "Sommige van die opvoerings was van besondere hoë gehalte," het Me. Louise Hulsman, sekretaresse van USAT gesê.

Volgens haar is deelname groot pret. Daar is trofeë vir die beste individue en groepe.

Die fees eindig op 24 Augustus. Inskrywings moet voor 16 Augustus by die USAT-kantoor ingehandig word.

ASB-KONGRES

# Verskille heers oor politiek

UITEENLOPENDE politieke standpunte is tydens die Afrikaanse Studentebond (ASB) se 37ste jaarlikse kongres op Stellenbosch gestel.

By die kongres, wat van 14—18 Julie geduur het, is daar naas mosies oor studente-aangeleenthede soos intervarsities ook verskeie politieke mosies bespreek.

Dit was veral by dié mosies waar die skerpste meningsverskil tussen die sowat 600 kongresgangers voorgekom het.

Twee afgevaardigdes van die Universiteit van Pretoria het die ASB — wat homself as 'n kultuurorganisasie beskou — se skakeling met die Inkatha-jeugbeweging gekritiseer.

Mnre. Gerdus Kruger en Leonard van Dussen het gepraat teen 'n mosie wat die hoofbestuur van die ASB gelukwens met hul skakeling met Inkatha — 'n politieke beweging met sowat 750 000 Zoeloe-lede.

Volgens mnr. Kruger vereenselwig die Inkatha-jeugbeweging hom met die vryheidstryd van die African National Congress (ANC). Die twee organisasies se ideale is dieselfde, het hy gesê.

Mnr. Marthinus van Schalkwyk, wat vir nog 'n termyn as ASB-president verkies is, het gesê dis noodsaaklik dat mense met mekaar praat. Hy het sy steun aan die mosie gegee omdat Inkatha hulle vir 'n demokratiese Suid-Afrika beywer.

Die ASB-president het in sy presidentsverslag gesê skakeling met 'n blanke studente-organisasie soos die National Union of South African Students (Nusas) is "tans onmoontlik".

Volgens mnr. Van Schalkwyk wil Nusas skakeling beperk tot aangeleenthede wat binne die politieke sfeer val.

Die United Democratic Front is ook by die ASB-kongres bespreek.

'n Mosie wat vra dat die ASB die gevolge van skakeling met die UDF ondersoek, is deur mnr. Ernst Basson van die Potchefstroomse Universiteit voorgestel.

Hy het gesê die UDF is 'n aktuele organisasie. Mnr. Louis Aucamp (PU vir CHO), wat die sekondant was, het daarop gewys dat die mosie nie vra vir 'n standpunt vir of teen die UDF nie. "Die gevolge van skakeling moet bloot ondersoek word", het hy gesê.

Volgens mnr. Gerdus Kruger van Tukkies is dit onnodig vir die ASB om só 'n ondersoek te doen — die polisie het reeds 'n ondersoek na die UDF gedoen.

Ten spyte van die verskillende standpunte wat tydens die bespreking van die mosie geopper is, het die kongres dit eenparig aanvaar.

In 'n ander politieke mosie wat met 'n meerderheid aanvaar is, het die ASB hom uitgespreek teen geweld "as wyse om 'n oplossing te vind" vir Suid-Afrika se politieke probleme.

In die mosie, wat deur mnr. Lucius Botes van die UOVS voorgestel is, doen die ASB 'n beroep op alle groepe in Suid-Afrika om deel te neem aan die huidige konstitusionele proses.

Die ASB het hom ook eenparig ten gunste van verpligte militêre diens uitgespreek.

Volgens mnr. Frans Erasmus van UP sit daar verskeie organisasies agter die veldtog om diensplig te beëindig. "Hulle werk op ons kampusse, en gebruik subtiele metodes soos popfeeste," het hy gesê.

In twee gespreksmosies het die ASB hom uitgespreek teen die idee van 'n wit tuisland, en is versoek dat instromingsbeheer binne een jaar afgeskaf word.

Die eerste gespreksmosie, wat deur mnre. Barnard Beukman en Phillip Verster van die US voorgestel is, het gelui "dat die ASB die idee van 'n afsonderlike staat vir blankes in Suid-Afrika verwerp".

Daar is ook in die mosie 'n beroep gedoen op Suid-Afrikaners om hulle te distansieër van instansies wat 'n afsonderlike staat vir blankes wil skep.

Naas die politieke mosies het dié studente-organisasie ook mosies oor studente-aangeleenthede bespreek.

Strenger voorwaardes vir deelname aan intervarsities is vasgestel na die aanvaarding van 'n mosie wat deur mnr. Willie Kruger van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) voorgestel is.

Studente wat in twee agtereenvolgende eksamens minder as 50% van hul kursus geslaag het, sal voortaan nie meer aan intervarsities mag deelneem nie, het die ASB eenparig besluit.

Die oriëntering van eerstejaar-studente op 'n manier wat nie die doel van oriëntering dien nie, is ook deur die ASB gekritiseer.



MNR. Marthinus van Schalkwyk, wat vir 'n tweede termyn tot president van die Afrikaanse Studentebond (ASB) verkies is.

**KONGRESSE van twee nasionale studente-organisasies is gedurende die Julie-vakansie gehou.**

**Die Afrikaanse Studentebond (ASB) het sy 37ste jaarlikse kongres op Stellenbosch gehou. Politieke leiers soos pres. P. W. Botha en hoofminister Buthelezi het voor die sowat 600 kongresgangers opgetree.**

**In Johannesburg het die National Union of South African Students (Nusas) hul kongres gehou. Dr. Beyers Naudé het as hoofspreker opgetree.**

CHRIS BARNARD doen verslag

# Apartheid nie Afrikaner se skepping – Botha

PRESIDENT P.W. Botha het tydens die amptelike opening van die ASB se nasionale kongres hom uitgespreek teen diegene wat die Afrikaner daarvan beskuldig dat hý Apartheid geskep het.

Hy het gereageer op die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se verslag oor tussengroepverhoudinge.

In dié verslag word regeringsbeleid volgens pres. Botha die skuld gegee vir die verhoudingsvraagstukke in Suid-Afrika.

Dr. Van Zyl Slabbert, die leier van die Opposisie, se stelling dat die RGN-verslag bewys dat die regering die land vir 'n tragedie voorberei is ver van die waarheid verwyder, het die Staatspresident gesê.

Volgens mnr. Botha het die Nasionale Party wel na 1948 'n etiket – Apartheid – aan die "benadering dat groepe die basis van ons politieke strukture behoort te vorm" gegee.

Die Staatspresident het gesê historiese ondersoeke het getoon dat dié benadering "ouer is as die Staat van Suid-Afrika self."

Die tyd het aangebreek dat dié mite (dat die Afrikaner Apartheid geskep het) die nek ingeslaan word, het pres. Botha gesê.

"Ek is moeg daarvoor om te hoor hoe skuldig die Afrikaner is," het hy gesê.



Pres. P.W. Botha

Die Staatspresident het gesê die Afrikaner hoef nie verskoning te vra "dat ons in ons vaderland bestaan nie."

Pres. Botha het ook gesê dat 'n eenheidstaat gegrond op een-mens-een-stem rampspoedige gevolge vir Suid-Afrika sal hê.

Volgens die Staatspresident is Suid-Afrika 'n land van minderhede. Hy het gesê dat daar nie slegs blanke-, bruin- of Indiërminderhede is nie, maar dat daar ook minderheidsgroepe in Suid-Afrika se swart bevolking is.

Daarom is tussengroepverhoudinge die grootste uitdaging wat op Suid-Afrika wag, het pres. Botha gesê.

# Inkatha wil met ASB praat

DIE Afrikanerjeug kan grootliks die politieke toekoms van Suid-Afrika bepaal, het die Hoofminister van kwaZulu, Kaptein Mangosuthu G. Buthelezi, tydens die nasionale kongres van die Afrikaanse Studentebond (ASB) gesê.

Kapt. Buthelezi, wat ook die leier is van die Inkathabeweging met 750 000 lede, het 'n toespraak gehou oor *Die Toekoms van die Afrikanerjeug*.

Die Hoofminister het gesê dat hoewel die ASB deel vorm van die politieke tradisie van Apartheid – wat politieke regte aan swartes weier – dit belangrik is om met dié organisasie in gesprek te tree.

Volgens Kapt. Buthelezi kan die ASB vanweë sy verbintenis met die wit establishment 'n belangrike rol in politieke verandering speel.

Hy het in sy toespraak voor sowat 600 kongresgangers gesê Suid-Afrika se politieke toekoms sal afhang of wit en swart vreedsaam kan saamleef.

Vreedsame naasbestaan tussen die twee groepe sal slegs moontlik wees indien daar magsdeling tussen wit en swart plaasvind, het Kapt. Buthelezi gesê.

Tot op hede was die Nasionale Party nie bereid om magsdeling toe te pas nie, het kapt. Buthelezi gesê. Volgens hom is dit vir geeneen in Suid-Afrika duidelik of die NP bereid is om oor magsdeling te onderhandel nie.

Kapt. Buthelezi het gesê die NP is slegs bereid om binne 'n konfederale staatsvorm mag tussen die sogenaamde tuislande te onderverdeel.

Swartes het dus geen inspraak in die verdeling van rykdom en die opstel van die begroting nie, het hy gesê.

Kapt. Buthelezi het daarop gewys dat Inkatha reeds kompromieë aangegaan het ten einde oor magsdeling te kan onderhandel. Dit is daarom noodsaaklik dat die Staatspresident 'n verklaring van voorneme daarstel, sodat hy sy verbintenis tot 'n toekoms met magsdeling bevestig, het die Hoofminister gesê.

Volgens Kapt. Buthelezi is dit juis die afwesigheid van 'n verklaring van voorneme wat tot gevolg het dat hy nie deelneem aan die Staatspresident se Spesiale Kabinetskomitee oor die grondwetlike toekoms van swartes nie.

Dit is vir hom onmoontlik om met die Staatspresident te onderhandel sonder dat pres. Botha homself deur 'n verklaring van voorneme verbind tot magsdeling, het Kapt. Buthelezi gesê.

Die Hoofminister van kwaZulu het ook sy weergawe van 'n verklaring van voorneme aan die ASB voorgehou.

Hierin word dit onder meer gestel dat daar 'n alternatief gevind moet word vir die politieke stelsel van Apartheid. Kapt. Buthelezi se verklaring beskou universele stemreg binne grondwetlike terme as aanvaarbaar vir alle mense in Suid-Afrika.

Kapt. Buthelezi het die ASB versoek om die waarde van die dokument te bespreek, omdat dit volgens hom in die belang van Suid-Afrika sal wees.

# Nusas wants to unite all opposed to Apartheid

JOHANNESBURG. — A change in the strategy of the National Union of South African Students (Nusas) was formulated at its July Festival.

According to well informed sources the student organisation will try to unite everyone who is opposed to Apartheid — regardless of their different ideologies and political beliefs.

This change in strategy was formulated during the last two days of the festival, when the delegates discussed the future of Nusas in small workgroups.



Dr Beyers Naudé

The festival — with the theme "From Apartheid to Democracy — the search for Peace" was dedicated to the Eastern Cape community leader Matthew Goniwe.

Mr Goniwe was found dead the day the festival opened.

The delegates held a placard demonstration the day mr Goniwe was due to speak. About 200 people lined Jan Smuts Avenue with placards accusing the police of mr Goniwe's death.

Security Police drove by in unmarked vehicles and took photographs of the demonstrators, delegates said.

Dr Beyers Naudé, the honorary Nusas president and secretary-general of the South African Council of Churches spoke in Matthew Goniwe's place. He paid tribute to his role in the struggle of the people of the Eastern Cape.

Mr Enoch Godongwana, a trade union leader from the East Rand, described how the townships had been invaded by the army and police.

He said the people were able to continue organising and resisting the attacks of the government.

The development and growth of the United Democratic Front (UDF) was described by the UDF's national chairperson, mr Churnick Ndlovu.

He stressed the importance of unity in the face of attempts by the state to destroy the UDF.

According to the media officer of Nusas, mr Max Ozinsky, the festival strenghtened Nusas and gave the delegates a better understanding of South Africa.

# Slabbert beklemtoon die nodigheid van oop gesprek

DR. VAN ZYL SLABBERT, die leier van die amptelike opposisie, het die belangrikheid van onderhandeling met alle politieke groepe in Suid-Afrika tydens sy toespraak voor die ASB beklemtoon.

Hy het gesê die regering se toekomsbeleid — waarin 'n onafhanklike swart staatsbestel deur die tuislande tot stand gebring moes word — nie meer geloofwaardigheid het nie.

Slegs deur onderhandelinge met alle groepe in die land, kan 'n nuwe toekomsbeeld — vry van rasse-diskriminasie — daargestel word, het die leier van die PFP gesê.

"Dit is 'n futiele speletjie om te argumenteer of daar met Nelson Mandela en die ANC onderhandel moet word," het dr. Slabbert gesê.

Volgens hom moet die leier van die ANC, Nelson Mandela, onvoorwaardelik vrygelaat word sodat die verantwoordelikhede van onderhandelingspolitiek ook op die ANC geplaas kan word.

Voordat onderhandelingspolitiek kan plaasvind, is 'n verklaring van voorneme onmisbaar, het dr. Slabbert gesê.

Só 'n verklaring van voorneme moet volgens dr. Slabbert nie net regverdiging vir deelname aan onderhandelingspolitiek bied nie, maar dit moet ook gemeenskaplike vertrekpunte en goedertrou bevat.

Gemeenskaplike politieke deelname sonder diskriminasie, asook een grondwet en uniforme burgerskap vir Suid-Afrika moet in 'n verklaring van voorneme vervat word, het dr. Slabbert gesê.

Hy het ook gesê daar moet ook waarborge aan die minderhede in Suid-Afrika gegee word, indien 'n toekomsbeeld sonder dominasie nagestreef word.

'n Toekomsbeeld van swart dominasie is net so onaanvaarbaar as die amptelike toekomsbeleid, omdat dit 'n oorvereenvoudiging van die komplekse Suid-Afrikaanse situasie is, het dr. Slabbert gesê.

Daarom is dit volgens dr. Slabbert verkieslik dat 'n toekomsbeeld van Suid-Afrika 'n verklaring van voorneme, onderhandelinge met alle groepe en minderheidswaarborge, sal insluit.

Dr. Slabbert het gesê dat die kernvraag vir 'n nuwe toekomsbeeld is "hoe daar wegbeweeg kan word van een vorm van rasse-diskriminasie sonder om dit met 'n ander te vervang of dat die oorgang in anargie en chaos verval."

# Mulder bepleit skeiding

DR. CONNIE MULDER, die gewese minister van Plurale Betrekkinge, wat nou lid van die Konserwatiewe Party is, het by die afsluitingsdinee van die ASB 'n beleid van skeiding as die oplossing vir Suid-Afrika se politieke probleme voorgestel.

Dr. Mulder het gesê die realiteite van Suid-Afrika moet in ag geneem word by die soek van oplossings vir die land se politieke probleme — daarom beskou hy rasse-skeiding as die enigste werkbare politieke alternatief.

Dr. Mulder het gesê dat volke in afsonderlike vaderlande mekaar nie sal oorheers nie. Volgens hom sal volke ook in dié vaderlande volwaardige menseregte geniet.



Musicians in mock dress entertain the crowd

# ECC Peace Festival sounds pacifist note

**Kobie Swart**

JOHANNESBURG. — The End Conscription Campaign's "Stop the Call Up" Peace Festival which was held during the last weekend of June attracted over 2 000 people — including visitors from abroad.

According to the ECC's national organizer, Mr. Laurie Nathan, the Festival was aimed at strenghthening the movement to end conscription.

The ECC has been in existence for 18 months. It acts as a broad front for its 50 affilliate organisations.

Members of the ECC include people who would describe themselves as pacifists, humanists and Christians, Mr Nathan said.

### PFP

The Youth Wing of the Progressive Federal Party (PFP) was also represented at the Peace Festival. They issued a public statement supporting the campaign to end conscription.

"While some in the ECC may have their differences with us, we are united on the call to end conscription," a PFP Youth representative said.

Mr Nathan said that although many of the ECC affiliates have black membership, the ECC works mainly in the white community as "they are the ones facing conscription at the moment".

"In the ECC the youth are taken seriously precisely because they are the ones on the line, who are called up to go to the townships," the ECC's national organizer said.

At the Festival, a panel discussion on conscription was also held.

Five conscientious objectors — Dr Ivan Toms, Richard Steele, David Pipers, David Schmidt and Pete Hathorn — told the audience at the Festival of their experiences concerning refusal to do military service.

The five had either religious or political objections to serving in the South African Defence Force (SADF).

Pete Hathorn said he was committed to the Freedom Charter and that serving in the Army would make a mockery of his beliefs. Hathorn served years of imprisonment.

Other speakers at the Festival included Bishop Desmond Tutu, Anglican Bishop of Johannesburg, Dr Beyers Naudé, general-secretary, of the South African Council of Churches, and the novelist Nadine Gordimer.

Three speakers who were scheduled to speak at the Festival were prevented from attending it.

Cardinal Paulo Arns' visa was withdrawn at the last moment, while Janet Cherry, the ECC's Eastern Cape leader, was detained the day before the Festival.

### Goniwe

The third person scheduled to speak was the late Matthew Goniwe. He disappeared during the week of the Festival.

The body of Goniwe — a prominent UDF leader in the Eastern Cape — was later found near his burnt-out car.

The ECC suffered considerable harassment before the Festival, Mr Nathan said.

According to him their publications were banned, and they were raided by the Security Police.

# Petisie vra vir oop US

HERNIEUDE pogings word tans aangewend om die Universiteit van Stellenbosch vir anderskleuriges oopgestel te kry.

Petisievorms, waarin aansoek gedoen word om 'n referendum aangaande die "akademiese en sosiale oopstelling" van die Universiteit is verlede week op die kampus versprei.

In die petisie word gesê dat lede van die Studenteunie "hulle kommer uitspreek oor die politieke krisisse wat Suid-Afrika in die gesig staar. Volgens die opstellers is dit die plig van die Studente-unie "om na die beste van sy vermoë pogings aan te wend om versoening tussen die mense van Suid-Afrika te bewerkstellig."

Mnre. Gerhard Smit en Hubertus von Petersdorff is op die petisievorm genoem as die inisieerders van die aansoek.

Volgens mnr. Smit het hy eie inisiatief geneem om die petisie op te stel. Ingevolge die grondwet van die SR moet 'n private persoon duisend handtekeninge monster om 'n referendum te laat plaasvind. Die SR kan ook uit sy eie 'n mosie vir 'n referendum aanvaar.

Mnr. Smit het gesê "dat die SR genader is oor die referendum" en dat "die formele stappe goedgekeur is deur die SR."

Petisievorms is onder andere by die Langenhoven-Studentesentrum, die Tygerberg-kampus, fakulteite soos Lettere en Wysbegeerte en Regsgeleerdheid, en by sommige koshuise versprei. Toestemming van HK-lede is 'n vereiste vir verspreiding in koshuise.

Mnr. Smit, 'n vierdejaar-ingenieurstudent, het gesê die doel van die referendum is "'n houdingsverandering onder die Afrikaner-jeug om debat oor aktuele sake te bevorder." Volgens hom gaan die referendum 'n "standpuntinname oor die regte van ander groepe in Suid-Afrika" wees.

"Wat ookal die uitslag, die referendum gaan aan waarnemers in en om Stellenbosch presies toon wat die Stellenbosse student se houding jeens ander groepe in Suid-Afrika is," het hy gesê.

Indien studente ten gunste van oopstelling sou stem, sou dit volgens mnr. Smit 'n "duidelike teken wees dat die grondbeginsels van apartheid bevraagteken word."

Die besondere wyse waarop studente gaan stem, die vrae wat in die referendum gestel gaan word, asook die datum waarop dit gaan plaasvind, "sal in oorleg met die SR bepaal word," het hy gesê.

Stellenbosch Meubel Maatskappy (Edms) Bpk.
Furniture Co. (Pty) Ltd.

DIE VOLLEDIGE HUISMEUBILEERDERS
THE COMPLETE HOME FURNISHERS

H/v Kerk en Andringa Str.
C/r Church and Andringa St.
☎ 73004 / 73005 / 73006

CONTACT:
BRIAN ABRAHAMS — SOUND SHOP

STOCKIST OF:
PIONEER
TECHNICS
MARANTZ
REGA
DUAL
LINN
SONDEK

SPEAKERS:
KEFF
BOSTON
B & W
DALI
CERWIN
VEGA
A & R

ALSO AVAILABLE
LAST PRODUCTS AND 700 PLUS CABLE

NAD 3020 Integrated Amplifier



The world's most highly praised integrated amplifier with sound quality and circuitry that rivals more expensive "audiophile" components. For example, the preamp section alone has been compared to separate preamplifiers costing more than $1 000. Features include preamp outputs and NAD's exclusive Soft Clipping". For the music lover who wants "all the music" without unnecessary complications. A classic, at an affordable price. 20 watts per channel at 0.02% THD into 8 ohms, + 3 dB dynamic headroom, stable into 2 ohm speaker loads, phono signal to noise ratio 75 dB. x Pickup MC or MM inputs.

R395

NAD 6050C Stereo Cassette Deck Dolby C



Dolby C, first introduced by NAD is now the accepted standard for suppression of tape hiss. The 6050C features, touch type controls, also Dolby B, Bias adjustment, peak reading Led metres and many other features that belie the modest price. Wow and flutter .06% J15/RMS. Frequency response ± 3 dB 30-17 KHz. Separation 40 dB.

R535

NAD 4020 AM/FM Tuner



The NAD 4020 is a rationally-engineered, moderately-priced AM/FM tuner, whose performance in most locations and with most broadcasts is audibly identical to that of many more expensive and elaborate tuners.

The 4020's quality of sound is limited only by the quality of the transmitted broadcast.

30 dB quieting. Signal/Noise,Ratio.

R395

Also listen to AR BX range of speakers

R535

SYSTEM TYPE Bookshelf acoustic syspension 2-way system with drive units in a vertical array.
DRIVE UNITS 150 mm long throw woofer. 25 mm liquid cooled dome tweeter.
VOLTAGE SENSITIVITY 2.83 volts produces 87 dB SPL at 1 metre on axis.
* POWER HANDLING ABILITY Up to 75 watts per channel.
FREQUENCY RESPONSE 3dB (half power) points at 62 Hz and at 22,000 Hz.
IMPEDANCE 8 ohms nominal (5.8 ohms minimum).
CROSSOVER FREQUENCY 3500 Hz. CABINET VOLUME 9,86 litres.
DIMENSIONS 406 mm x 257 mm x 176 mm deep (Inc. grill).
CABINET FINISH Walnut grain vinyl veneer. WEIGHT 6,6 kg



FULL 5 YEAR WARRANTY

AR19B



HI-FI CHOICE says:

"Where the Rotel system stands out through is in its ability to play records properly.

The sound with this turntable is almost unrecognisably more solid and stable in feel than most of its rack system peers."

"No excuses need be made for this system. Quite clearly, its performance is something special, due in the main to an excellent turntable, amplifier and loudspeakers."

820 system consists of:
RA820 Integrade Amplifier . R337
RT820 Tuner ........ R306
RD830 Cassette Deck ........ R349
RP830 Belt Drive Turntable ........ R398
MORDAUNT SHORT MS 10 SPEAKERS ........ R378

820 System
Hi-Fi Component System

NAD 5120 Belt Driven Turntable

The 5120's purity of design and technical innovation promise many years of musical pleasure.

This remarkable NAD product was developed in collaboration with an international team of design engineers. The 5120 was first brought to us by an inventor from Prague. His ingenious concept was a turntable constructed from a minimum of essential components, and with a revolutionary flexible tonearm made from a printed circuit board.

Under the supervision of NAD's Research Director, an American engineering company generated a computer simulation of a perfect tonearm with optimum performance characteristics. This mathematical model was incorporated into the NAD 5120, resulting in a turntable that challenges some of the finest models in the market at a fraction of the cost.

The simple yet elegant design of the 5120 was created by one of the world's leading industrial designers. NAD's technology, combined with aesthetics and human engineering has produced a turntable with superb performance, beauty and value.
We hope you will enjoy it.



R395

# VARSITY INTERVARSITY INTER

## Charlene was groot dag se mooiste

Liebe Verster

DIE toneel is Vrydagaand, 26 Julie by die Oude Libertas restaurant. 'n Sagte gemurmel van stemme word in die agtergrond gehoor, met so nou en dan 'n spontane gelag. Wynglasies klingel en die geur van kaas en beskuitjies hang in die lug. Intervarsity is weer op hande en die geleentheid is die kroning van 1985 se Mej. Sjampanjenooi.

Tien baie belowende meisies is op Maandag, 13 Mei, aangewys as die beste aanspraakmakers op hierdie gesogte titel. Hulle was Lenca de Kock, Beatie Nigrini, Charlene Lombard, San-Marie Latsky, Dalena van Reenen, Desiré Viviers, Anneke Steyn, Huibrecht Binedell, Mathilda Kitching en Riani Swanepoel.

Hierdie dames is op 'n bootreis in die Kaapse hawe geneem. Hulle het ook vanjaar vir die eerste keer by die "sing-songs" opgetree, waar hulle pryse wat deur die borge geskenk is, uitgedeel het.

Uit hierdie tien moes 'n wenner kom en die beoordelaars het voorwaar 'n reuse taak gehad. Hulle was vier lede van die Intervarsity komitee, Mej. Matieland, Carla de Miranda, Jacques Roux van Tassenberg, Dave Basson van John Rolfe, Onell Kleyn en Wilna de Beer van 5th Avenue Cold Duck en Willie Coetzee van Barclays Bank.

Me. Charlene Lombard het uiteindelik as die wenner uit die stryd getree en sy kon Saterdag tydens Intervarsity die septer op Coetzenburg swaai.

Charlene is oorspronklik van Somerset-Oos en is 'n B. Admin.-student in haar eerste jaar. Sy is tans 'n trotse inwoner van die dameskoshuis Nemesia.



Charlene Lombard, die pasgekroonde sjampanjenooi, klink hier 'n glasie 5th Avenue Cold Duck saam met Hennie "Bek" Stander, die SR-lid vir Intervarsity. Die kroningsgeleentheid het by die Oude Libertas plaasgevind.

## Sing Songs raak toe later kwate

Marie Brody

"AS die Maties en die Ikeys bymekaar kom" — Intervarsity, Intervarsity. So weergalm en lawaai dit die afgelope twee weke op kampus.

Al wat leef en beef sak saans om nege-uur af Neelsie toe en dit vir 'n gekleurde COLD DUCK-plakkertjie ... net 'n plakkertjie? Nee, daar word gesing, gedans en al wat 'n Matie is, het in die vrolikheid gedeel.

Met die begin van die "sing-songs" was 'n towenaar die gaskunstenaar. Geesdrif het ontbreek en slegs die sjarmante glimlag van 'n sjampanjenooi kon 'n beroering onder die manne veroorsaak. Hoe later hoe kwater word altyd gesê en so ook met die "sing-so[...] byeenkomste. Dit was 'n [...] sing, gelag, treintjies is [...] maak, daar is opgeskop [...] die maat van musiek en [...] het vrolik gegaan.

Nadat elke aspirant-[...] gent die geleentheid ge[...] het om sy slag te wys, is [...] vyf dirigente gekies: [...] vir die derde en vierde, [...] vir die eerste en tweede [...] Fasie Loubser as hoof[...] gent, 'n BA-student in [...] gaamsopvoeding.

Jeremy Taylor het as [...] kunstenaar opgetree en [...] studente met 'n paar [...] liedjies vermaak. Woe[...] dagaand was die laas[...] "sing-song" byeenkoms [...] dit is met 'n sok[...] afgesluit.

## UCT fever reaches extravagant pitch

IN a week of social extravagance, the Intervarsity fever must reach a pitch at the Big Brag. At the Ikey occasion sentiments were mixed as a massive contingent of Maties took over the peanut gallery stands in the Jameson Hall and the bar seats in the Pig 'n Whistle pub. Every year some peculiar exchange of spirits (corporeal and incorporeal) produces an intense rivalry; hopefully healthy in nature.

The Ikeys achieved an enviable sense of unity and coordination, evident in the mass body movements and impressive cheering. Some of the cheerleaders swayed the forest of limbs with a flick of the head, while others resorted to exultant buffoonery. The resultant thuds of a 100 kg prop forward coming down on a resonant stage at full tilt barely provided a foil for the thunderous response. The ice cream vendor, who usually treats the sweating rugby players on the fields below Smuts hall, was given a chance to extoll the qualities of his heroes. A veteran cheerleader from the very distant victorious past of the Ikeys elicited some of the most energetic cheers/jeers.

The four teams of glorious hunks lined the stage very conscious of their incandescent virility, dressed immaculately in dark blazers, white longs and suave scarves.

The tension was maintained for a full two hours by the clever use of ornythmic periods between the introductions of the teams and vigorous playing by the competent band.

The semi-primal atmosphere led to some ritual physical tiffs between opposing supporters. The humid and odour laden air created a hothouse environment for emotional outbreaks but nothing serious happened.

However, one Ikey dressed in an Intervarsity committee sweater behaved very mysteriously. Any person obviously resembling a Matie was prevented from entering the Hall, because some Maties had alledgedly caused a thousand rands worth of damage to the Pig 'n Whistle pub on the Tuesday evening. Apparently the Ikeys were held financially liable. The real reason for the order probably lay in trying to prevent the overcrowded conditions from becoming unbearable. According to one source at UCT, some microphones had allegedly been pulled over at the Pig 'n Whistle.

## Ikeys turn the tables at down-downs

AT the *down-downs* at the *Pig 'n Whistle* on Tuesday the Maties were once again hopelessly adrift on the sea of beer, which the Ikeys seem to negotiate so well. Matie support was pleasingly loud but was drowned by the well orchestrated waves of Ikey "cheers."

The Maties were up against well seasoned and pickled sides. Of the two female and four male teams, only the mens' fourth team took line honours. It is ironic that the Ikeys have been invincible at *downing* for as long as we have trounced them at rugby. A reverse in fortés may be good for a change in spirits on the respective campusses.

Next year the home [...] nue will, hopefully, lead to [...] favourable "tide" which [...] be "taken at the flood" [...] some hearty and thir[...] Maties.

According to the Inter[...] varsity chairman, Ant[...] Greenstein, one thous[...] rands worth of damage w[...] done to the Pig 'n Whis[...] The UCT Intervarsity co[...] mittee will not, contrary [...] rumours, be responsible [...] the costs. The Pig's insura[...] ce will take care of the da[...] mages. Mr. Hennie Stander [...] Matie Intervarsity cha[...] man, said that the Ma[...] buses left at 24h00, app[...] rently before most of the [...] damage was done. Obvious[...] ly some students were invol[...] ved; but members of the ar[...] med forces might also ha[...] been present.

The incident found [...] echo at the UCT Big Bra[...] the following evening, whe[...] a member of the UCT Inter[...] varsity committee kept Ma[...] tic supporters from entering [...] while explaining that he [...] thought that Maties were [...] responsible for the previous [...] evening's carnage. He wa[...] obviously misinformed, [...] the real reason for the bar[...] ring was a lack of space [...] Jameson Hall and a desire [...] on the part of the Ikey com[...] mittee to preserve the Ike[...] flavour of the gathering [...] Mr. Stander was informed [...] of their decision, but wa[...] unable to communicate th[...] to the Matie contingent [...] which went through to Cape [...] Town. According to Mr [...] Greenstein precautions were [...] justified, as some of the Ma[...] ties exhibited poor beha[...] viour and managed to dis[...] turb proceedings and brea[...] a door at the back of the [...] Jameson Hall. The official [...] representatives of the Ma[...] ties, the Intervarsity com[...] mittee, were guests of ho[...] nour at the UCT Big Brag. [...] Both chairmen declared [...] their intent to recommend [...] preventative actions in their [...] reports, as both believe that [...] a small minority of students [...] manage to harm the very [...] vulnerable spirit of goodwill [...] between universities. Mr [...] Greenstein said that low [...] prominence was given on [...] campus to the incident at [...] the Pig. He also stressed [...] that the degree of co-opera[...] tion between committees [...] was very pleasing and that [...] he had enjoyed his associa[...] tion with mr. Stander in par[...] ticular. He was sorry that [...] the memory of a good eve[...] ning was spoilt by an unne[...] cessary incident.




Volkskas

het 'n Maak-'n-plan-diens vir elkeen van jou studentedae.

Losloopdae. Vasbranddae. Deurdrukdae. Dis studentedae. Maar studentedae beteken ook verantwoordelikheid teenoor jou studie en jouself, veral wat geldsake betref. En wanneer mens finansiële raad en hulp nodig het, is dit goed om te weet jy't 'n bankgenoot wat verstaan. Met 'n Maak-'n-plan-skema wat alles insluit wat jy nodig het. Studentelenings vir daardie dankie-tog-nou-kan-ek-klaar-swot-dae. 'n Transmissierekening vir daardie ek-wil-graag-rente-en-'n-aftrekorder-hê-dae. Telegrafiese geldoorplasings vir daardie geldposisie-kritiek-stuur-asseblief-dringend-kontant-julle-seun-dae. 'n Uniplan-Kitsspaarrekening vir daardie toe-maar-ons-kan-tot-negeuur-by-my-Kitsbank-gaan-geld-trek-dae. En nog baie meer in ons Maak-'n-plan-skema vir al jou studentedae. As jou geldsake hersiening nodig het, kom Maak-'n-plan by Volkskas. Die bestuurder van jou naaste tak sal jou graag help. Deur dik en dun.

Volkskas Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.

de Villiers en Kie. 78855




Gesigte soos hierdie sal in die toekoms nie meer op Stellenbosch gesien word nie. Teen studente wat nie-blanke jeugdiges na die kampus lok om hulle motors te was, sal streng opgetree word deur Kampusbeheer.

# Motorwassertjies op kampus verbied

NIE-BLANKE jeugdiges word verbied om studente se motors op die kampus te was en daar sal "uiters streng teen studente opgetree word wat die jeugdiges na die kampus lok."

### Diefstalle

Dit is die waarskuwing wat mnr. Pierre de Bruyn, hoof van Kampusbeheer, in 'n memo rig wat aan al die primarii en inwonende hoofde gestuur is.

Jeugdiges wat op die kampus betrap word, sal na die polisie geneem word, het mnr. De Bruyn by navraag gesê. Studente wat jeugdiges na die kampus lok, sal aan die Vise-rektor gerapporteer word.

Volgens mnr. De Bruyn is die rede vir die nuwe maatreëls die toename in nie-blanke jeugdiges op die kampus. Dit gaan gepaard met 'n "merkwaardige toename in diefstalle. Alhoewel hulle nie gevang is nie, is hulle betrap terwyl hulle probeer het om fietse te steel."

In die memo sê mnr. De Bruyn ook dat die besoek van buitestaanders aan nie-blanke kombuispersoneel verbied word. Indien buitestaanders wel besoek moet aflê, moet sulke besoekers aan Kampusbeheer gerapporteer word.

Dit is om die "toeloop van nie-blankes" na inwonende personeel te verhoed. "Hulle begin dan om partytjies te hou, wat teen die reëls van die Universiteit is," het mnr. De Bruyn gesê.

### Korrek

Indien nie-blanke personeel versuim om te rapporteer "sal 'n saak van betreding" teen so 'n persoon gemaak word. 'n Boete van sowat honderd rand kan teen sulke persone opgelê word, het mnr. De Bruyn gesê.

Kol. A. W. Bester, hoof van Risikobestuur, sê die idee is nie om 'n totale verbod op besoekers te plaas nie. "Dit moet eerder as 'n beheermaatreël gesien word om konflik te vermy."

Kol. Bester, onder wie se jurisdiksie Kampusbeheer val, het gesê dat die stappe wat geneem is, korrek was. Risikobestuur is "oordonder deur studente wat kla oor jeugdiges wat by koshuise peuter."

Daar is volgens kol. Bester ook vasgestel dat sommige persone op die kampus rondbeweeg "om sake uit te kyk." Dié persone kom dan na-ure terug om diefstal te pleeg. As gevolg van die geskiedenis van diefstalle deur nie-blanke jeugdiges, is die verbod net op hulle van toepassing, het kol. Bester gesê.

Hy het ook voorgestel dat 'n sentrale perseel op die kampus gereël kan word vir die was van motors "as daar 'n behoefte sou ontstaan."

Die primarii van die manskoshuise, met wie *Die Matie* gepraat het, is dit eens dat daar wel 'n behoefte aan motorwassers is. Mnr. Jaco Sieberhagen, primarius van Majuba, het gesê hy is jammer "vir die mense wat nou hulle sakgeld ontneem word." Klinies gesien is daar egter 'n sekuriteitsprobleem. Hy het ter verduideliking genoem dat daar in Majuba al geld gesteel is deur 'n persoon wat gesê het dat hy motors was.

Eendrag se primarius, mnr. André Duvenage, het gesê dat hy geen ervaring van diefstal in die koshuis het nie. Hy het ook sy spyt uitgespreek oor die verbod en gesê dat dit 'n "onregverdige suspisie" op die seuns werp.

### Betreur

Prof. Sampie Terreblanche het gesê dat dit met die inligting tot sy beskikking lyk of die verbod op die seuns betreur moet word. Hy het ook die hoop uitgespreek dat die geleentheid om op 'n eerlike wyse sakgeld te verdien nie permanent van die bruin kinders ontneem sal word nie.

Kol. Bester het na aanleiding van die kritiek op die memo gesê dat dit net 'n direktief aan interne personeel was. Dit was dus nie nodig om sensitiwiteit in ag te neem nie. Risikobestuur is volgens kol. Bester ten volle bewus van die sensitiewe aard van die aangeleentheid en sal dit ook versigtig hanteer.

# *Stamlojaliteite is nog sterk*

VOORVADERGEESTE het steeds 'n geweldige invloed in die lewe van selfs gegradueerde swartes, het mnre. Fanno Sibisi en Musi Kunene, albei Zoeloes verbonde aan 'n sendingstasie in Zoeloeland, verlede week tydens 'n besoek aan Wilgenhof gesê.

Volgens hulle lê die oplossing vir Suid-Afrika se probleme in Christenskap en word groot vordering met die verkondiging van die Christelike boodskap onder Zoeloes gemaak.

### Vrees

Volgens mnr. Sibisi glo die meerderheid swart Christene egter nog in die bestaan van voorvadergeeste. Hy skryf dit toe aan die feit dat hulle gebore is in gesinne waar voorvadergeeste gedien is en vrees wat kan gebeur indien hulle die geeste sou verontagsaam.

Hulle het gesê dit gebeur dikwels dat selfs ryk mense geruïneer word as gevolg van die voortdurende eise van die geeste, wat onder andere deur toordokters "praat". Die slag van bokke en die brou van tradisionele bier speel 'n groot rol in eerbewyse aan die voorvadergeeste.

### Trots

Volgens mnr. Kunene, 'n voormalige politieke aktivis wat in Soweto grootgeword het, is stamlojaliteite onder swartes selfs in Soweto nog baie sterker as wat algemeen aanvaar word. "'n Zoeloe sien neer op 'n Sotho. Hulle kan nie saamwerk nie. 'n Zoeloe is in elk geval te trots om onder 'n Sotho te werk," het hy gesê.

"Selfs die Zoeloes is nie verenig nie," het mnr. Sibisi bygevoeg en verskeie voorbeelde genoem waar stamgevegte oor onbenulIighede tussen verskillende hoofmanne uitgebreek het.

### Moeilik

Hulle het ook gewaarsku dat swart leiers se aansprake oor die getalle van hulle volgelinge nie sondermeer geglo kan word nie. "Mense word dikwels geïntimideer om hulle by sekere organisasies aan te sluit. Dit is vir 'n enkeling baie moeilik om in sekere situasies teen 'n stroom in te gaan. Julle kan maar aanvaar dat daar onder hulle 'volgelinge' baie vredeliewende mense is wat nie met hulle saamstem nie," aldus mnr. Sibisi.

### Hoop

Hulle het ook die rol van buitelanders in politieke oproer beklemtoon. "As dit nie vir buitelanders was nie, sou my mense nie so gewees het nie en nie die blankes so gehaat het nie. Julle wit broers in die buiteland is vir julle 'n groter bedreiging as my mense," het mnr. Sibisi gesê. "Die meeste swartes streef na vrede en is ten gunste van samewerking met die blankes, maar word uit die buiteland opgestook," het mnr. Sibisi gesê.

Hulle is dit eens dat daar wel hoop is vir Suid-Afrika. Volgens hulle lê die oplossing in Christenskap en gebed. "As dit nie vir die Christene was nie, sou dinge veel erger gewees het," het mnr. Kunene bygevoeg.



Prof. Johan Combrink (links) en mnr Louis Heyneman (regs), afgeneem tydens die ASK-seminaar. Volgens prof. Combrink is daar vir vooruitstrewende studente heelwat werk in die staatsdiens, weermag sowel as in die private sektor.

# Volop loopbane vir taalkundiges

TAALAANVOELING is meer belangrik as enige taalgraad. 'n Goeie joernalis moet 'n oor vir oorspronklikheid hê en goeie standaard-Afrikaans kan praat.

Dit is die mening van prof. H.J. Grosskopf, hoof van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit. Professor Grosskopf was een van die sprekers op die Afrikaanse Studiekring se onlangse seminaar met die titel "Die werksmoontlikhede met Afrikaans en Nederlands."

Prof. Grosskopf het na eenvoud verwys as die "opperste deug" van 'n koerantman. "Die gewone mens moet hom kan verstaan," het hy gesê.

Dit is die verslaggewer se werk om inligting te versamel en hy moet hom weerhou van die gebruik van deftige taal. Hoe goed hy daarin slaag, sal uiteindelik bepaal of sy koerant gaan verkoop of nie.

"Daar sal altyd werk wees vir goeie joernaliste," het hy gesê. Die ekonomiese insinking het die joernalistiek egter nadelig beïnvloed.

Mnr. Johan Rademan van die SAUK het studente aanbeveel om by die "informele strukture" op die kampus betrokke te raak. Die ondervinding wat hy as student by Radio Matie opgedoen het, was van werklike betekenis vir sy beroep.

Volgens mnr. Rademan is daar 'n wye verskeidenheid werksgeleenthede wat die SAUK vir talentvolle mense bied. Hierdie werk sluit in vertalers vir TV-oorklanking, taaladviseurs en omroepwerk. Vir vroue kan die pos van produksie-assistent interessant wees.

Oor die beroep van omroeper het hy gesê dat geen graad 'n mens kan leer hoe om 'n goeie omroeper te wees nie. 'n Omroeper moet oor 'n wye algemene kennis beskik en goeie Afrikaans kan praat.

'n Volgende spreker, prof. Johan Combrink van die Departement Afrikaans en Nederlands, het gesê dat daar vir vooruitstrewende studente heelwat werk in die Staatsdiens, Weermag, asook in die private sektor wag. Beroepe sluit in taalpraktisyns, taalnavorsers en reklame-kopieskrywers.

Volgens mnr. Louis Heyneman, kunsresensent by Die Burger, is die belangrikste kenmerk van 'n joernalis dat hy met fyn genuanseerde taal sy gedagtes suiwer en helder moet kan weergee.

# Medics hou debat

"DIE afkondiging van die noodtoestand onder die huidige omstandighede in Suid-Afrika is wenslik." Dit was die onderwerp van die tweede halfeindrondte van die interklas-debatskompetisie van die Mediese Fakulteit.

Die Tweedejaar-span, Christo Smith en Brandt Louw, was die voorstellers van dié mosie. Hulle het gevoel dat orde in die samelewing nodig is en dat die regering net tot op 'n punt vir samewerking kon vra. Daarná was aksie nodig. Verder het hulle die kommunistiese "totale aanslag" vir die onrus in swart woonbuurte geblameer.

Die Derdejaars, Barbara Thompson en Fourie de Kock, se standpunt was dat die regering vreedsame protes teen rasse-diskriminasie onmoontlik gemaak het. Die enigste manier om die gevolglike gewelddadige protes te keer, sou wees om blanke oorheersing af te skaf en 'n demokratiese regeringsvorm in te stel.

Die Derdejaars het die debat wat met belangstelling deur sowel wit as bruin studente gevolg is, gewen.

# Groot pryse vir debatteerders

WILGENHOF, Pieke en Monica sal teen mekaar meeding in die eindrondte van die Jan Smuts-debatskompetisie wat op 22 Augustus plaasvind.

Universiteitsbeurse, asook 'n skild wat deur Sir De Villiers Graaff geskenk is, sal op die spel wees. Sir De Villiers sal waarskynlik self die skild aan die wenners oorhandig. Dit is ongewoon, aangesien hy selde in die openbaar verskyn.



"Kom sprak 'n sprook"

Die onderwerp in die halfeindrondtes wat verlede week plaasgevind het, was "Die Regering het 'n fout gemaak om 'n noodtoestand af te kondig."

Die debat tussen Wilgenhof en Dagbreek, waarin Wilgenhof die opponerende span was, het groot belangstelling gewek. Die vloerbespreking was ook besonder lewendig. Volgens mnr. Laurie Botha, die organiseerder, het die spanne so goed teen mekaar opgeweeg dat ekstra vrae deur die beoordelaars gevra word voordat 'n finale beslissing gevel kon word.

"Dit was 'n jammerte dat een span moes verloor," het hy gesê. "Die standaard was baie hoog."

In die ander halfeindrondtes het Pieke vir Serruria en Monica vir Majuba verslaan.

# Middagetes in LSS bly drankloos

WYN en bier sal steeds slegs saans met maaltye aan studente verkoop word.

Mnr. Francois Sieberhagen, SR-lid vir die Langenhoven-studentesentrum, het gesê dat die beheerkomitee gekant was teen 'n voorstel dat drankverkope ook met middagetes toegelaat word, aangesien die meeste studente middae klas het.

Mnr. Sieberhagen het ook kommentaar gelewer oor die voorgestelde omruiling tussen die warm-area en die kitsarea omdat mense se koffie dikwels koud is nog voordat hulle daarvoor betaal het, is aanvanklik beplan om die warm-area gedurende die Junie-vakansie só te verander dat slegs koffie daar verkoop sou word.

Vanweë probleme moes die werk tot die Desember-vakansie uitgestel word.

Die nuwe stelsel behoort nou voor die begin van die 1986-Akademiese jaar in werking te tree.




**Hoor u die Volle Waarheid oor SWA?**

Kry nou die wesenlike, kernfeite oor SWA op 'n klankkasset van 30 minute opgeneem vanaf 'n toespraak deur F.J. Strauss, skrywer van SWA vir die Wolwe?

Bestel teen R5.00 per kasset vanaf Eros Uitgewers, Posbus 21650, Windhoek 9000.

FRITS STEGMANN

# Films en musiek sy groot liefde

**'n Profiel deur Andria Lubbe**

BESLUIT jy om vandag 'n draai by die flieks te maak of om dalk die musiekwêreld te betree, is die kanse goed dat jy vir Frits Stegmann ook daar sal raakloop, want films en musiek is sy kos.

Reeds sedert sy studentejare het sy liefde vir films en musiek tot uiting gekom in artikels wat hy oor uitvoerings in die ou Conserve geskryf het. Alhoewel hy self geen musiekinstrument bespeel nie en volgens hom glad nie musikaal is nie, het hy probeer om iets positiefs met sy liefde vir die kunste te maak.

Dat dit positief (en sigbaar) is, blyk gou uit die stapels boeke en plate wat letterlik tot teen die dak van sy studeerkamer reik. Tot dusver is dit net 'n genade dat die Eiffeltorings van boeke nog nie omgeval het nie. Ja, en daar is sowaar nog iemand wat sy plate (sommige nog met 78 spoed) met doringnaalde speel!

Hierdie onversadigbare lus na films en musiek is eintlik net sy stokperdjie, want mnr. Stegmann het 'n B.Sc.- en 'n M.Sc.-graad, asook 'n onderwysdiploma, agter sy naam. Nadat hy by die Mediese Navorsingsraad in Johannesburg gewerk het, het hy in 1948 hom finaal op Stellenbosch kom vestig en tot 1983 was hy senior lektor in Chemie by die Universiteit.

In daardie jare het hy 'n hegte vriendskap met dr. Con de Villiers opgebou en deur saam na plate te luister, het hy as't ware sy musiekopvoeding gekry.

Soos dr. Con voel hy ook dat daar nie so iets soos ernstige of ligte musiek is nie, maar eerder goeie en slegte musiek. (Jazz en kabaret is nie noodwendig lig nie, maar kan ook ernstige musiek wees!) Sy musieksmaak wissel vanaf die ou Georgiaanse kerkgesange tot jazz. Popmusiek het ongelukkig geen vastrapplek in sy musieksmaak gekry nie.

Mnr. Stegmann het hegte bande met die Universiteit, en nie alleen as lektor nie. Hy was die eerste voorsitter van die US-filmvereniging en het as assistent-redakteur van *Die Matie* reeds sy skryftalent ontwikkel.

Vandat hy afgetree het, wy hy al sy aandag aan musiek en films – sy groot liefde. Hy vind nou dat hy besiger is as ooit tevore. Alhoewel hy die studente mis, veral die nagraadse studente, vind hy dat die wetenskap te vinnig ontwikkel om op alle gebiede tred te hou.

Mnr. Stegmann skryf gereeld artikels oor musiek en musici, waarvan sommige al in die internasionale ensiklopedie, *Grove's Dictionary*, verskyn het. Hy behartig ook die musiekartikels in *Die Eikestadnuus*, waaraan hy sedert die stigting daarvan verbonde is. Op 'n vryskutbasis skryf hy ook soms artikels vir *Die Burger*. Hy hou daarvan om eerder feitlike artikels as resensies te skryf, anders voel hy asof hy nie 'n film of vertoning kan geniet nie.

Sondagaand, 4 Augustus, is daar 'n sangaand ter ere van mnr. Stegmann gehou. Die bariton Dewet van Rooyen is begelei deur Esmé Krause. Die uitvoering is opgedra aan Frits Stegmann as blyk van waardering vir sy waardevolle bydrae tot die kunste op Stellenbosch.

Ja, selfs die Straatteater kon nie ongesiens begin bloei sonder dat dié ervare oog vir kuns nie ook daar was nie. Met 'n kussing om die ergste hardheid af te weer, het hy ook die studente se bedrywighede dopgehou. Soos mnr. Stegmann sê: "Ai, dis lekker om vandag student te wees. Daar's so baie geleenthede!" □



Sy onblusbare liefde vir die kunste is so aansteeklik soos sy laggie.



Foto: Milan

'n Skepping uit die Narsis-lentereeks.

# Narsis is tydlose, suiwer mode

DIE tydloosheid van die verhaal van die Griekse mitologiese figuur, Narcissus, word gekenmerk en weerspieël in die klassieke klere wat twee Stellenbosse studente tans onder die Narsis-etiket bemark.

Die studente, Melize en Milan, se ontwerpe word vanjaar in eksklusiewe boetieks in Kaapstad, Johannesburg, Durban en Port Elizabeth verkoop. Milan, 'n finalejaar-student in grafiese ontwerp, spesialiseer in modefotografie en sy foto's is gebruik vir hul portefeulje.

Hul lentereeks bestaan uit jasse, onderbaadjies, hemde en broeke, wat gesny is volgens eenvoudige, sterk -lyne. Aandag word ook geskenk aan detail soos leerknope. Die ontwerpe bied aan die draer daarvan die geleentheid om met die gebruik van bykomstighede verskillende voorkomste te skep. Hulle poog om alle ontwerpe van suiwer, dog praktiese stowwe te vervaardig.

Die Narsis-somerreeks sal later vanjaar beskikbaar wees. Van die ontwerpe is vroeër tydens 'n modeparade in Seepunt vertoon. Melize en Milan is saam met nege professionele ontwerpers genooi om van hul uitrustings gedurende September in 'n bekende Kaapstadse hotel te vertoon.

Beide studente beplan om hul in 1986 voltyds op mode-ontwerp toe te spits.

ELMA HAMMAN □

# L'ART L'ART L'ART

ON 3 December 1930, Bette Davis arrived in Hollywood. Born in 1903 in Massachusetts, she studied drama at the John Murray Anderson School. She was brought to the attention of Universal Studios after appearing in two early Broadway plays, *Broken Dishes* and *Solid South*.

Universal dropped her contract after only five films, complaining that she "didn't look like an actress". It seemed that Hollywood at this time only had need of platinum blondes with gorgeous legs. To be a serious actress as she was, proved to be nothing but a handicap.

Warner Brothers put her under contract in 1932 and gave her minor roles in mediocre Broadway films.

It took her many years to build up a solid reputation as an actress. Davis claimed that she had to fight for all her major roles.

The first came in the film *Human Bondage* (1934) in which she played a scheming waitress. At a time when "movie star" meant glamour, Bette Davis dared to look terrible.

Davis went on to star in *Dangerous* (1935), playing the part of an alcoholic actress. For this role she won an Oscar, despite the critics' view that her portrayal was to intense and broad for the screen. To counteract this criticism Warner Brothers cast her as a tender and restrained Gaby in *The Petrified Forest* (1936).

Despite her popularity as an actress Warner Brothers urged her to do an empty comedy, *The Golden Arrow*.



Bette Davis

Refusing to do either this or *God's Country and the Woman*, she was put on suspension. After a feud which lasted a couple of years and ended in a fiery court battle, Warner Brothers began to take her more seriously.

Her first film on her return to the screen was *Marked Woman* (1937), followed by *Jezebel* (1938) and *Dark Victory* (1939). All these films have one thing in common: an intelligence of plot and dialogue. It was Davis' aim to illuminate areas of emotion, sexuality and the human situation in as realistic a way as could be portrayed on the screen at that time. Exhibiting the ability to play a wide range of human emotion, she played the parts of disturbed or troubled women in a credible and moving manner.

Davis' popularity begin to fade in the late forties as she struggled to find suitable material. In 1949 she appeared in *Beyond the Forest* and was savagely attacked by the critics. Feeling that her career as an actress was over, she asked for a release from the studio and got it.

Thirteen years later she appeared in *What Ever Happened to Baby Jane?* This movie proved to be a success and revitalized her acting career. It can well be said that through her self-determined struggle Bette Davis became an imposing figure in the history of cinema. □

# *Best beïndruk met Balletscapes*

**'n Foto uitstalling deur Charl Best.**
**Dorpstraat galery**
**22 Julie tot 10 Augustus**

DIE oorheersende atmosfeer by die opening van Charl Best se *Balletscapes* uitstalling was een van warm vriendelikheid. Dit was 'n geleentheid waar kunsliefhebbers mekaar se geselskap kon geniet in die teenwoordigheid van 'n winter kaggelvuur, met heerlike kos en wyn, en, les bes, die vertoning van die hoogtepunte uit 'n gewilde kunsvorm. Dus, 'n aand gevul met die fynere plesiertjies in die lewe.

Die foto's varieer van tradisionele tipe balletfoto's, uiteraard geneem van die meer klassieke balletproduksies, bv. *Sleeping Beauty* en *Les Sylphides*, tot by moderne en kleurryke foto's van die kontemporêre ballette. Wat veral hier tref, is die spesiale gebruik van die kamera om 'n betowerende effek te skep. Die foto's bevestig verder die romantiese aura wat om ballet geweef word en wys ook die dansers as mense wat tegelykertyd grasieus én atleties is.

Die toespraak deur Elizabeth Triegaardt het verdere bekoring aan die aand verleen. Sy het daarop gewys hoe baie werk daar van die dansers, sowel as van die fotograaf ingegaan het om hierdie perfeksionisme duidelik uit te beeld.

Dit is 'n langverwagte uitstalling waarin 'n verstaanbare medium gebruik word om 'n aantreklike kunsvorm te bevorder. □

CHRISTELLE BELLINGAN.



Best se surrealistiese foto's is vol grasie en beweging

# Kunskalender

KUNSKALENDER
TEATER
**NICO MALAN:**
**tot 9 Augustus** Hoesê?
**tot 10 Augustus** I ought to be in pictures
**tot 24 Augustus** Cock-Ups
**vanaf 14 Augustus** Godspell
FILMS
**CINES:**
**5–10 Augustus** Moving Violations
**5–14 Augustus** A View to a Kill
**12–21 Augustus** Police Academy II
**15–17 Augustus** Mrs Soffel
**19–21 Augustus** Tough Turf
**FILM SOCIETY:**
**12 Augustus** 3 films by Renè Clair
**19 Augustus** Effi Briest (Fassbinder)
MUSIEK
**ENDLERSAAL:**
**8, 15, 22 Augustus** Etensuurkonsert
**11 Augustus** Uitvoering deur Konservatoriumpersoneel
**13 Augustus** Elana Treurnicht en Ansi Verwey op orrel
**16 Augustus** Jürgen Schwietering en Albie van Schalkwyk
**18 Augustus** Archi Ensemble o.l.v. Noel Travis
**21 Augustus** Etensuur met die D.F. Malan skoolkoor.
**JANNASCHSAAL:**
**14 Augustus** Filmvertoning oor Schubert en Stravinski
**GARBO'S, TUINE:**
**tot 24 Augustus** Amanda Strydom.
**D.F. MALANSENTRUM:**
**17 Augustus** Orkesfees
**BURGERSENTRUM:**
**7–9 Augustus** The Boy Friend
KUNS
**KUNSSAAL VAN S.A. KUNSVERENIGING:**
**vanaf 5 Augustus** S.A. Kinderboekillustreerders stal uit
**DORPSTRAAT GALERY:**
**22 Julie–10 Augustus** Balletscapes □




## Amanda Strydom

# Sy sing die Kaap aan die brand

*AMANDA STRYDOM het dit weer eens reggekry om 'n hele paar mense te laat regop sit. Sy het dit gedoen met haar vertolking van die rol van die Poolse sangeres, Elzbietha Karski, in John Cundill se* 1922, *met Jupiter Jones in* Westgate III, *en nou ewe skielik sing sy die Kaap aan die brand met haar reeks kabaretoptredes in die teater-restaurant, Garbo's. Haar veelsydigheid laat 'n mens soms wonder of daar dan nóg onontginde fasette agter die hoogs professionele uiterste skuil en of sy nou uiteindelik haar laaste talent aan die publiek tentoonstel.*

*Ek het probeer om uit te vind op 'n regte motreëndag in Kaapstad, en vooraf gedink, "Ek sal weet waaroor om met haar te gesels, want ek verstaan die blues." Ha. Amanda Strydom het met haar swart leerbroek, bloedrooi jas en onafgebroke vitaliteit enige uitgedinkte vragies laat verdwyn. Ek kon net kyk en luister na dié vrou wat die blues kan sing dat dit voel asof jou siel uit jou getrek word. Oor Amanda Strydom kan 'n mens nie skryf nie. Jy moet nie dit wat sy sê probeer weergee nie, maar haar liefs self aan die woord stel.*

"Ek het in Port Elizabeth in 'n stoere Calvinistiese Afrikanerhuis grootgeword waar ek nie toegelaat is om 'n langbroek te dra nie. My pa het elke Maandagaand garagedienste vir die swartmense gehou en daar het ek vir die eerste keer gehoor hoe pragtig dit klink as 'n groep swartmense 'n Halleluja sing. Toe ek ongeveer vyftien was, het ek na LM-radio begin luister en van toe af I wanted to sing the blues."



Amanda Strydom: sy kan sing ook!

Iets wat opvallend by haar optrede in Garbo's was, is die baie groot aantal Afrikaanssprekendes wat haar vertonings bywoon. Amanda voel dat die feit dat sý Afrikaans is, die rede hiervoor is. "Ek kan Joplin of Dietrich sing en dit sal nie saak maak nie. Hulle weet ek is Afrikaans en ek verstaan hulle. Sommige mense dink mos die Afrikaner is grof en kru, maar dit is nonsens. Baie modebase en regisseurs sal gou vir jou sê die Afrikaner-vrou is die mees earthy en sensual van alle vroue in die wêreld."

Sy het drama aan die Universiteit van Pretoria studeer en daarna by Kruik begin speel saam met mense soos Elizabeth Archer en Brümilda van Rensburg. Haar dramakursus het haar frustreer aangesien sy reeds 'n lisensiaat in toneelspel by Unisa gehad het, en nie in die teorie van drama belanggestel het nie. "Ek wou net speel, pal. Never mind hoekom Pinter oor kamers skryf of hoekom hy dit het oor die mens in afsondering. Twak, ek weet nie. But let me act it and it will be fine."

Amanda het vroeg reeds 'n besondere vriendskap met Pieter-Dirk Uys opgebou. Sy vertolk die vroulike hoofrol in sy stout komedie, *Pasgetroud*, vir SATV in 1980, maar ontmoet hom eers toe sy in *Oh, what a lovely whore* speel. Vir Pieter-Dirk speel sy later ook die rol van Grace Lipshitz, 'n kugel, in sy *Hell is for whites only*, in the Markteater. "Grace was gross, uitgesproke, reguit, eerlik . . . rassisties. The beginning of Evita, I think."

Haar loopbaan het vinnig gevorder en sy het in 'n groot aantal mediums gewerk. Sy speel in die kabaret, *Met permissie gesê, In revue* . . . saam met Laurika Rauch en in *Die lewe is* . . . waaraan sy 'n jaar lank werk en wat ook op SATV aangebied is. "Teen hierdie tyd was ek al besonder moeg vir die gesingery. My ander kant het ongedurig geword, en ek wou in iets sterk my tande vasslaan en net speel. Maar toe bel David Kramer my en sê, 'Ons gaan toer, darling, en jy kom saam. Ek gaan die raves veroorsaak, jy kan die visual interest wees en Coenie (de Villiers) kom ook.' Dié toer deur die Vrystaat was wonderlik, maar daarna het ek net gevoel: This is it, get me back on stage. Ek het 'n agent gebel en twee weke later 'n rol in Pieter Toerien se *The dining room* gehad. En skielik het ek my voet by die deur ingekry wat ernstige toneelspel betref."

Kort nadat die speelvak van *The dining room* ten einde loop, vind sy uit dat sy



Amanda Strydom se kabaretoptredes in Garbo's, 'n teater-restaurant in Harringtonstraat, Kaapstad, loop op 24 Augustus ten einde. Die toegangsfooi is R5,00 en slegs vooruitbesprekings word aanvaar. (Telefoon: 45-6542).

swanger is. As gevolg hiervan verloor sy die rol van Elzbietha Karski in John Cundill se skitterende TV-reeks, *1922*. "Ek was so maer soos 'n riet toe ek by die huis gekom het. Ek het vir drie weke lank niks geëet nie, want ek het te veel na my man, Geoff (Naus), verlang. En met die ou lyfie kon ons die kind nie dra nie en het die baba verloor op sewe maande. Wat terrible was, maar dit het my 'n mens gemaak – ontsettend weerloos en tog ook sterk. Ons het daarna na die berge gevlug, ons huile gehuil en ons dinge gedoen. En toe ons terug kom, het ek die rol van Elzbietha teruggekry. Ek kon dit nie glo nie."

Ek het skielik gedink aan wat Janis Joplin gesê het, "On stage I make love to 25 000 different people, then I go home alone", en haar gevra wat sy van gehore dink en of sy ook soms dié gevoel ervaar.

"Dit is presies hoe ek soms voel as ek alleen na 'n vertoning huis toe gaan en alleen voor my spieël moet staan. Daar is niks eensamer as 'n vrou voor 'n spieël nie. Ek was al die verf van my gesig af en dit is net hierdie EK. Ek strompel deur my kamer en hang elke rok religieus op, trek my pejakkies aan, borsel my tande, smeer die nagrome aan (want die tyd kruip teen die nek op), en klim in die bed. Dan sing ek in my kop. 'Hush little baby, don't you cry . . . Mamma's gonna sing you a lullaby', en ek slaap.

"Soms freak dit my heeltemal as ek agterkom dat 'n gehoor dit geniet om te sien hoe ek myself uitbrand. That's what makes them hysterical. Hoe weerloser ek is, hoe meer trane en passie daar is, hoe meer geniet hulle dit. Joplin het gesê, 'They get a kick out of watching me dying, they love watching me killing myself.' I'm not killing myself, thank you. I go to the gym every day and do my exercises, terwyl Joplin 'n bottel Southern Comfort gekoester het. Dít is die kuns om oud te word in die beroep. My stem is al wat ek het en ek moet dit gesond hou."

LOMIN SAAYMAN

## Grahamstown Festival

# The Good, the Bad and The Ugly

FROM 5 to 13 July Grahamstown was once more gripped in a bizarre frenzy of High Culture as artists, musicians, actors, the press, groupies, students and culture lovers from all walks of life descended upon this sleepy town for the National Arts Festival. At any time during the eventful week luminaries like Bo Petersen, Danny Keogh, Evita Bezuidenhout and Adrian Monteath could be seen mixing with mere mortals as the mob trailed the restaurants, hotel foyers and theatres where the action started each morning at 9 and often ended way past midnight.

Two new plays by young PACOFS Playwright Deon Opperman were featured. *From Midnight to Morning*, his English play, had critics in ecstasy although many remarked on its startling resemblance to *Waiting for Godot*. His Afrikaans play *Die Teken*, directed by the playwright, is strikingly similar to *Agnes of God*, though a lot better than *Agnes of God*. Mr Opperman is very talented and is obviously bound to become very famous and powerful; however, he should remember that a cliché remains a cliché no matter what language it's in, and the only way to avoid it is to come out and say what you mean.

Christopher Charles's production, *Walking Wounded*, used a gut-wrenching approach to address the army call-up situation, and became one of the most talked-about plays on the Festival Fringe. It is to be staged at the Baxter soon and is compulsory viewing for any serious theatre-goer; see it if you can brave the language and sex, as it is likely to get banned.

Pretoria Technicon's production of Christopher Durang's *Beyond Therapy* was polished, witty and very well acted. A hysterically funny play, it did not try to be Relevant or Politically Aware or to be an Examination of the Nuclear Family of the Post-Industrial Revolution Relevant to Existential Environmental Angst as experienced in South North-East Hillbrow. For these reasons, and many more, the critics hated it; for the same reasons I loved it.

One of the interesting aspects of staying in the Rhodes University residences during the festival is that students and professional actors, who are also housed in these residences, can mix and get to know one another in a pleasantly informal atmosphere.

One evening I came upon Marloe Scott-Wilson watching an episode of *Galery* in the TV room. She appears to suffer from a frightful disease which has now caused her hair to turn from pink to blonde and her lips and nails from pink to mauve. "Such a lot of rubbish on the TV these days," she mouthed while turning to me. Eyeing the dirty paper cups and ashtrays perched on top of the TV set, I whispered, "You're too right, mate!" before making a grateful escape.

All in all then an entertaining Festival, and one which will surely be talked about in months to come.

# "Rama en Mara"

A mannequin, a red wheel and a pram were amongst the props in the Stellenbosch Drama Department's entry for this year's Grahamstown Festival of the Arts.

*Die Ballade van Rama en Mara*, written by Dr. B. J. De Haeck, is essentially a play of contrasts, both in the physical and the spiritual sense, according to Ms Ruby Keyser, who direct the play. Accordingly, the programme states: *'Daar is dié wat die Lewe aanvaar in sy sikliese beweging en kontraste en daar is dié wat 'n ewig-ontwykende Utopia nastreef . . .'*

Rama, the male lead, was played by Duncan Johnson, and Mara, his counterpart, was played by Christien Coetzee. Jo'anne Munnik took the part of Dina, and Herman Spies the part of Dani. The judges at the Festival commended the actors for their fine performances, and were impressed with their voice projection and movements. Notably, all the actors are second year Drama students, often having to compete with more experienced Drama students at the Festival.

The 'Best Play' award went to Wits University, who, also had ten plays on the fringe. Stellenbosch had one play on the fringe: Chris Goetsch's 'Mime Matters'.

Although the performances were given under stressful conditions, it was felt that the Festival was a success, not only for the individual, but also for the Drama Department of Stellenbosch. □



The Arts Festival logo, designed by Cecil Skotnes.

**digters digters digters digters**
**digters digters digters digters**
**digters digters digters digters**

Words of the suburban motorist
to the hitch-hiker:
I am sure we would like, you look like
a decent fellow
but we live here,
we are going nowhere –
we cannot help you.
David Fuss

**DIE DROS**
(GELISENSIEERD)
BIEFSTUK, PIZZA EN PASTA PLEK
***Maties!! Die Dros is terug!!***
**SPESIAAL! NET EEN WEEK!!**
PRIMA T-BEEN-BIEFSTUK (400 g)
**Net R5,00**
**TASSENBERG** (750 ml) **R2,30**
Musiek deur FRANCOIS Maandag, Dinsdag, Donderdag en Sondagaande
**DROSTDY-SENTRUM, STELLENBOSCH**
☎ (02231) 71942
**OOP: 7 dae 'n week vanaf 10.30 vm. tot laat. Behalwe Maandae tussen 3–6 nm.**

**Die Matie**

Donderdag, 8 Augustus 1985

## Studente-unie moet besluit

**Na aanleiding van 'n SP-besluit Dinsdagaand moet Stellenbosch weer besin oor die ASB. Hierdie aangeleentheid het ook in 1968 voor die studentemassa gedien. Toe is die dispuut besleg deur dit na die studente-unie te verwys vir 'n finale beslissing. Dit was ook reg so, want die besluit sou die onafhanklikheid van die Stellenbosse standpunt – wat per slot van rekening elke student ten nouste geraak het – bepaal. 'n Oorweldigende meerderheid het toe besluit om weg te breek.**

**Affiliasie by die ASB raak steeds elke student – in die opsig het die aangeleentheid nie verander nie. Maar nou ontstaan die vraag of die SP die besluit kan neem. Gesien in die lig van die vertrouenskrisis wat teenswoordig rondom die SP bestaan en ook deur die liggaam erken word – 'n kommissie van ondersoek is immers deur die SP aangestel juis om die funksionering van die huidige bestel te ondersoek – kan die bevoegdheid van die SP met reg in twyfel getrek word. Die vraag is kortliks of die SP, ondanks sy formele legitimiteit, wel die steun van die studentemassa geniet in die mate wat hier nodig is.**

**Hierdie is by uitstek 'n aangeleentheid waarby elke student inspraak moet hê; slegs 'n referendum, en die beredeneerde besluitneming wat dit meebring, kan hierdie behoefte bevredig.**

## Emotiewe argumente gevaarlik

**DIT word dikwels gekonstateer dat Stellenbosch "geïsoleerd" is. Sommige beweer dat Stellenbosch daarom moet affilieer om effektief sy plek te kan vul in die breër Suid-Afrikaanse debat. Afgesien van die beweerde nadele van isolasie is dit moontlik dat die blote feit van isolasie 'n sterk emosionele grondslag van pro-affiliasie-argumente sal vorm.**

**Dit is nie die bedoeling om hier standpunt óf vir óf teen affiliasie in te neem nie. Wat wel beoog word is om te waak teen emotiewe of ongefundeerde aannames.**

**Dit was wel vir baie jare vir die Afrikaner nodig om eendragtig op te tree, maar nou het die Afrikaner reeds vermag wat deur samehorigheid vermag moes word. Tog reageer ons dikwels steeds instinktief op dié samehorigheidsgevoel sonder dat dit meer 'n doel dien.**

**Die besluit wat voorlê moet nie uiteindelik berus op 'n instinktiewe reaksie nie. Veel eerder is dit nodig dat elkeen op 'n onbevange en onafhanklike wyse besin oor die implikasies van affiliasie. Ons is dit aan onsself verskuldig as ons betekenisvol studentpolitiek wil bedryf.**

## Matie-redaksie

**HOOFREDAKTEUR:** ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 5035)
**REDAKSIEKANTOOR:** LTD-gebou nr. 0024 en 0025 (Tel. 72332 en 5979)
**SEKRETARESSE:** HEIDI VISSER, Kerkstraat 32 (Tel. 2226)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** OCKIE DUPPER, Liebenhof 18 (Tel. 4838)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** JANNIE NEL, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)
**BESTUURSHOOF:** DAVID VAN DER MERWE, Stelmont 4
**HOOFNUUSREDAKTEUR:** CHARL DU PLESSIS, Stelmont 4 (Tel. 024-36481)
**AKTUELE REDAKTEUR:** LOU-MARIÉ KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 79421)
**NUUSREDAKTEUR:** JEANNE CILLIERS, Huis Ten Bosch (Tel. 2260)
**SPORTREDAKTEUR:** RIAAN SMIT, Stelmont 4, Andringastraat
**KUNSREDAKTEUR:** DORRIEH ELAHI, Erica (Tel. 71290)
**SOSIALE REDAKTEUR:** NICOLETTE LOUW, Seemeeu 1201 (Tel. 024-36481)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** CHRIS BARNARD, Brandwachtstraat 32
**TAALREDAKTEUR:** BEATRICE ROBERTS, Liebenhof 18 (Tel. 4838)
**HOOFFOTOGRAAF:** MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)
**SPOTPRENTTEKENAARS:** ADRIAN LOUW en LYNNE STUART

### AANSOEKE: DIE MATIE

AANSOEKE word ingewag vir die volgende vakatures op die redaksie van Die Matie:
Sub-redakteur, Aktueel
Fotograaf
Inter-universitêre verslaggewers (3 poste)
Sosiale verslaggewers (1 pos)
Sport verslaggewers (5 poste)
Aansoeke met relevante ondervinding moet voor 26 Augustus.




Het die ASB relevant geword?

# Die Matie het wel waardevolle rol op US

"EK het besluit om op *Die Matie* te werk omdat dit my 'n uitdaging gebied het wat niks anders my kon bied nie. Ek het reeds vóór ek na Stellenbosch gekom het, *Die Matie* begin lees, en dit het my 'n indruk gegee van groot onafhanklikheid, kritiese denke en verantwoordelikheid. Ek het gevoel dat hier 'n plek was waar ek myself kon uitleef."

In 'n onderhoud het mnr Anton Steenkamp, vorige *Matie*-redakteur, gesels oor sy afgelope termyn en die rol en verantwoordelikheid van studentekoerante.

**ANTON, *Die Matie* het in die afgelope paar jaar 'n baie onstuimige tyd beleef. Behalwe vir die monstervergadering vroeër vanjaar en die Ruiterwag - onthullings was daar ook die tydelike afdanking van die vorige redakteur, Corinne Oosthuizen, en die monster teen Jacques Joubert in 1983. Baie mense verwys na hierdie geskiedenis as bewys dat *Die Matie* te kontroversieel is en dat dit tyd is vir 'n minder kritiese inslag.**

Ek dink in die eerste plek dat dit in die aard van 'n goeie koerant is dat hy kontroversieel sal wees. Dit is al 'n cliché om te praat van 'n waghond-funksie – maar miskien is dit juis 'n cliché omdat dit waar is. Dit is 'n koerant se plig om ondersoek te doen na ongerymdhede in die samelewing. As dit nie vir koerante was nie, was dinge soos die Inligtingskandaal nooit oopgevlek nie. Dieselfde geld ook vir Stellenbosch: ek wil so arrogant wees as om te sê dat as dit nie vir *Die Matie* was nie, dinge soos dooppraktyke nog sou voortgaan, sonder dat die owerhede met al hul goeie bedoelinge enigiets daaraan sou kon doen. Omdat *Die Matie* se redaksie uit studente bestaan, het hy sy vinger op die pols van wat op die kampus gebeur, terwyl die Universiteitsowerhede miskien 'n bietjie uit voeling met die studentelewe is.

## Matie- Gesprek

**Andries du Toit gesels met**

**Anton Steenkamp**

**Wat van die kritiek dat *Die Matie* te links is?**

Dit is kritiek wat al 'n hele paar jaar teen *Die Matie* ingebring word, en juis die feit dat dit vir so 'n lang tyd al gesê is, laat my dink dat dit nie baie geldig is nie. *Die Matie* se redaksie is oop vir enigiemand. Daar word geensins by aanstellings gediskrimineer ten opsigte van koerant, en dit is hoegenaamd nie iets waaroor ons skaam is nie. Dit is iets waarop 'n koerant met reg trots kan wees. En uit die aard van kritiese ondersoek is dit so dat 'n koerant, bloot omdat dit nie sommer enige regeringsoptrede goedpraat nie, maklik as linksgesind bekou word. Maar in ons berigte probeer ons om so neutraal as moontlik te wees.

persone se politieke oortuigings of enigiets anders nie. Die enigste oorweging is of 'n persoon 'n goeie verslaggewer is.

**Dit is egter 'n feit dat *Die Matie*, in vergelyking met ander Afrikaanse kampuskoerante, baie meer krities teenoor die bestaande orde is.**

Ja, dit sal ek toegee. *Die Matie* is 'n kritiese en 'n ondersoekende

**Die standpunt word ook gelug dat *Die Matie* nie krities genoeg is nie – dat dit maar nog altyd binne die verligte NP-kraal bly.**

Ek dink die blote feit dat daar deur altwee kante van die politieke spektrum kritiek is op *Die Matie*, weerlê die aantygings dat *Die Matie* dan sg. "slanted" of bevooroordeeld sou wees.

**Wat ek bedoel is dat *Die Matie* juis vir sy poging tot onpartydigheid gekritiseer word. Juis die feit dat *Die Matie* nie kant kies nie en sy kritiek op die owerhede altyd kwalifiseer, speel volgens dié standpunt 'n rol in die ontplooiing van verligte NP-strategie. Die skyn van kritiese denke word geskep sonder dat die bestaande orde te veel bedreig word.**

Ek dink nie *Die Matie* kan dit bekostig om nie onpartydig te wees nie. Omdat ons 'n studentekoerant is en te doen het met 'n redelike heterogene studentege-

(Vervolg op bl. 14)







Foto's geneem deur Ockie Dupper



Prof. Sampie Terreblanche het op die onlangse SPOG-vergadering só kommentaar gelewer: "Ons is aan die begin van die einde van blanke bevoorregting." Ander akademici en SP- en SR-lede was ook by die vergadering teenwoordig.

SPOG

# Blanke bevoorregting nader nou sy einde

"POLITIEKE onrus en die ekonomiese toestand" was die onderwerp waaroor vier ekonome tydens Maandag se SPOG-vergadering gepraat het. Die algemene boodskap van die vergadering, waarby verskeie SR- en SP-lede teenwoordig was, is deur prof. S. J. Terreblanche, hoogleraar in Ekonomie aan die US, as volg saamgevat: "Ons moet op ingrypende maniere geleenthede vir anderskleuriges skep. Ons is aan die begin van die einde van blanke bevoorregting."

Die ander sprekers was prof. Attie de Vries, Direkteur van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die US, prof. Pieter le Roux, Direkteur van die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling van die UWK en mnr. Servaas van den Berg, senior lektor in ekonomie aan die US. Francois Jansen het as voorsitter opgetree.

Volgens me. Karin Strydom, SR-lid vir die Stellenbosse Politieke Ondersoek- en Gesprekskomitee (SPOG), was die doel van die vergadering om aktuele inligting met 'n akademiese inslag oor te dra. Tydens die vergadering het elk van die sprekers eers oor hul eie onderwerpe gepraat voordat die hooftema in die vraetyd bespreek is.

Prof. De Vries het eerstens die algemene ekonomiese toestand in Suid-Afrika geskets. Volgens hom is 'n hele reeks omstandighede daarvoor verantwoordelik dat die verwagte opswaai in die ekonomie vertraag is en die resessie verleng is. Buitelandse beleggers se pessimisme, oorbesteding deur die owerheid, en die feit dat die rand 'n swak geldeenheid geword het, is volgens prof. De Vries kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomiese toestand. "Geleenthede sal meer eweredig tussen al die bevolkingsgroepe verdeel moet word," het prof. De Vries gesê.

In sy toespraak het prof. Terreblanche dit eerstens duidelik gestel dat die huidige onluste, anders as in die verlede, met ekonomiese faktore te make het. Sy onderwerp was: "Politieke onrus as die begin van ingrypende strukturele verandering in Suid-Afrika." Hy het verder gesê dat apartheid hom "vasgeloop" het en dat 'n ander ekonomiese politieke struktuur geskep sal moet word. "Ons is besig om al hoe meer in 'n Derde Wêreld-land te ontwikkel," het prof. Terreblanche gesê. "Baie mense in Suid-Afrika lewe onder die broodlyn", terwyl die blankes "te vinnig te ryk geword het." As oplossing vir hierdie "skewe" toestande in die land sal 'n nuwe politieke struktuur, 'n soort veelrassige oorgangsregering, vir Suid-Afrika geskep moet word en die rykes veel hoër belasting moet betaal.

Prof. Pieter le Roux van die UWK het as een van sy oplossings vir die probleme waarmee SA te kampe het met 'n "progressiewe belasting" voorgestel waardeur ryk persone meer belasting sal betaal wat dan vir investering in menslike kapitaal, d.i. werk en opvoeding, aangewend kan word. Hy het verder in sy toespraak daarop gewys dat die toestande wat tans in Suid-Afrika beleef word die onbeplande konsekwensies van 'n politieke en ekonomiese beleid, wat vroërjare geformuleer is, is. Prof. Le Roux het voorts gesê dat hierdie toestande veral die gevolg is van die gebrek aan geskikte arbeid, hoë militêre uitgawes en die toepassing van instromingsbeheer.

In sy toespraak oor die algemene ekonomiese strukture in SA het mnr. Servaas van den Berg veral die kwessie van werkloosheid bespreek. "Blanke voordele uit owerheidsbesteding sal met een derde moet daal voordat gelykheid met die swartes teen die jaar 2000 "verkry kan word", het mnr. Van den Berg gesê. As voorstel vir 'n oplossing vir die probleme van Suid-Afrika het hy eerstens gesê dat Suid-Afrika sal moet aanvaar dat hy 'n Derde Wêreld-land is, en sy "verknogdheid" aan Eerste Wêreld standaarde laat vaar. Die afskaf van instromingsbeheer en die daarstel van meer geld vir swart behuising is ook as verdere oplossings aangebied.

Na afloop van die toesprake het die vier sprekers vrae uit die gehoor beantwoord. Die tuisland- asook desentralisasiebeleid van die regering is hier breedvoerig behandel en kwessies oor korrupsie en vermorsing in dié state is bespreek.



Mnr. Hans Muller, voorsitter van die Studente-KJA, het hom teen ASB-heraffiliasie uitgespreek by die Matie-beraad. Hy het dit egter duidelik gestel dat hy nie optree in sy hoedanigheid as voorsitter van die KJA nie.

# *SA in socio-political turmoil* – Esterhuyse

"EXCLUDING blacks form the process of political decision-making will have the same effect on the prospects for socio-political stability as a dagger in the heart of a human being."

This view was expressed by Willie Esterhuyse, Professor of Philosophy at the University of Stellenbosch, in an article in a recent edition of *Leadership South Africa*.

Prof. Esterhuyse regards South Africa as being in the worst socio-political turmoil the country has experienced for many years. The turmoil is not merely "incidental", relating to specific and isolated issues, but is "structuraly generated".

During the last few decades, radical social changes have been produced by the effects of industrialization, urbanization, the impact of education and exposure to the mass media.

Black people have experienced the greatest change, with an intensification and multiplication of economic, political and professional demands and aspirations.

Prof. Esterhuyse feels institutions which effectively integrate social forces, giving these demands and aspirations concrete expression, must exist. According to him these are lacking in South Africa, and this fact is a major cause of the unrest. This can only be overcome by reform.

The current unrest challenges the legitimacy of the present (socio-political) system and its institutions. The repeated attacks of violence and arson to which blacks participating in the government-created local authority system have been subjected, is clear proof of this.

Legitimate institutions are a *sine qua non* for stability. If a state fails to generate legitimacy, a measure of stability can only be established by resorting to force and coercive measures.

The low percentage polls in local authority elections, the widespread opposition to the new constitution and the reluctance of black leaders to negotiate with the goverment, indicate an extremely low rating of goverment legitimacy among urban blacks.

Nevertheless revolution can be averted. The state's power base is still intact, sophisticated and formidable. Divisions within the black population weaken their position considerably.

Both the UDF and Inkatha reject the use of violence. The ANC, although enjoying healthy popular support, doesn't have the military muscle to overthrow the state.

This unlikelihood of a successful revolution does not mean the position is not serious. The structural defects must be resolved, and this is dependent on sustained efforts of reform, bargaining and compromise.

Any strategy of reform generates its own unrest: reform makes structures less rigid and forces of disorder surface. Reform raises expectations and if these are not met, fuel is added to the fires of conflict and confrontation.

Restriction of unrest depends on the nature and pace of structural reform, and therefore on the effectiveness with which the broadening of participation is engineered.

Prof. Esterhuyse sees two major obstacles in effecting broader participation.

A segment of the white voting public is still the prisoner of ideological illusions of the past, although this segment is fast losing political relevance.

Secondly there is a deep distrust among blacks of the real intentions of the government, especially with regard to negotiations.

Tangible evidence of government intentions must be provided to counter this, e.g. the unconditional release of ANC leader, Nelson Mandela and, other political prisoners.

But "the (opportunities) for a negotiated settlement of South Africa's political dilemmas outweigh the obstacles."

He suggests that the scrapping of influx control and pass laws, which affect the daily lives of blacks and cause a high degree of anger and resentment against the existing order, would enhance stability significantly.

He further calls for the allocation of freehold titles to blacks, the participation of blacks in central business districts, and most importantly, the need for blacks to participate on the constitutional level.

Such steps require delicate political manoeuvering and courage. But Prof. Esterhuyse still thinks stability is possible: "Time has not run out for the achievement of relative stability."

# Kanselier anders gekies

DIE verkiesing van die Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch sal voortaan anders geskied.

'n Wetsontwerp wat die verandering voorstel, is deur die Regering aanvaar. Die Universiteitsraad het die wysiging aanbeveel en die Konvokasie (korps van Oud-Maties) in die saak geken.

## Kieskollege

Die wysiging bring mee dat die Kanselier voortaan nie deur die lede van die Konvokasie gekies sal word nie, maar deur 'n kieskollege. Die kieskollege sal saamgestel word uit die US-Raad, die uitvoerende komitee van die US-Senaat en die president en vise-president van die Konvokasie.

Lede van die Konvokasie sal nog soos in die verlede gevra word om kandidate te benoem. Elke nominasie sal egter voortaan deur twintig Konvokasielede onderteken moet word i.p.v. vier soos voorheen.

'n Verdere wysiging bepaal dat die Kanselier nie meer vir 'n onbepaalde ampstermyn verkies word nie, maar vir vyf jaar met 'n moontlike herbenoeming vir nog 'n termyn van vyf jaar.

## Rede

Dr. J.G. van der Horst, voorsitter van die Raad, het op die Konvokasiejaarvergadering in November verlede jaar die rede vir die wysiging gemotiveer.

Hy het daarop gewys dat die huidige prosedure dateer uit 1918 met Universiteitswording, toe daar slegs 580 Konvokasielede was. Daar is nou sowat 28 000 geregistreerde lede. Die Konvokasie is 'n groot liggaam sonder bestuur of organisasie. Dit is dus moeilik vir die president daarvan om gesaghebbend namens die Konvokasielede te praat. Verdere motivering was dat die Konvokasie ses lede in die Raad verkies – die grootste enkele verteenwoordiging. Die meeste Raadslede is gewoonlik ook Konvokasielede. Ander universiteite waar die kanselier deur die konvokasie gekies word is by die universiteite van Kaapstad, Pretoria en die Witwatersrand.

# Studenteleiers bots oor ASB by beraad

Ilse Cilliers

GROOT veranderinge rakende die SP en Stellenbosch se verhouding met die ASB is moontlik na afloop van die Matie-beraad.

Die beraad is bygewoon deur ongeveer sewentig studente in leiersposisies. Verskeie sake van studentebelang is bespreek deur SR-lede, SP-lede, verenigingvoorsitters en die Primarii/ae van die onderskeie koshuise.

Mnr. Phillip Verster, (SR-lid vir leierskapsontwikkeling), het 'n mosie voorgestel waarin hy gevra het dat die Universiteit van Stellenbosch besluit waar hy staan t.o.v. die Afrikaanse Studentebond (ASB). Aangesien heelwat Maties die onlangse ASB-kongres wat op Stellenbosch gehou is, bygewoon het, voel mnr. Verster dat daar nou besluit moet word of Stellenbosch gaan heraffilieer of nie.

"Die nuwe leierskap in die ASB het 'n nuwe benadering tot gevolg gehad," het mnr. Johan Olivier, SP-lid vir Pieke gesê. Volgens hom word aktuele landsake nou in die ASB bespreek en is Stellenbosch geïsoleer van die huidige gees. Die Afrikaner-jeug het Stellenbosch se bydrae nodig in die soeke na 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme.

Mnr. Hans Muller, voorsitter van die Studente-KJA, het gesê die probleem met die ASB is dat daar gepraat word oor landsprobleme in terme van die mense wat die ASB-kongres bywoon, nl. die Afrikaner-jeug. Afrikaners kan op hulle eie nie 'n relevante gesprek voer oor landsake nie. Hy glo dat dit arrogant is om slegs binne blanke kringe te praat en sodoende 80 % van die bevolking uit te sluit.

'n Voorstel van Me. Karin Strydom, SR-lid vir SPOG en publikasies, was dat Stellenbosch 'n nuwe forum moet skep as hulle nie hulle leierskap by die ASB kan uitoefen nie.

Me. Annami Oosthuysen ondervoorsitter van die SR, het gesê sy was "ontnugter" deur die ASB-kongres. Die mense is besig met "irrelevanthede" en bespreek sake wat tien jaar gelede al bespreek moes gewees het.

Volgens Me. Oosthuysen is dit duidelik dat partypolitiek 'n rol speel binne die ASB. As gevolg hiervan kom die ASB nie by werklike landskwessies uit nie. Daar moet saam met anderskleuriges na 'n oplossing gesoek word. "Mense praat oor boeremusiek en vergeet van Duduza en Soweto."

Sy het voorts gesê die skep van 'n nasionale forum is 'n droom. Stellenbosch moet op 'n een tot een basis in gesprek tree. Gesprek moet plaasvind met bv. die ASB, Nusas en Cosas. "Omdat Stellenbosch ver van die onrussituasie is moet mense uitgenooi word vir gesprekvoering."

Volgens Me. Oosthuysen beskou Stellenbosch hulleself as 'n sg. "verligte" kampus en dink daarom dat hulle die ASB kan verander.

Mnr. Verster het die debat afgesluit deur te sê dat die ASB al pogings aangewend het om met Nusas te praat, maar dat Nusas nie wou nie. Skakeling met die UDF word oorweeg. Mnr. Verster voel Stellenbosch het 'n rol te speel binne die denke van so 'n organisasie.

Die effektiewe funksionering van die SP is nog 'n aangeleentheid wat bespreek is. Tans bestaan daar sekere probleme rakende die SP. Die volgende onderwerpe is onder meer aangeraak: die werksveld van die SP-lid, sy verteenwoordigingsplig en groter belangstelling deur bekwame studente om op die SP te dien.

'n SP-kommissie onder voorsitterskap van mnr. Phillip Verster is teen die einde van verlede semester aangestel om die saak te ondersoek. Mnr. Verster het gesê die kommissie het 'n verslag saamgestel wat op die 6de Augustus voor die SP sal dien. 'n Voorstel is ingedien dat die ondersoek in die nuwe termyn voortgesit moet word.

Die moontlikheid van 'n studente-konferensiekompleks met kampeerterrein, die afhandeling van verkiesings binne 'n bepaalde tydperk en beter benutting van die Studente- en Akademiese Belangekomitee is ook bespreek. Geen besluite is tot dusver geneem in verband met enige van die sake wat bespreek is nie.

# perspektiewe en dinge

'n Noodtoestand word afgekondig. 'n Oorsese vriendin bel om te hoor of sy kospakkies en komberse kan stuur, of ek nie dalk maar soontoe wil vlug nie. Ek kan haar maklik gerusstel: Saterdag was Intervarsity, lente is in die lug en ons studente is te besig met hul eie probleme om nou aan sulke veraf dinge te dink.

"Wat gebeur op Stellenbosch? Wat doen die studente?", vra sy. "Niks," sê ek. Dit raak ons nie. Stellenbosch brand nie. Nog nie.

ockie dupper

Al wat ons hier raak is wanneer óns ongemaklik raak. Ons sál protesteer as ons warm water opraak. Soos in die laat sewentigs. Of as ons nie kaartjies kan kry vir Intervarsity nie. So niemand kan eintlik sê ons is apaties nie. Vir warm water en rugbykaartjies het ons al selfs BETOOG.

Maar ons sê niks as daar by ons buur-universiteite geboikot word en protes-optogte plaasvind nie. Ons is doodstil as daar daagliks honderde van ons landgenote sonder verhoor aangehou word. Die res van die land weet nie wat ons dink oor wat gebeur nie, want ons dink nie oor wat gebeur nie. Ons is te besig met ASB-praatjies en Intervarsity-speletjies.

Wat ons dink is beslis nie irrelevant nie. Dit is belangrik dat ons dink en dat dit wat ons dink gekommunikeer en uitgeleef word. Want al is ons universiteit nie die "argitek van verandering" nie, kan ons, as studente, bydra tot verandering. Studente-proteste het 'n Time-verslaggewer in 1970 laat skryf: "The nation seemed, as Yeats once wrote, all changed, changed utterly."

Ek wens ek kan protesteer. Ek wil aan almal sê dat ek nie meer mense op TV-skerms wil sien brand nie. Ek wil nie lees van rubberkoeëls en traanrook nie. Ek wil ook nie hoor van 'n bereidwilligheid om met mekaar te praat net om die volgende dag te lees dat 'n gespreksaanbod van een van die invloedrykste swart leiers van die hand gewys is nie.

Hierdie protes sal nie van my 'n terroris of 'n aktivis of 'n kommunis of 'n anarchis of 'n geweldenaar maak nie, want met protes bedoel ek: "A formal statement or action of dissent or disapproval." (Concise Oxford Dictionary).

Protes mag ook nie beteken om op 'n UDF-vergadering in die biblioteek te lag vir die swart spreker se aksent nie, nog minder om tamaties na 'n spreker op 'n openbare verhoog te gooi.

Prof. Degenaar het reeds in 1973 geskryf: "dit sou goed wees as meer studente in Suid-Afrika 'n kritiese politieke bewussyn aankweek ... Wes-Kaapland stel belangrike vrae aan die Suid-Afrikaanse samelewing ... Studente, moenie probeer om 'n eie universiteit te stig nie, maar gebruik die universiteit wat daar is vir die stel van kritiese vrae en vir die kweek van 'n hoogstaande politieke bewuswording, sodat die samelewing ook van daaruit in 'n gesonder rigting beïnvloed kan word."

Ek wil nie en ek dink nie ons kan meer apaties kyk hoe ons land aan die brand slaan nie. Ons moet dink oor wat gebeur en sê wat ons dink. Ons moet ook praat en optree.

*****

The ASB and NUSAS both held their annual congresses during the July holidays. That is one matter. Another matter is the National Student Federation, who staged an international conference said to have cost at least R250 000.

That bothers me. Controversy has always surrounded the financing of this costly revival of conservatism among English students. If the secret source is conservative businessmen, well and good. But if it is clandestinely funded with S.A.'s taxpayers' money, that's bad.

They should stop refusing to disclose their source to the media. It's time they come clean.

*****

And just when you thought you'd seen or heard the last of the Boomtown Rats, Bob Geldof, Irish rock singer and member, launched an intercontinental rock show which was seen on television by one in three humans. The show, in aid of the starving millions in Africa, was held similtaneously in London and Philadelphia. Some say Geldof deserves the Nobel Peace Prize. I say, absolutely. For once the entire world will understand why it was awarded.

*****

In vrouekoshuise se voorportale was daar nog maar altyd dié desperate mans wat die lys van inwoners bestudeer het, en na willekeur dames afgeroep het, tot groot irritasie van die uitgelewerde vroue. Nou onlangs is vrouekoshuise egter in 'n populêre tydskrif voorgehou as 'n tipe bron van gesellinne, met die primaria as agent. Egosdeporo (23) skryf aan 'n bekende rubriekskrywer: "Ek dink elke dag aan maniere om 'n meisie te kry, maar dit lewer niks op nie." Die manlike rubriekskrywer se antwoord: "As jy nie anders kan nie, bel die primaria van 'n koshuis vir vroue en vra haar of sy kan reël dat jy iemand ontmoet wat sê nou maar Vrydagaand saam met jou sal uitgaan." Laat 'n mens wonder oor die beeld wat sommige manlike rubriekskrywers, van vrouekoshuise, primaria en vroue in die algemeen het.

# Balance



**With all beings and all things we shall be as relatives — Sioux Indian**

# MANNA



**Wat ruis in die donker flikkerende bome / in die wind, en glans in die driftige vlae / van die reën, roer in die wortel, stoot / in die sap? — besige Christus, Jý. / Hoe kon ek jou ooit misgekyk het / die sin van dié stuwing gemis het / en so afwesig gestaar het na my? — Sheila Cussons: *Die Swart Kombuis***

# *SR moontlik deur alle studente verkies*

**Uit die SR en SP**

STUDENTE kan moontlik vanjaar weer die Studenteraadslede kies na 'n mosie in die verband tydens die laaste Studenteparlementsvergadering van die huidige termyn aanvaar is.

Die mosie van mnr. Niël van der Merwe lui onder meer "dat die Studenteraad verkies word deur die Studente-Unie".

Sedert die instelling van die Studenteparlement (SP) is SR-lede slegs uit en deur die SP verkies.

Hierdie grondwetlike verandering sal eers deur 'n referendum aan die Studente-unie voorgehou word.

Volgens mnr. Van der Merwe sal die Grondwetkomitee eers moet vasstel of die veranderinge wel aangebring kan word.

Dit was nie die enigste belangwekkende besluit wat Dinsdagaand geneem is nie.

Naas die mosies oor die Afrikaanse Studentebond (ASB) en geheime organisasies *(sien berig bl. 1)* het die SP ook besluit "om vir die eerste keer hul moue op te rol en iets vir die studente te doen."

Mnr. Francois Sieberhagen, SR-lid vir LSS, se kommentaar oor die SP was n.a.v. 'n mosie wat lui "dat die SP en SR-lede 'n skoonmaakveldtog in die Neelsie loods".

Volgens me. Anelia Coetzee wat die mosie voorgestel het, het "die SP hier 'n geleentheid om iets kreatief vir die studente te doen". Die veldtog, wat op Maandag 26 Augustus plaasvind, sal ook goeie reklame vir die SR-sirkus wees, het me. Coetzee aangevoer.

Mnr. Jean du Plessis, SR-lid vir Tygerberg, het gesê hoewel Tygerberg nie sal kan deelneem aan die skoonmaakveldtog nie, "hulle tog in gees met die SP-lede sal wees".

Hy het voorgestel dat die Tygerberg-kampus moontlik hulle kafeteria terselfdertyd skoonmaak. Hulle kan selfs in radioverbinding met die Stellenbosse SP-lede bly, het mnr. Du Plessis gesê.

In ander dringende voorstelle is die SR-lid vir Sport, mnr. Hennie Stander, gelukgewens "met die wyse waarop die jaarlikse Intervarsity aangebied is".

Die twee sekretaresses wat die Studenteparlement se administrasie behartig, mev. Ilse Meij en me. Maritha van Dyk, is ook bedank vir hul "onontbeerlike" dienste.

In die eerste privaatledemosie in die SP se geskiedenis, het mnr. John Stokes van die Junior Breëbestuur gevra dat dié organisasie ontbind word.

Mnr. Stokes het gesê "die enigste ding wat die JBB bestuur is die JBB self".

Mnr. Helmut Pool, tesourier van die SR, het gesê die JBB kan nie ontbind voor hul skuld – wat meer as R600 beloop – betaal is nie.

Daar is besluit dat die JBB bloot in naam sal voortbestaan tot die skuld betaal is, of die kwessie opgelos is.

'n Verslag oor die parkeerprobleme wat die kampus ondervind is ook by die SP-vergadering voorgelê.

Die verslag is opgestel deur die Studentebelangekomitee.

In die verslag word gemeld "dat daar te veel motors en te min parkeerplekke is".

Daar is ook onvoldoende parkeerplek vir fietse en motorfietse, het die verslag bevind.

Die verslag beveel aan dat daar voldoende parkeerplek vir fietse, motorfietse en motors geskep word.

Die moontlikheid van "bewegende sypaadjies", roltrappe, ondergrondse wandelhalle en 'n parkeergarage word ook as moontlike oplossings in die verslag voorgestel.

● Tydens die Studenteraadsvergadering wat op 30 Julie is sake van administratiewe belang meestal bespreek.

Daar was wel hewige debat rondom 'n moontlike datum vir die SR-afskeid.

Nadat alle moontlikhede vir ongeveer twintig minute bespreek is, kon geen konsensus bereik word nie.

**Chris Barnard en Ilse Cilliers**

ASB

# Affiliasie sal US geïsoleerd hou

VERSKEIE studenteleiers sê dat Stellenbosch geïsoleerd is van ander kampusse en die studentepolitiek. Nou word beweer dat Stellenbosch deur affiliasie by die Afrikaanse Studentebond (ASB) sy isolasie kan deurbreek. Verder glo pro-ASB-mense dat Stellenbosch 'n hervormingstaak het om die konserwatiewe en behoudende ASB-lede tot ander insigte te bring.

Die argumente oortuig nie. Dit is waar dat ons kampus geïsoleer is van die harde studentepolitiek en sosiopolitieke frustrasies en verwagtinge van swart en gekleurde mense. Dit is 'n verdere waarheid dat ASB-affiliasie ons steeds geïsoleer sal hou van dié lewensbelangrike werlikhede en vraagstukke. Soos ons kampus, sit die ASB met sy eie isolasieprobleem.

**Soos ons kampus, sit die ASB met sy eie isolasieprobleem.**

Ongelukkig word baie studenteleiers verblind deur oplossings net in bestaande strukture van studente-organisasies te soek. Omdat swart liggame soos COSAS en AZAZM te vewyderd is van ons studente, en NUSAS as "links" en "radikaal" gebrandmerk word, bly die ASB vir hulle die enigste alternatief. Met tevergeefse verwagting word na die ASB gekyk as toegangspoort tot die Suid-Afrikaanse werklikheid.

Stellenbosch en die ASB sal net sy isolasie deurbreek deur gereelde, indringende gesprekke met 'n wye spektrum van studenteliggame. Om ons aktueel-politieke gesprek tot blanke Afrikanergeledere te beperk, sal Stellenbosch isoleer van die eise wat 'n veelrassige Suid-afrika, waarin die swart meerderheid ook politieke regte sal hê, sal stel. Met affiliasie en meegaande etikettering sal 'n ware oop gesprek gewoon onmoontlik wees.

Vanweë ons huidige isolasie en gevolglike onkunde sal Stellenbosch studenteleiers verwaand wees as hulle hulself as hervormers in die ASB sien. Ons studenteleiers is te onsensitief vir die nood van mense wat vasgevang is in apartheidstrukture en armoede. Ons studenteleiers sal min geloofwaardigheid hê om hul konserwatiewe kollegas te hervorm. Stellenbossers het self skoling en hervorming nodig.

Stellenbosch loop die gevaar om met heraffiliasie verstrik te raak in die KP/NP-debat wat Afrikaner- politieke denke oorheers. Kompromieë sal nodig wees om 'n eie posisie te handhaaf – en dit ten koste van geloofwaardigheid en effektiwiteit.

**Met tevergeefse verwagting word na die ASB gekyk as toegangspoort tot die Suid-Afrikaanse werklikheid.**

Verder sou affiliasie by 'n kultuurorganisasie aandui dat Stellenbosch bevrees is oor die toekoms van die blanke Afrikaanse kultuur. Dit sou selfsugtig wees om net oor die kultuur begaan te wees, terwyl wantroue en haat oor kleur- en kultuurgrense ongekende perke bereik. Tyd en toekomsverwagtinge is te kosbaar om 'n hele middag oor boeremusiek te praat – soos wat op die ASB se Julie-kongres gebeur het.

ASB-ondersteuners glo dat ons Studenteraad sal baat by die SR-konferensies oor kampussake wat die ASB reël. Dit mag so wees, maar die Stellenbosse SR het genoeg geleenthede om gedagtes oor hul portefeuljes met SR-kollegas van ander kampusse te ruil. Die jaarlikse SR-toer, besoeke van ander Studenterade, SSD- en YLF-kampe, jool- en studenteradiokongresse en persoonlike kontak ondersteun dit.

As Stellenbosse studenteleiers eerlik 'n opbouende leiersrol wil speel in studente- en landspolitiek, moet ons gedurig in gesprek wees met 'n verskeidenheid van studentegroepe en politieke faksies. Dis 'n oop gesprek,' verbeterde menseverhoudings en saamkoukus waar ons toekoms lê en nie in geslaagde SR-aktiwiteite op ons kampus nie. Laasgenoemde is blote bonusse vir mense wat hard gewerk het.



MENINGS-AKTUEEL

Die skrywer van hierdie artikel, Annami Oosthuysen, is 'n LLB-student in haar finale jaar.



Studente van al die Afrikaanse kampusse was by die opening van die ASB-kongres in die Endler-saal teenwoordig.

**MENINGS-AKTUEEL is 'n rubriek wat oop is vir alle lede van die Studente-Unie. Artikels moet gerig word aan die Aktuele Redakteur, *Die Matie* (tel. 5979).**

# Affiliasie gee US kans vir skakeling

SOMMIGE studenteleiers voel dat Stellenbosch buite die ASB of enige ander Nasionale Studente-organisasie 'n meer verantwoordelike en leidinggewende rol kan speel. Verder word geredeneer dat die US by wyse van 'n een-tot-een skakelingsgesprek met alle politieke instansies meer kan vermag as wat deur die ASB, 'n kader van Afrikanerdenke, verrig kan word. As daar egter gekyk word na die feite van die situasie val hierdie argument deur, omrede die volgende:

**Die ASB het veel groter bedingingsmag as wat 'n enkele studenteraad ooit sal hê.**

1. Die Stellenbosch SR poog om met instansies soos Engelse studenterade 'n een-tot-een gesprek op te bou, maar helaas. Vanjaar (nes vorige jare) het twee Engelse kampusse voorwaardes tot gesprek met die Stellenbosch SR gestel, nl. dat ons ons Kanselier, die Staatspresident, moet verwerp; en verder dat ons die nuwe bedeling in sy totaliteit moet verwerp. Indien ons dit sou nakom, sou ons amptelik met Wits en Durban kon skakel.

2. Die ASB skakel op nasionale vlak met Inkatha.

**Die mosies in die afgelope kongres spreek van 'n seker politieke nugterheid.**

Lede van hierdie organisasie het ook vanjaar die ASB-Kongres bygewoon in 'n poging om die bande te verstewig. Lede van die ASB-dagbestuur het reeds 'n Inkatha-jeugkongres bygewoon en sal weer vanjaar van die uitnodiging gebruik maak. Vanjaar was 'n uiters suksesvolle beraad met Inkatha gehou waar daar ± 200 verteenwoordigers per groep (ASB en Inkatha) deelgeneem het.

3. Wat aanbetref die ASB se oopheid ten opsigte van gesprek spreek die mosies van die afgelope kongres van 'n sekere politieke nugterheid. 'n Mosie dat moontlike skakeling met die UDF ondersoek moet word is met oorweldigende meerderheid aanvaar, siende dat gesprek met sulke organisasies apartheidsmure kan afbreek.

4. Die KP-beleidspunt van 'n blanke staat is met 'n soortgelyke meederhede verwerp, terwyl die kongres mense versoek het om hulself van sulke organisasies (wat dit ten doel stel om hierdie ideaal te verwesenlik) te distansieer. Soveel vir al die argumente dat die ASB te konserwatief is vir die "verligte Stellenbosch".

**Sprekers van al die leidende partye in die land het by die kongres opgetree.**

5. Sprekers van al die leidende partye in ons land (NP, KP en PFP) het by die kongres opgetree. Mr. T. Lekhota kon nie sy uitnodiging nakom nie a.g.v. sy inperking.

Die ASB het veel groter bedingingsmag tot opbouende politieke skakeling met enige groep in Suid-Afrika as wat 'n enkele studenteraad ooit sal hê.



MENINGS-AKTUEEL

Phillip Verster is die skrywer van hierdie artikel. Hy is 'n B.Ing-student in sy vierde jaar.

## KampUS-menings ...



Louis van Jaarsveld



Louise Viljoen



Ernst Conradie



Perus Hanekom



Elmien Lesch

Na aanleiding van die mosie voorgestel op die SP-vergadering Dinsdagaand en die kontroversie oor moontlike heraffiliasie het *Die Matie* Stellenbosse studente gevra wat hulle van die ASB dink.

**Louise Viljoen** (BA Regte III)

"Enige organisasie wat op hierdie stadium nog wil uitvind wat die UDF is, kan nie eintlik baie aktueel wees nie."

**Louis van Jaarsveld** (B.Th.II)

"ASB staan vir: 'Asseblief, bly daar op julle eie eiland en speel lekker. Moet dit net nie in 'n township inwaag nie.'"

**Ernst Conradie** (B.Th.III)

"Enige vorm van gesprek tussen universiteit is waardevol. Gesprek tussen Afrikaanse universiteite op hul eie is egter van beperkte waarde omdat dit net tussen blankes is. Die ware debat nou is tussen blankes en swartes."

**Perus Hanekom** (M.Ing.Chemie)

"Ek vind geen fout met die ASB nie. Ek dink hy het seker 'n doel, en ek dink dat heraffiliasie 'n goeie idee is, omdat mense mekaar se menings sal kan hoor."

**Elmien Lesch** (BA III): Ek is eerstens pro-affiliasie en dan, ná affiliasie, pro-ASB, omdat die ASB die liggaam is waarmee ons die beste kan vereenselwig aangesien die grootste deel van die Studente-Unie Afrikaans is.

**VERLOOFRINGE**

**SPESIALE AANBOD!**

*Gratis 18ct troupand waarde R150,00 met elke verloofring van R500 of meer.*

***Groot verskeidenheid diamante, monterings en verloofringe teen afslagpryse direk aan die publiek. Elke ring met volledige Waarborg en Waardasie Sertifikaat.***

*SPECTRA DIAMANTE*

Sabelsentrum 7 Tel. 975552

h/v Durban & Voortrekkerweg Bellville

# Oop gesprek is enigste hoop

Daar hang 'n groot vraagteken oor die stelling dat Stellenbosch aan die voorpunt van verandering staan in die nuwe Suid-Afrika. Stellenbosch, as die bastion van verligte denke hier in die Suide, het maar 'n paar groot skeure in sy eens sterk wit mure.

Ons studenteleiers blyk huiwerig te wees om die waagmoed aan die dag te lê en politieke uitsprake te maak. Selfs in die Studenteparlement, daardie forum wat juis ingestel is om buiten beleidmaking en die bevordering van studentesake, ope gesprek en politieke standpuntinname te bevorder, blyk enige werklike leiding huiwerig en geïnhibeerd te wees.

**Studente is tevrede om toeskouers te wees.**

As die sg. "leiers" so huiwerig is om polities standpunt in te neem kan die studente-unie mos nie uitgekryt word as die sondebokke wat apaties en huiwerig staan tot ope gesprek en standpuntinname nie. Ons studente is baie maal maar bloot tevrede om toeskouers te wees en net kennis te neem van ons land se politieke probleme. Ons stel beperk belang in en neem kennis van wat op die forums van bv. SAAK en SPOG gesê word, maar ons is huiwerig om standpunt in te neem oor die problematiek.

By die onlangse ASB-Kongres wat "toevallig" juis hier in Stellenbosch aangebied was, was dit vir my duidelik dat nuwe omstandighede en nuwe uitdagings 'n hele nuwe benadering verg. Die Afrikaanse Studentebond verteenwoordig byna die volle spektrum van ideologiese en politieke strominge binne die Afrikanerjeug, maar ten spyte van die verskille was daar by die Afrikaner-studente wat lede is van die sg. kultuurorganisasie, ook 'n duidelike wil tot ope gesprek en standpuntinname oor politieke kwessies.



**MENINGS AKTUEEL**

Johan Olivier, die skrywer van hierdie artikel, is 'n vierdejaar regstudent.

Op Woensdag 17 Julie het Hoofminister Gatsha Buthelezi op die kongres die mening uitgespreek dat studente in sy oë vry moet wees om idealisties te dink — hulle is nog nie so onlosmaaklik verbonde aan die praktiese probleme van die politieke en ekonomiese lewe soos die ouer geslag nie. Hierdie idealisme van die jeug kan dan dien as die gis vir die vernuwingsproses in die politieke denke van die Afrikaner. Ons as studente het meer tyd om onbevange te debatteer, te lees en te reflekteer oor die politieke probleme van die dag as die beroepspolitici met hulle vol agendas.

**Ons as studente het meer tyd om onbevange te debatteer, te lees en te reflekteer oor die politieke probleme van die dag . . .**

Ons as Afrikanerjeug is deel van die politieke tradisie wat die swart meerderheidsgroep van hul regte ontneem het. Ons kan ons oë ook nie toehou vir die noodsituasie wat in die land heers nie. Die noodsituasie in die 36 landdrosdistrikte, is, glo ek, 'n direkte gevolg van die swart bevolking se felle weerstand teen die gevolge van juis dié politieke tradisie waaraan ons as bevoorregte blanke jeug 'n deel het.

Konfrontasie gaan nie die probleem oplos nie, ook nie geweld nie. Ons enigste hoop lê in ope gesprek met die partye wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die oplossing van die probleem.

Ek sal dus graag wil sien dat hier op Stellenbosch 'n duidelike wil tot eksplisiete politieke debat sal ontstaan. Nie dat ons klinkklare oplossings sal vind nie. Nie dat ás ons oplossings vind die Regering noodwendig daarvan notisie sal neem nie. Maar die steun van die jeug sal indirek 'n rol kan speel. Stellenbosch moet weer aan

**Sterk leierskap en standpuntinname kan bydra om apatie en agterdog jeens die verteenwoordigingstelsel uit die weg te ruim . . .**

*(Vervolg op bl. 17)*



"Het die ASB 'n blote naprater geword van die dinge wat deur die Regering bedink word?", vra Frank Raymond na aanleiding van die pas afgelope ASB-kongres. Pres. P.W. Botha het as spreker by hierdie kongres opgetree.

**MATIE-GESPREK**

*(Vervolg van bl. 10)*

meenskap wat hul politieke denke betref, moet ons probeer om denke oor daardie hele spektrum weer te gee, anders sou ons ontrou wees teenoor ons publiek. Ons is afhanklik van ons studente. *Die Matie* is nie 'n kommersiële koerant wat 'n definitiewe standpunt kan inneem en dan verkoop word ter keuse van enige leser, in mededinging met ander koerante wat anders dink nie. Ons is net een koerant, en het 'n plig teenoor die hele studente-unie.

**Maar die voorstanders van die "Alternative Press" voer dan aan dat 'n studentekoerant juis hierom vry is om 'n meer kritiese standpunt te stel.**

Kyk, *Die Matie* het 'n plig om 'n alternatiewe standpunt ook te stel. Daarmee bedoel ek nie 'n sg. "radikale" standpunt nie, maar net 'n effense ander kant van die muntstuk. Dit geld veral op Stellenbosch, waar die meeste studente 'n baie eensydige beeld van Suid-Afrika kry. Maar uit die aard van die Stellenbosse gemeenskap, wat glad nie tot dieselfde mate gepolitiseerd is as die Engelse kampusse nie kan ons dit nie bekostig om geheel en al 'n alternatiewe standpunt in te neem nie . . .

**Ons het nou heeltyd gepraat oor die rol van 'n studentekoerant. Maar is dit nie effens van die punt af nie? Die kritiek is al selfs in *Penseel* geopper dat dit by *Die Matie* nie oor 'n waghond-funksie of die diens van die SU gaan nie, maar dat dit maar 'n in-groepie is wat vir hul eie genot op *Die Matie* is.**

Wel, ek dink dat enige verslaggewer wat nie sy werk geniet nie, maar net sowel kan bedank, omdat hy eenvoudig nie meer goeie werk sal lewer nie. Maar ek sou nie sê dat dit net oor eie genot gaan nie. Dit is eenvoudig net te veel moeite. Ek dink wel *Die Matie* dien die studente-unie. Dit word bewys deur die positiewe stem op die monstervergadering.

**So jy dink wel die monstervergadering-stem was 'n rasioneel-oorwoë stem waaraan mense soveel betekenis kan heg?**

Ja, ek is oortuig daarvan.

Silver Pebbles
TRUSTBANKSENTRUM, STELLENBOSCH
JUWELIERSBOETIEK
*Fossielkraletjies in 'n wye verskeidenheid van kleure*
R5,25
*per string*

# US moet vergeet van laertrekmentaliteit

DINGE soos die "doop furore", moeilikheid met *Die Matie* en debatte rondom heraffiliasie by die Afrikaanse Studentebond het al jaarlikse instellings op Stellenbosch geword. Hierdie jaar steek die ASB heraffiliasie-spook weer eens sy kop uit in die vorm van 'n SP-mosie voorgestel deur mnr. P. Verster. Dit lui "dat die SP sy teleurstelling" moet uitspreek "dat 'n groot persentasie van Stellenbosch se studente oningelig staan teenoor die ASB" en dat in die lig daarvan die 85/86 studenteraad versoek word om 'n besluit te neem aangaande affiliasie by die ASB *voor* die einde van hierdie kwartaal.

### Skoling

Mnr. Verster motiveer dat Stellenbosch "grootliks oningelig" staan t.o.v. die ASB se "werking en inisiatiewe." Volgens hom moet Stellenbosch heraffilieer by die ASB sodat hierdie "oningeligtheid" verdryf kan word. Hy glo "die mees effektiewe skoling is deelname." Sou bg. dus ook kan beteken dat die SR, omdat die studente-unie oningelig staan teenoor NUSAS, die Volkswag en die UDF, ook by hierdie organisasies sou moet affilieer?

Mnr. Verster voer verder aan dat "gesien in die lig van SP-lede se blootstelling aan nasionale studente-organisasies, *slegs* die SP in hierdie stadium 'n feitlik gefundeerde besluit kan neem." 'n Enkele SPOG-vergadering waar 'n verteenwoordiger van die ASB, NUSAS, NSF en AZASM elk sewe minute kans gehad het om hul organisasies aan die SP bekend te stel kan nouliks voldoende blootstelling genoem word! Waarom sou die nuwe SP/SR so ingelig wees dat hulle binnekort 'n besluit oor heraffiliasie kan neem sonder hierdie sg. "blootstelling?"

Indien die SR sou besluit om te heraffilieer sou dit 'n skending wees van die grondwet van die studente-unie. Dit bepaal dat die SR slegs uitvoerend en nie beleidmakend is nie. Dit sou uiters arrogant van die SR wees om namens 14 000 studente by die ASB te affilieer. Dit sou beteken dat studente sonder vooraf-raadpleging affiliasiegelde aan die ASB moet betaal sodat die 14 lede van die SR aan die ASB se studenteraadskonferensie kon deel hê.



**MENINGS AKTUEEL**

Frank Raymond, 'n regstudent in sy finale jaar, het hierdie artikel geskryf.

Die een oorheersende eienskap van die ASB is sy volslae onvermoë om inisiatief te neem in die politieke debat in Suid-Afrika. Die ASB het vanjaar, soos die afgelope aantal jare, 'n blote naprater geword van die dinge wat deur die Regering bedink word en wat die Regering uiteindelik as beleid aanvaar.

### Kongresse

Die ASB-kongresse, waarvan die jongste een geen uitsondering was nie, word gekenmerk deur 'n gebrek aan duidelike ideologiese riglyne. Gevolglik is kongresgangers nooit in staat om skerp met mekaar te verskil nie.

Die ASB-kongres is ook maklik beïnvloedbaar. Dit is derhalwe binne die vermoë van 'n man wat sy woord goed kan doen om bloot, danksy die goeie indruk wat hy maak, die mening van die ASB-kongres beduidend te beïnvloed.

Die kongres se standpunt wissel van jaar tot jaar en van verlig tot verkramp, afhangende van die invloed van sprekers wat maklik die ideologiese vakuum van die kongresgangers kan vul met sy besondere voorkeure en idees.

Die ASB se tekort aan ideale kom reeds tot uiting in studenteraadsverkiesings op haas elke Afrikaanse kampus geaffilieer by die ASB. Kandidate wat aan hierdie verkiesings deelneem, se beleidsverklarings kom selde verder as 'n blote belydenis van Christenskap en Afrikanerskap.

Feitlik sonder uitsondering word egter teruggedeins vir 'n poging om inhoud aan die twee begrippe te gee.

Dit is presies hierdie gees in die studenteraadsverkiesings wat ook maar in die ASB neerslag vind. Uiteindelik kan gevra word dat as die ASB dan gestroop is van 'n toekomsgerigtheid en as hy gebuk gaan onder 'n gebrek aan ideale, wat die argument dan aan die gang hou?

Dit is my mening dat die ASB homself omskep het in 'n gesellige vergadergroepie, wat oor niks anders praat as wat die regering voorskryf nie en dat sy doel bloot is om aansien te verskaf aan sy prominente lede na buite.

Tydens die afgelope SR-toer na ander Afrikaanse universiteite is kontak met alle ASB-geaffilieerde studenterade gemaak.

Besprekings het telkemale uitgeloop op Stellenbosse heraffiliasie by die ASB, terwyl kwellende landspolitiek en studente-aktuele probleme selde aandag geniet het.

Stellenbosch moet heraffiliasie met die ASB finaal die nek inslaan. Ons moet vorentoe kyk en vergeet van 'n laertrekmentaliteit.

### Polarisasie

Daar is in SA vandag 'n toenemende polarisasie tussen wit en swart, en die steeds toenemend-ernstige politieke vraagstukke noop ons tot beweging in eie geledere. Sulke bewegings is duidelik nie inpasbaar binne die kader van 'n eksklusiewe Afrikaner kultuurorganisasie soos die ASB nie.

Stellenbosch moet hom eerder beywer tot 'n Suid-Afrikaanse forum. Die gedagte word deur sommige studenteleiers afgemaak as onwerkbaar.

Myns insiens is daar nog geen werk en moeite ingesteek in die projek nie.

Die afgelope twee Studenterade het weinig moeite gedoen met die stigting van so 'n SA-forum. Daar was verlede jaar 'n feitesending na die V.S.A. deur die Stellenbossers. Wat van 'n fisiese feitesending in ons eie Suid-Afrika?

## DAMESBELANGE

# Rasionele denke verlig spanning

RASIONELE denke kan help om spanningsimptome te verlig, het mnr. Kobus Sieberhagen op die Damesbelange se kongres oor stres gesê. Sowat sestig studente het op Saterdag 27 Julie die konferensie in die Nedbanksaal bygewoon.

### Normaal

Mnr. Sieberhagen het gesê dat spanning 'n normale deel van mense se lewe is. Elke mens het dit nodig om te funksioneer en te presteer. Dit is net wanneer spanning te veel word dat dit 'n negatiewe invloed op die mens het.

Gedagtes kan help om ongewenste persoonlike gevoelens te vermy wat tot spanning kan lei, het mnr. Sieberhagen gesê. In dié verband moet gewaak word teen absolutistiese denke wat 'n katastrofe tot gevolg kan hê. Gedagtes moet op werklike feite gebaseer wees en nie op veralgemenings nie.

Prof. J. Potgieter het gesê dat oormotivering een van die grootste probleme is waarmee sportsielkundiges te kampe het. Daar word gepoog om 'n lae vlak van spanning by sportmanne te skep terwyl 'n hoë vlak van aktivering behou word. Die ideaal van "aangename spanning" word so bereik.

### Glimlag

Sportmanne kan dié ideaal bereik deur rasionele doelwitte te stel en op te tree asof hulle geen spanning ervaar nie. Dit is byvoorbeeld moeilik om gespanne te voel as jy besig is om te glimlag, het prof. Potgieter gesê.

Hy het beklemtoon dat dit kan help om spanning te verlig deurdat dit die aandag van die probleem wat die spanning veroorsaak, aflei.

Prof. Potgieter het gewaarsku dat mense se idee van oefening verkeerd is. Oefening is daar om te geniet, nie om jouself mee te martel nie, het hy gesê.

Me. H. Pieters het 'n praatjie gelewer oor premenstruele spanning. 'n Film oor spanning by die werk wat deur 'n paneelbespreking gevolg is, is deur dr. C. Liebetrau vertoon.

Die konferensie is met 'n ligte middagete afgesluit.



Die volgende persone het o.a. deelgeneem aan Damesbelange se konferensie oor spanning: v.l.n.r. is dr. C. Liebetrau, Me. H. Pieters en mnr. K. Sieberhagen.

# *Hoofgebou weer nuut gemaak*

BOUERS is tans besig om die Ou Hoofgebou te herdekoreer.

Dit vorm deel van 'n projek om die ouer geboue van die Universiteit te moderniseer. Die beraamde koste is ongeveer R800 000.

Werk aan die Ou Hoofgebou het op 1 Julie begin. Dit sal omtrent 'n jaar duur voordat die projek voltooi is.

Studente wat normaalweg daar klas loop sal intussen die Wilcocks-gebou, die B.J. Vorster-gebou en sekere lokale in die biblioteek gebruik.

Mnr. H. A. Ruben, beplanner by die universiteitsadministrasie het gesê dat die herdekorasie die modernisering van oudiovisuele apparaat en sitplekke sal insluit.

# *Die Matie* moet balans handhaaf

DIE fyn balans wat *Die Matie* moet handhaaf tussen soms teenstrydige rolle het by dié blad se jaarlikse skolingskursus onder die soeklig gekom.

### Middeweg

Die sprekers het die voornemende joernaliste touwys gemaak in verskeie aspekte van koerantwerk. Prof. H. J. Grosskopf, hoof van die Departement van Joernalistiek, mnr. Anton Steenkamp, oud-hoofredakteur van *Die*



Prof. Grosskopf

*Matie*, en mnr. Eric le Grange, die nuwe hoofredakteur, het joernalistiek in die algemeen bespreek.

"*Die Matie* moet 'n gesonde middeweg volg tussen dit wat studente *wil* lees en dit wat hulle *moet* lees," het prof. Grosskopf gesê. 'n Koerant is slegs suksesvol as dit beide leesbaar en relevant vir sy lesers is.

Mnr. Steenkamp het klem gelê op die waghondfunksie van 'n studentekoerant. Hy het dit gekwalifiseer deur te sê dat *Die Matie* altyd die beste belange van die Studente-unie en die Universiteit op die hart moet dra. Hy het daarop gewys dat dit nie *Die Matie* is wat die Universiteit "skade aandoen" deur oor sekere kontroversiële bedrywighede te berig nie, maar wel die persone wat vir dié optrede verantwoordelik is."

Mnr. Le Grange het die struktuur van *Die Matie* aan die redaksie verduidelik. Hy het die verslaggewers daarop gewys dat hulle grootliks verantwoordelik is vir die leesbaarheid van die koerant.

Twee professionele verslaggewers het besondere aspekte van joernalistiek toegelig. Me. Marianne Thamm van die *Cape Times* het die skryf van resensies en rubrieke bespreek. Me. Stefanie Hefer van *Die Burger-Ekstra* het wenke oor effektiewe bladuitleg gegee.

**SPOG-VERGADERING**
**Woensdag 21 Augustus**
**TYD:** 19h00
**PLEK:** KGB-Ouditorium
**TEMA:** Isolasie: Wat nou?

## Society aims to educate wine drinker

THE Wine Culture Society of Stellenbosch was started in October 1983, with an initial membership of about forty active members.

The society aims to educate the novice wine drinker. This will enable him to appreciate the wines and winelands of the Western Cape and of the rest of the world.

Membership is exclusive to students who have successfully completed the preliminary wine course. An annual subscription is payable which enables the members to attend any of the functions which are organized during the year.

Included amongst the highlights of the year's activities are numerous outings to wine farms normally not open to the public. A conducted tour is led by the owner of the estate and ends with a tasting of the best wines of the farm.

A very successful and entertaining winetasting intervarsity was held for the first time between the wine societies of U.C.T., Bacchus (Tygerberg), and Stellenbosch. Stellenbosch won by a small margin.


KOM KLINK 'N GLASIE MET KWV



KWV se dienste en produkte is nie net vir die uitvoermark bedoel nie. Talle van hulle is binne die bereik van elke wynliefhebber in Suid-Afrika.

Ons bied u . . .
**Wynkursusse.** As u 'n wynkenner wil word, of bloot



meer van wyn wil weet, kan u die volgende kursusse bywoon:

- Die Sertifikaat in Kaapse Wyne
- Die Gevorderde Sertifikaat in Kaapse Wyne
- Die Intermediêre Diploma in Kaapse Wyne
- Die Finale Diploma in Kaapse Wyne

**Wynlesings.** Ons wynlesings word landwyd en deurlopend gehou. Hier word die gebruik van wyn saam met kos beklemtoon en waardering vir die uitstekende Suid-Afrikaanse wyne gekweek.

**Begeleide keldertoere.** Van Maandae tot Vrydae vind begeleide keldertoere plaas deur KWV se kelderkompleks, die grootste in sy soort ter wêreld. Dis die ideale geleentheid om kennis te maak met ons verouderde wyne, sjerries en portwyne, en 'n reeks goeie Suid-Afrikaanse wyne te neus en te proe. Oudiovisuele aanbiedings tydens die toere skilder die omvang van ons wynbedryf en hoe wyn gemaak word.



**Publikasies.** Seker die bekendste van al ons publikasies is die prestige-tydskrif Wynboer, wat maandeliks verskyn. Dis propvol volkleurartikels oor die wonder van wyn, ons wynbedryf en persoonlikhede wat daarby betrokke is. U kan dit per pos




bestel. KWV het 'n reeks ander publikasies uit die pen van ons land se voorste skrywers wat ook bestel kan word.

**Wynhuise.** Ons 4 wynhuise is dwarsoor die Wynland versprei. Hier kan u wyne uit die verskillende streke geniet saam



met à la carte-geregte en tradisionele streekkos, soos waterblommetjiebredie, bobotie, afval en hoenderpastei. Streekwyn is by elke wynhuis se buiteverbruik te koop.
Bespreek by:

Kleinplasie op Worcester, tel. (0231) 2-0430. Branewynsdraai op Robertson, tel. (02351) 3202. Paddagang op Tulbagh, tel. (02362) 242. Laborie in die Paarl, tel. (02211) 2-6320.



**Spesiale produkte.** Die volgende produkte is almal by u naaste drankwinkel te koop: 1953 KWV Rooi Muskadel Jerepiko, 1956 KWV Port, 1969 KWV Hanepoot Jerepiko, KWV VO Sjerrie, en KWV se wêreldberoemde Tienjaaroud-brandewyn en Twintigjaaroud-brandewyn.

As u besonderhede verlang oor enige van die produkte of dienste wat KWV u kan bied, skryf aan:

Die Bestuurder:
Openbare Betrekkinge
Posbus 528
Suider-Paarl
7624

KWV

KMP 2878/A

# Groot veranderings is nodig in ons land

**BARNARD BEUKMAN, Voorsitter, NP-studentetakke, skryf:**

Almal is daarvan bewus dat ons tans moeilike tye in Suid-Afrika beleef. Baie jongmense is onseker oor wat die toekoms inhou en het vrae oor die situasie in ons land en hoe dit hanteer moet word. Aangesien die Nasionale Party aan bewind is, word daar veral in die party se rigting gekyk vir antwoorde – heel tereg ook. As voorsitter van die NP-studentetakke op Stellenbosch kry ek baie vrae en ek dink dit is gepas om enkele gedagtes voor te hou.

Eerstens moet ons as jongmense vir doeleindes van ons eie houding en optrede van 'n paar belangrike noodsaaklikhede kennis neem:

* Blankes sal hulself daarop moet instel dat ingrypende veranderings in ons land nodig is. Maatreëls wat mense onderdruk en as diskriminerend ervaar word sal verwyder moet word. Verder sal daar saam met swartmense gewerk moet word aan 'n stelsel van betekenisvolle magsdeling tussen wit en swart.

* Ons as jongmense kan 'n betekenisvolle bydrae lewer deur kontak en nogmaals kontak oor politieke en kleurgrense heen. Deur oor tradisionele grense te beweeg kan ons die nodige begrip kry vir die veranderinge wat nodig is, en wedersydse vertroue kan gekweek word. 'n Groot gevaar is oningeligtheid en onbetrokkenheid. Jongmense moet hulself inlig en betrokke raak.

* Verder sal almal moet aanvaar dat 'n vreedsame oplossing slegs moontlik is as daar tot 'n vergelyk gekom kan word tussen swartmense aan die een kant en die Afrikaner en Nasionale Party "establishment" aan die anderkant. Die NP sal nie op demokratiese wyse as die blanke meerderheidsparty vervang kan word nie – dit is 'n praktiese werklikheid.

Daarom sal die Staatspresident en sy regering die steun van alle hervormingsgesindes nodig hê, binne sowel as buite die NP. Die Staatspresident moet 'n duidelike groen lig van blankes kry om vorentoe te beweeg, maar ondersteunende samewerking eerder as 'n geskreeu oor 'n afstand, sal die regering tot beweging aanspoor.

In die lig van bogenoemde drie punte moet 'n mens waak teen enkele gevaarpunte:

* Dit is naïef om te dink dat die oplossing daarin lê om bloot aan almal stemreg te gee. Een mens een stem sal wit oorheersing met swart oorheersing vervang. Die gevolge daarvan sal meer as dubbel so vernietigend wees as die huidige situasie. Die werklike stryd lê nog voor en wel by die onderhandelingstafel. Alhoewel onderhandeling die skepping van wedersydse vertroue ten doel moet hê, kan blankes net toetree tot 'n vorm van magsdeling waarvolgens die blankes as groep en sommige waardes waarop hul aandring prakties en onontneembaar beskerm word.

* Daar is sommige elemente wat hul beywer vir die skep van 'n revolusionêre klimaat onder swartmense. Hierdie elemente wil geen vreedsame oplossing sien nie en floreer op geweld as metode vir verandering. Hierdie elemente moet aan die kaak gestel word. Vrae moet gevra word oor die rol van kerkleiers soos Alan Boesak en Beyers Naudé wat skynbaar revolusionêre opsweping as 'n bydrae tot vrede sien.

* Daar is mense wat swak lewenstoestande in byvoorbeeld plakkerskampe bloot sien as 'n gevolg van die huidige regeringsvorm en dink dit gaan oornag verdwyn as ons 'n ander regeringsvorm kry. Haglike lewensomstandighede is 'n verskynsel in die hele derde wêreld en is hier om te bly. Dit gaan nie verander word deur verandering van regering nie. Dit kan net verbeter word deur positiewe werk wat soveel meer effektief verrig kan word as die owerhede dit steun — steun wat nie verkry gaan word deur emosionele verwyte en veroordelings nie. Op Stellenbosch kan veral sommige studente KJA-leiers hiervan kennis neem.

* 'n Verder hindernis is 'n onnodige wantroue bloot op grond van lidmaatskap van verskillende organisasies. Veral ons as NP-ondersteuners op Stellenbosch is hieraan skuldig, terwyl UDF ondersteuners van UWK en UK ook in die verband kan besin.

In die lig van al die gedagtes hier bogenoem moet dit vir jongmense duidelik blyk dat ons oplossing lê in positiewe betrokkenheid en samewerking. Dit kan verkry word deur die praktiese uitlewing van Christelike beginsels. Sodoende kan ons 'n basis skep waarvan ons leiers kan oorgaan tot daadwerklike aksie, wat nou meer as ooit nodig is vir oorlewing.

## More unbiased news wanted

**FRIENDS OF THE PRESS write:**
**Just one quick M.G.B. (Moan Groan Bitch) for you.**
**Having now been totally mentally saturated with pro-Pretoria propaganda spewed forth by Die Burger and the SABC, we're desperate for the kind of fresh, unbiased news that the Cape Times provides. But the Cape Times is always either sold out or not available in the Neelsie. Is Big Brother Management quietly boycotting the English Press?**
**Please – can we have some more Cape Times ordered for the Neelsie?**


Die Matie
TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR
Jaargang XXXXI Nr. 7
DONDERDAG, 23 MEI 1985
Geheime organisasie bedrywig op S'bosch
Ruiterwag ontmasker
DIE geheime organisasie vir jong Afrikanermans, die Ruiterwag, is aktief bedrywig op Stellenbosch. Onder die ledetal van sowat honderd studente tel onder meer SR-lede, SP-lede, Primarii en die voorsitters van die ASVS en die NP-studentetakke.

"As daar een organisasie is wat belangstelling gaande gemaak het die laaste tyd, is dit sekerlik die Ruiterwag."

# *RW is dinamiese jeugorganisasie*

**PIETIE LOUBSER, HIPPOKRATES; ROBERT KOTZE, DAGBREEK; EN JOHAN EHLERS, MERRIMANLAAN 62, skryf:**

As daar een organisasie is wat belangstelling gaande gemaak het die laaste tyd, is dit sekerlik die Ruiterwag.

Meer opvallend egter is die negatiewe beeld wat van die organisasie geskep word deur eensydige publisiteit en oningeligte skrywers. Die organisasie word valslik voorgestel as 'n ver-regse kliek wat net eie belange voorop stel.

Laat ons egter toe om vanuit die organisasie sekere dinge in perspektief te stel:

**Dit is ook die plek waar jong Afrikaners vertroulik kan gesels oor aktuele sake . .**

Die Ruiterwag is 'n vertroulike organisasie waarby jong Afrikaners betrek word wat 'n aktiewe bydrae tot die gemeenskap lewer. Dit stel hom ten doel om Afrikanerskap en die Afrikanerkultuur te bevorder en uit te bou — 'n doelstelling wat ander kultuurgroepe ook nastreef.

Dit is ook die plek waar jong Afrikaners vertroulik kan gesels oor aktuele sake en openhartig van mekaar kan verskil, sonder om mekaar se bona fides te bevraagteken of dat mense na erkenning streef. Met die vertroulike aard van die organisasie word dus nie die een of ander misterieuse geheimhouding, geheime bevordering van 'n groep se belange of geheime knoeiery bedoel nie.

**Die Ruiterwag is 'n vertroulike organisasie waarby jong Afrikaners betrek word . . .**

Die Ruiterwag is valslik voorgestel as 'n plek waar verkramptes sit en konkel oor hul eie toekoms. Sal u verbaas wees om te hoor dat die toelating van bruin studente in koshuise op Stellenbosch as oplossing vir hierdie studente se losiesprobleem deur die Ruiterwag op Stellenbosch as antwoord beskou word?

Die Ruiterwag word daarvan beskuldig dat die organisasie die individuele lede se standpunte en optrede bepaal, terwyl die teendeel eintlik waar is. Dit is juis die plek waar almal se standpunte erken en beredeneer word.

Die Ruiterwag is 'n dinamiese jeugorganisasie wat primêr kultureel en aktueel gerig is en graag 'n nuttige bydrae tot die ontwikkeling van ons land wil lewer.

# *Waarom al weer die geraas?*

**ANDRIES DU TOIT skryf: Waarom al weer die geraas oor die ASB? Waarom al weer tob oor ons "leierskapspotensiaal"? Wie gee nou werklik om hieroor behalwe ons "studenteleiers" self? Is daar mense wat nog dink dat, op hierdie tydstip, wit Afrikaners in 'n hoekie moet sit en met wit Afrikaners gesels oor die lot van die bruin en swart studente?**





WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch, of skakel 7-1573.
**En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.**

BOLAND BANK
Bankman
24 UUR BANK
BOLAND BANK BEPERK. GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK.

YOUNG & RUBICAM-HEDLEY BYRNE 410302/02

# Hoekom barbare nou vergewe?

**ONDERAAN skryf:**

**Vroeg in hierdie jaar moes ons met skok verneem van die barbaarse optrede van nege Maties wat 'n mede-student ontvoer, aangerand en geteer en geveer het. Die verontregte persoon het 'n kriminele klag teen die skuldiges teruggetrek, aangesien hy nie hulle loopbane wou verongeluk nie en die tugkomitee van die Universiteit self met die teer-en-veerders sou afreken.**

**Die Tugkomitee het dan ook die nege skuldig bevind en hulle "vir die res van hul universiteitsloopbaan" uit die koshuise geskors. Groot was my verbasing dus toe ek al in Die Burger van 31 Julie lees dat die jong barbare terug is in hul koshuise op grond van "goeie gedrag"(!)**

**Deur sulke optrede skep die owerhede van hierdie Universiteit 'n ongelukkige beeld van inkonsekwentheid en selfs die kondonering daarvan dat studente die reg in hul eie hande kon neem en carte blanche het om op blatante wyse ander mense se liggaamlike integriteit te skend. Is dit dan verrassend as die Universiteitsowerhede se geloofwaardigheid bra laag is op studente se ranglys?**




## Briewe

**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.**

**Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

**So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.**

**Alle briewe wat ontvang word sal òf gepubliseer òf erken word.**

# Voortrekkers nie frontorganisasie

**A. J. VERMEULEN, Voorsitter, Staatmakers, skryf:**

In *DIE MATIE* van 23 Mei 1985 word beweer dat die Voortrekkers 'n frontorganisasie van die Ruiterwag is, en dat finansiële ondersteuning deur die Ruiterwag aan die Voortrekkers verskaf word.

Ons maak beswaar teen die moontlike interpretasie dat die Voortrekkers deur die Ruiterwag gemanipuleer en gefinansier word. Daar is geen skakeling tussen die Stellenbosch Voortrekkerkommando en die Ruiterwag waarvan ons bewus is nie. Die geouditeerde finansiële state van die kommando word in detail op die kommandobestuursvergadering bespreek sodat daar geen sprake van gereelde finansiële ondersteuning van so 'n geheime bron kan wees nie.

Dit is nie vir ons duidelik hoe die Voortrekkers 'n frontorganisasie (in die sin van 'n openbare arm van 'n geheime organisasie) van die Ruiterwag kan wees nie. Die Voortrekkers se doelstellings is presies omskrywe, en ons probeer om hierdie doelstellings na te streef, ongeag wat ons lede se politieke sienswyse is.

Ons vra u vriendelik om ook ons kant van die saak in *DIE MATIE* te stel.

*1. Dat die Ruiterwag in die verlede geldelike skenkings aan die Voortrekkers gemaak het, blyk uit skriftelike bewyse wat in ons besit is. Volgens ons informant was dit nie 'n eenmalige skenking nie. Dat* Die Matie *geïmpliseer het dat die Voortrekkers deur die Ruiterwag gefinansier en gemanipuleer word en dat daar amptelike skakeling tussen die organisasies is, is nie waar nie.*

*2. Ons beskou 'n frontorganisasie, soos dit in die berig gebruik is, as 'n organisasie waaruit lede vir die Ruiterwag gewerf word. Uit dokumentêre bewyse in ons besit blyk dit ook dat, indien 'n persoon deur die Ruiterwag genomineer word as 'n moontlike lid, gespesifiseer moet word op watter maniere hy sy kultuur uitleef bv. deur die Voortrekkers.*

*Die leiers van sodanige organisasie hoef nie noodwendig bewus te wees dat die organisasie as 'n frontorganisasie gebruik word nie.*

*Baie dankie dat u op die manier u griewe gelug het, want dit gee ons die geleentheid om dit reg te stel. Hiermee word die aangeleentheid afgesluit. — Red.*

## GEKLASSIFISEERD

INDIEN enige studente vervoerprobleme na- en van kampus ondervind, en 'n behoefte het aan georganiseerde vervoer, kontak asb. die SR-lid vir studentebelange, Frank Raymond, by 70138, of laat 'n nota in sy vakkie in die SR-kantoor.

"DIE MATIE" oortruie (sweaters) — slegs 30 van hierdie besondere truie is oor!
Prys: R25 AVB inkl.
Kontak: Adrian Louw, Majuba.

# Gesindhede moet verander

**WILLEM VAN HEERDEN SKRYF:**

Na die onlangse afkondiging van 'n noodtoestand is die vraag wat na ons almal toe kom: wat beteken die swart onluste en waarheen lei dit? Antwoorde op hierdie vrae word van alle kante op ons gepeper. Binne- en buitelands word op ons geskree. Die skreeuendes het egter dikwels bymotiewe. Die buiteland speel 'n politieke spel met ons. Binnelands dobbel mense soos die onheilige "geestelikes" met swart emosies terwyl blankes met Hitler gelykgestel word. Ek meen egter dat die boodskap van die swart ontevredenheid doodgewoon is. Met die onrus sê die swartes: Ons wil gehoor word. Ons het nie 'n stem nie en dus ook nie 'n reg nie. Swartes wil ernstig opgeneem word en saam met blankes ten volle deel in hierdie land. Maar na dit alles is daar hoop. Ek glo die blankes het bereid geword om te luister en die swartes besef dat hulle met die blankes as vennoot 'n beter toekoms het. Ons gesindhede moet egter verander. Gesindhede bepaal immers ons aanpasbaarheid by die werklikhede van hierdie land. Blank en swart sal moet leer om mekaar ten volle te aanvaar. So sal ons ook mekaar se eie identiteit respekteer.



"Met die onrus sê die swartes: Ons wil gehoor word."

**SAAK-VERGADERING**
**Vrydag 9 Augustus**
**TYD:**
13h00
**PLEK:**
KGB-Ouditorium
**TEMA:**
SAP en Wet en Orde
**SPREKER:**
Maj. Craig Williamson SAVP

## AANDAG:

**Alle belangstellendes wat wil inteken op *Die Matie*, kan dit nou doen deur 'n poswissel of tjek vir R6 aan die volgende adres te stuur:**
**DIE MATIE**
**LTD-gebou nr. 0024**
**Universiteit Stellenbosch**
**STELLENBOSCH**
**7600**
**Persone wie se name reeds op die poslys verskyn, moet ook hul inskrywings hernu.**

## OOP GESPREK

Vervolg van bl. 14

sy studenteleiers en die breë studente-unie die geleentheid bied tot ope intellektuele gesprek. Slegs gesprek kan ons politieke denke stimuleer; nie 'n toeskouermentaliteit nie. Dié politieke denke kan dan later 'n belangrike deel vorm van die politieke ontwikkelingsproses in ons land. (Die ironie is egter dat die gevolge van so 'n ontwikkelingsproses nie eers môre nodig gaan wees nie maar reeds vandag.)

Stellenbosch het wel forums waar ope gesprek en politieke standpuntinname moontlik is. Ek dink hier eerstens aan die studenteparlement, aan verenigings soos SAAK en die debatsvereniging, die SPOG-komitee, en ook aan informele sowel as formele debatte in die koshuise self.

Ek dink ook dat Stellenbosch weer ernstig kan begin dink aan her-affiliasie tot die ASB. Stellenbosch se ongebondenheid dien nie meer „as teken van oop gesprek" vir ander belangrike swart groepe, soos AZASM nie. Hulle identifiseer ons nog steeds met die Afrikaner-Kultuur en -leefwyse. Die nuwe gees en die nuwe leierskap in dié organisasie met mnr. Marthinus van Schalkwyk aan die spits, skep nou meer geleentheid tot ope gesprek en politieke standpuntinname as ooit tevore. Die inisiatief en leiding van Stellenbossers kan 'n baie belangrike rol in die organisasie en Afrikaner-politieke denke speel. Die huidige politieke, sosiale en ekonomiese toestande in Suid-Afrika skep noodwendig die stimulus vir standpuntinname en gesprek en ons as studente het hier 'n belangrike rol om te speel.

Sterk leierskap en standpuntinname kan, glo ek, grootliks bydrae om die huidige apatie en agterdog van die studente-unie jeens dié verteenwoordigingstelsel uit die weg te ruim. Binne die ASB kan hierdie leierskap en standpuntinname tot sy volle potensiaal kom.


# Hoeveel studente kan jy net-net in 'n klein S.A. universiteit inpas?



## Soveel as die huidige Staatsdiensbeurshouers!

Daar is vanjaar ongeveer 3 500 studente wat Staatsdiensbeurshouers is. Dis deel van die verantwoordelikheid wat die Staatsdiens op hom neem om deur tersiêre opleiding verligting te bring in die tekort aan hoëvlakmannekrag. In dié proses word manne en vroue toegerus om die Staatsdiens se diensmasjien te beman — en om diens van die hoogste standaard te lewer.

***'n Sinvolle bydrae op professionele vlak.***
Die jongmense van vandag weet dat waar jy sinvol kan bydra, het jy groter hoop op selfverwesenliking, groter lewensgeluk, en die geleentheid om jou ambisies en drome te verwesenlik. Jou studiejare is sweetjare en dis jou erns om jou swaarverdiende opleiding toe te pas waar jy erkenning vir jou toewyding sal kry.

***Ons erken nou al jou toewyding!***
Die Staatsdiens het beurse tot 'n maksimum van R4 200 per jaar beskikbaar om jou studies sonder geldsorge vir die toekoms te maak. En jou keuse is wyd met die nagenoeg 90 rigtings waarin beurse aangebied word. Ons noem hier sommige van die rigtings:

- **Geneeskunde** • **Geohidrologie** • **Hidrologie**
- **Ingenieurswese** • **Suiwer natuurwetenskappe**
- **Radiografie** • **Weerkunde.**

***Maar dalk stel jy eerder belang in 'n ander spesialisveld: Ekonomiese en Handelswetenskappe, Kliniese Sielkunde (M-graad), Vertaalkunde, Rekenaarwetenskap, Dieetkunde of ander wetenskaplike rigtings.***

***Onthou, as jy reeds studeer, kan jy nog vir 'n beurs kwalifiseer.***
Studente wat nog nie hul studies voltooi het nie, kan ook vir 'n beurs in aanmerking kom — al is hulle reeds op tweede- of derdejaarvlak.

Maak gerus 'n aantekening van hierdie belangrike datum: **31 Augustus** is die sluitingsdag vir beursaansoeke.

***Gee nou koers aan jou toekoms.***
**Tree in verbinding met ons Streekkantoor naaste aan jou, ons Personeelskakelbeampte sal graag met jou wil gesels. Of skryf aan die Kommissie vir Administrasie, Privaatsak X121, Pretoria 0001. Tel: (012) 21-4411.**

**Bloemfontein:** Die Personeelskakelbeampte, Sanlam Plaza, Winkel 3, Posbus 3388, Bloemfontein 9300. Tel. (051) 71180.
**Durban:** Die Personeelskakelbeampte, Broadstraat 90, Durban 4001. Tel. (031) 301-8829.
**Johannesburg:** Die Personeelskakelbeampte, Tony Factor In-Townsentrum, Winkel 16B, h/v Kerk- en Joubertstraat, Posbus 6371, Johannesburg 2000. Tel. (011) 29-3986.
**Kaapstad:** Die Personeelskakelbeampte, Goue Akker 606, 6de Vloer, Adderleystraat, Kaapstad 8000. Tel. (021) 21-7673.
**Kimberley:** Die Personeelskakelbeampte, Du Toitspangebou, Du Toitspanweg, Kimberley 8301. Tel. (0531) 2-5612.
**Port Elizabeth:** Die Personeelskakelbeampte, Herovic Plaza, Suidelike Vleuel, Ringweg, Posbus 27200, Green Acres 6057. Tel. (041) 39-2358/9.
**Pretoria:** Die Personeelskakelbeampte, Kommissie vir Administrasie, Winkel 24, Eerste Vlak, Koedoedeurloop, Pretoriusstraat, Posbus 5730, Pretoria 0001. Tel. (012) 28-5900.

Die Staatsdiens waar JY tel

Klerck & McCormac Werwing 17716

# Spanne vaar goed in SAU-toernooie

VERSKEIE Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooie is gedurende die wintervakansie gehou. Die volgende uitslae is ontvang:

**Pluimbal:** Die Matiepluimbalspan wen die toernooi. Die span was verlede jaar derde. R. Eksteen en S. Cross haal die S.A.U. A-span. A. Jacobs, O. Wessels en M. Thorn is in die B-span opgeneem. Die volgende gradering is aan die einde van die toernooi bekend gemaak:
Mans: A. Jacobs 4de, R. Kritzinger 7de.
Vroue: R. Eksteen 1ste, S. Cross 2de, O. Wessels 3de, M. Thorn 6de.

**Gimnastiek:** Die US het, soos verlede jaar, die eerste plek behaal. Die vrouespan het die tweede plek behaal. Die mansspan het vier uit vyf trofeë verower. L. Stofberg is as die Victrix Ludorum aangewys. B. Moolman wen die trofee as die beste gimnas in klas vyf.

**Vrouehokkie:** Die span het al hul wedstryde gewen en is eerste geplaas. Twaalf spanne het deelgeneem. S. Calder (kapt.), Z. Calitz, C. Cox en L. Pienaar word in die S.A.U. A-span opgeneem.

**Tafeltennis:** Die US-span was vanjaar vir die tweede agtereenvolgende jaar tweede.

**Sokker:** Stellenbosch eindig derde. Tien spanne het deelgeneem. Die span was verlede jaar tweede. N. Parkin en I. Horrell is weer in die S.A.U.-span opgeneem. Mnr. F. Lyons is as die nuwe voorsitter van die S.A.U. Vereniging verkies.

**Onder 20 Rugby:** Die Matiespan voltooi die toernooi onoorwonne. K. du Plessis en M. Scriba haal die S.A.U.-span asook C. de Villiers as reserwe. Die trofee vir beste en mooiste rugby gespeel kom ook na Stellenbosch.

**Vlugbal:** Die mans speel sewe wedstryde en wen vier. Die span is algeheel vierde geplaas. G. Vahinius en G. Fitzberg is in die S.A.U.-span opgeneem.

**Muurbal:** Die manspan speel tien wedstryde en verloor drie. Hoewel hulle die span wat tweede geëindig het oortuigend geklop het, is hulle algeheel derde geplaas. Die vrouespan het drie uit sewe wedstryde gewen. Kim Fachier verloor in die finaal van die vrouekampioenskappe en word in die S.A.U.-span opgeneem. C. Cleaver word as reserwe vir die S.A.U.-mansspan aangewys.

**Manshokkie:** Die span speel ses wedstryde en wen drie. Hulle word vierde uit elf spanne geplaas. K. Fairweather en A. Schoeman haal die S.A.U. B-span. Die span is verlede jaar eerste geplaas.

**Judo:** Die Maties kom weer vierde uit sewe spanne. Die span wen drie uit ses gevegte.

**Kanovaart:** Stellenbosch eindig algeheel tweede. Die span het verlede jaar die vierde posisie beklee.

**Landloop:** Die vrouespan eindig tweede en die mans agtste. Pieter Kloppers, Tanya Peekham en Elana van Zyl word in die S.A.U.-spanne opgeneem.

**Skerm:** Die Floret eindig tweede en die Degen derde.

## Netbal verower derde toernooi in drie jaar

DIE Maties-netbalspan het tydens die S.A.U.-netbaltoernooi die derde agtereenvolgende jaar eerste geëindig. Die toernooi is van 8 tot 10 Julie in Bloemfontein gehou.

Met hul puik vertoning het die Maties behoorlik stof geskop in die oë van die sewe ander deelnemende universiteite (UK, Wits, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP en RAU).

Die span het 'n totaal van 234 doele behaal terwyl slegs 86 doele teen hulle aangeteken is.

Drie Maties, Vanessa Wessels, Beverley Wait (Kaptein) en Annie le Roux is in die S.A.U.-span opgeneem. Dié span het tydens die toernooi 'n besoekende Australiese span met vier doele geklop. Jacolien Stassen, Matie-senter, het ook S.A.U.-kleure op grond van verdienste ontvang.

Tydens die afsluitingsdinee is drie van die vier individuele trofeetoekennings aan Maties oorhandig. Vanessa Wessels is as die beste doel aangewys, Beverley Wait is aangewys as die beste senter en Annie Roux was die beste verdediger. Hierdie toekennings is ook verlede jaar deur Maties verower.

Me. S. J. Foulkes was die bestuurder van die span.



DIE Dagbreek trapkarspan het onlangs vierde geëindig in die Tukkies trapkarwedren wat op 27 Julie plaasgevind het. Die wedren vorm deel van die landwye SAFUIS-reeks.

Twee-en-twintig spanne het aan die wedren deelgeneem. Verskeie spanne van privaatmaatskappye het ingeskryf, asook die gereelde koshuisspanne van die Tukkies.

Dagbreek was die enigste span van Stellenbosch wat ingeskryf het. Die kar, "Dawner", is beman deur ses trappers en twee stoters.

Die span van Tukkies, Team Velle, het die eerste plek behaal met 175 rondtes. Dagbreek het vierde geëindig met 165 rondtes. Hier is Juri Kriel, 'n lid van die Dagbreekspan, in aksie tydens die trapkarwedren op Stellenbosch.

## *Windsports* open vir geesdriftiges

**WATERSPORTGEESDRIFTIGES kan voortaan toerusting bekom by 'n nuwe watersportwinkel, *Windsports*. Die winkel is op die hoek van Dorp- en Andringastraat.**

**Die eienaar van die winkel, mnr. Vic Warrington, is 'n inwoner van Kaapstad, en die twee bestuurders, Chris Mostert en Frank Smuts, is studente te Stellenbosch.**

**Die voorrade van die winkel word vanaf Kaapstad gebring om die kostes daaraan verbonde so laag moontlik te hou. Die hooftak van *Windsports* is in Kaapstad. Daar word gereken dat die winkel van die laagste en mees kompeterende pryse het.**

**Mnr. Warrington het besluit om die winkel op Stellenbosch te open aangesien ± 30 % van sy totale klandisie van Stellenbosch afkomstig is. Hy het gevind dat daar 'n groot aanvraag vir die nuutste seilplanktoerusting onder die studente is.**

**Die twee bestuurders is self kranige seilplankryers en is op hoogte van al die beste en nuutste toerusting. Daar word ook gepoog om in die toekoms aan voornemende seilplankryers 'n kursus in seilplankry aan te bied.**

***Windsports* hou tans ook 'n eksklusiewe uitverkoping wat tot die middel van Augustus sal duur. Moet dit nie misloop nie.**


SABS GOEDKEURING

OP AL ONS GEWAARBORGDE VERSOOLDE BANDE

WARM OF KOUE VERSOLING

☆ Gebruikte bande vanaf R15,00 elk



KILO TREADS

Vir volledige bandediens

Nuwe bande teen kosprys alleenlik verkrygbaar te Stellenbosch-tak


## SPORTPROFIEL

deur **Chris Theron**

Kan Stellenbosch die teenfoeter wees vir die Amerikaanse Universiteite, waar daar tot dusver 97 van ons land se tennisspelers studeer? Mnr. Gerrie Berner (Oom Gerrie) die Maties se nuwe tennisafrigter dink beslis so.

Mnr. Berner wat tot 1 Augustus vanjaar al 12 jaar sy eie baas was, het nie van kleins af tennis gespeel nie. Inteendeel hy het die eerste keer in Matriek tennis gespeel – vir die eerste span. Hy was 'n veelsydige sportman en was o.a. op *Die Matie* se sportredaksie. In sy eerste jaar het hy Maties eerste span krieket gespeel. Hy was ook vir die SAU span gekies, maar weens finansiële probleme kon hy nie daarmee voortgaan nie. In 1963 begin hy help met afrigting. Hy word R1,50 betaal om in die middae te help balle gooi. "'n Mens kan maar sê ek het heel onder begin," het hy sonder enige teken van spyt gesê. In daardie eerste vyf jaar het hy die waardevolle dinge geleer. In 1968 begin hy dan self om afrigting aan te bied. Hy is heel suksesvol en onder hom was daar 12 Suid-Afrikaanse junior kampioene.

Alhoewel sommige mense hom kritiseer, omdat hy in sy afrigtingsmetodes nie op tegniek sou konsentreer nie, het jare se ervaring van mense hulle lewe lank af te rig en hulle sodoende in hulle ontwikkeling te volg, sekere prioriteite by hom tuisgebring. Tegniek is vir hom belangrik in soverre dit die manier is waarop die speler op die bal werk. Onberispelike tegniek verseker nie goeie spel nie.

Dit gaan in sy afrigting in die eerste plek om die mens. Die sukses hang van goeie afrigter-speler verhouding af. Hy moet kan verstaan wat die speler dink, hoe hy homself motiveer, die manier waarop die speler homself by die spel bepaal ("application") en hoe sterk sy deursettingsvermoë is ("guts"). Dit is dinge wat deur ervaring heen vir hom belangrik geword het.

Een van sy eerste opdragte is om 'n stelsel op te stel sodat daar aan sekere mikpunte voldoen kan word. Van die 97 Suid-Afrikaanse spelers in Amerika is daar volgens hom slegs vyf wat 'n kans het om onder die wêreld se top 200 te beland. Hierdie skynbare leemte is vir hom 'n ernstige probleem. Volgens mnr. Berner is Stellenbosch die ideale plek om 'n professionele sentrum daar te stel, nie net omdat dit by die kus geleë is nie en so langer verwisselinge moontlik maak nie, maar die geriewe is ook voldoende.

Alhoewel hy geensins voorsien dat SA 'n 17 jarige Borg of Becker sal oplewer nie, daarvoor word die oorsese spelers veel gouer as die Suid-Afrikaners volwasse, glo hy dat Stellenbosch die moontlikhede het om spelers waardevolle ervaring te laat opdoen.

Volgens David Nankin is daar geen gaping of vertraging in die ontwikkelingsvlak van ons spelers nie, net 'n gebrek aan ervaring weens ons internasionale isolasie.

Van sy langtermynmikpunte met die klub behels: 1. Die geleentheidskepping tot spel ontwikkeling in 'n stelsel waar die top spelers 'n kern moet vorm. 2. Om Stellenbosch in die W.P. liga en op nasionale vlak 'n krag te maak. 3. Om die klub intern te versterk.

Dit is dan geen wonder dat sy aanstelling op nasionale vlak goedgekeur word nie. Met Gerrie Berner aan die bestuur lyk dit nie onmoontlik dat Stellenbosch met 'n professionele sentrum die Mekka van Suid Afrikaanse tennis gaan word nie.

## Nege oorwinnings in 'n ry

# Maties wen na Ikey-flaters

Intervarsity rugby is "check-die-score-board"-rugby. Dit is selde skouspelagtige rugby. Rugbytrots word nie sommer opgeoffer ter wille van die grootpawiljoen nie. Hardlooprugby is skouspelagtig, maar is nie altyd wenrugby nie.

Die Ikeys sal hierdie les moet leer indien hulle weer die Intervarsity wil wen.

Vanjaar het die Kaapse studente waarskynlik 'n beter kans as gewoonlik gehad om die Intervarsity te wen. Stellenbosch was sonder die meeste van sy gereelde eerstespanspelers. Daarenteen was die Ikey-span byna dieselfde span as die span wat al die hele seisoen saam speel.

Die Matie-oorwinning – 'n rekord negende agtereenvolgende oorwinning – is meer 'n weerspieëling van verkeerde Ikey-taktiek as van die diepte van Stellenbosch rugby. Die wedstryd was so goed as verlore vir die Ikeys nadat hulle die bal begin rondgooi het.

Dodelike verdediging deur veral die Matie senters, Goggie van Heerden en Johan Prins, het die Ikeys selde kans gegee om die voordeellyn oor te steek. Gevolglik was hul veel ligter lostrio nooit werklik effektief nie. Die Ikeys kon nie tweedefase-besit afdwing nie. Hulle is hierdeur van 'n effektiewe aanvalsbasis ontneem.

Drie van die Maties se vier drieë het juis gevolg na skoon tweede fase-besit.

Oordeelkundige tienmanrugby deur die Ikeys in die eerste twintig minute het die Maties onder druk geplaas. Andrew Kirsten (skrumskakel) en Naill Edwards (losskakel) het die Maties telkens teruggedryf met intelligente lynskoppe. Die Ikeys het gedurende die wedstryd genoeg balbesit uit die vaste skrums en lynstane gekry om die hele wedstryd met hierdie taktiek te volhard. Trouens, die Ikey-skrum was sterk genoeg om baie besit van die Maties uit vaste skrums te bederf. Vaatjie Nel (voorry) het swaar geleef teen die Ikeys se Paul Day. Juis om dié rede het die skrums so dikwels in duie gestort. Die Matie agterlyn kon ook op hierdie manier geneutraliseer word.

Die keerpunt in die wedstryd het gevolg na die tweede of derde poging van die Ikeys om hul agterlyn aan die gang te kry. Andrew Kirsten het 'n bal uit 'n losskrum onder groot druk van Schalk Burger (flank) probeer uitgee. Gert Smal het onderskep en Pieter Bouwer (agsteman) in besit gestel. Bouwer het mooi gedryf voordat hy die bal na Schalk Burger, wat die drie gedruk het, uitgegee het. Leon van Wyk (heelagter) se doelskop was mis.

Op hierdie stadium was die telling 3–3. Beide heelagters (Leon van Wyk vir die Maties en Clark Ellis vir die Ikeys), het geslaag met 'n strafdoel.

Na die eerste twintig minute het spel omgeswaai. Die Maties het met meer vuur gespeel terwyl die Ikey agterlyn telkens vasgehardloop het teen die Maties se hegte verdediging. Die Maties se lostrio het 'n greep op die wedstryd gekry omdat die Ikey agterlyn voor die voordeellyn in besit betrap is.

Stellenbosch het 10–3 voorgeloop na nog 'n strafdoel deur Van Wyk.

Smal het in die 34ste minuut gedruk na volgehoue aanvalle op die Ikey doellyn. Ferreira (skrumskakel) het steelkant gebreek en Smal oorgestuur. Van Wyk se doelskop was mis (14–3).

Van Wyk het net voor rustyd met sy derde strafdoel geslaag om die Maties met rustyd met 17–3 te laat voorloop.

Die wedstryd het na rustyd dieselfde patroon gevolg as die laaste 20 minute van die eerste helfte. Die Ikeys het volhard met hardlooprugby – sonder sukses. Die Matie lostrio het die goeie verdediging van sy agterspelers opgevolg. Freddie Ferreira het gefloreer met baie goeie tweedefase-besit. Hy het sy gebruiklike avontuurlike spel gespeel en 'n paar keer mooi gebreek.

Van Wyk het in die sesde minuut geslaag met 'n strafdoel (20–9). Van Heerden het in die 15de minuut 'n slim hoekskoppie van Prins toegeval vir die Maties se derde drie. Die skoppie het juis gevolg na een van Ferreira se breke. Van Wyk het geslaag met die doelskop (26–9).

Van Heerden het in die 24ste minuut weer gaan druk nadat die Maties 'n losskrum net buitekant die Ikeys se kwartgebied gewen het. Van Wyk slaag weer met die doelskop (32–9).

Die Ikeys se hardlooprugby het gesorg vir 'n troosdrie in die derde minuut van die beseringstyd. Johnny Roche (plaasvervangervleuel) het gedruk nadat die Ikeys eers regs en toe links beweeg het in die Maties se kwartgebied. Ellis het misluk met die doelskop.

Die finale telling was 32–13.

Dit was Stellenbosch se tweede grootste oorwinning ooit in 'n Intervarsity teen die Ikeys. Die grootste oorwinning was in 1977 (48–9). Die Maties het tot dusver 87 wedstryde (alle wedstryde) teen die Ikeys gespeel waarvan hulle 52 gewen het teenoor die Ikeys se 21 oorwinnings.

Veertien wedstryde was gelykop.



Hjalmar Mulder van Huis Marais breek weg van 'n losgemaal in die wedstryd teen Simonsberg. Hy word gevolg deur Wessel de Wet. Huis Marais het die wedstryd met 10–4 gewen.

# HM speel steeds uithalerrugby

Huis Marais is na die tweede reeks wedstryde in die eerste koshuisliga steeds onoorwonne. Die span is hierdie semester onder groot druk om voort te bou op sy goeie vertonings in die eerste semester. In die eindstryd, verlede semester, het Huis Marais Dagbreek oortuigend met 8 – 2 geklop.

Huis Marais het reeds goeie oorwinnings oor Helderberg (20–0) en Simonsberg (10–4) behaal. Die gehalte spel wat die Huis Marais eerstespan handhaaf is merkwaardig as die grootte van die koshuis in aanmerking geneem word.

Boonop speel Ian Jooste, die gereelde losskakel verlede semester, hierdie semester klubrugby.

Die span se welslae lê in sy voorspelers. Dit is 'n ligte en baie beweeglike pak. Die koshuis rugbyreëls bevoordeel eerder beweeglike pakke voorspelers as swaarder pakke. Huis Marais se lostrio, Mulder, De Wet en Van der Merwe (wat vir die tweede wedstryd vervang is deur Lambert) was die afgelope twee wedstryde konstant eerste by breekpunte. Die vermoë om skoon, vinnige tweede fase af te dwing skep kanse vir Huis Marais se agterspelers. Stapelberg (linkervleuel) het veral beïndruk in die wedstryd teen Helderberg.

Die span wat Huis Marais hierdie semester wil klop sal die lynstaan as aanvalsbasis moet gebruik. Huis Marais het nie uitstaande lynstaanspelers nie. Hulle is hoofsaaklik ingestel om hul teenstanders se lynstaanbesit te bederf. In hierdie opsig behoort skeidsregters strenger te wees. In die wedstryd teen Helderberg het Huis Marais met moord weggekom. Die wedstryd is andersins uitstekend beheer deur Alwyn Vorster.

## Dagbreek gebruik kanse om deur te dring

Dagbreek het op Dinsdag 30 Julie hulle kanse goed benut deur Majuba in 'n wedstryd wat tradisioneel deur oproerighede voorafgegaan word met 24–2 te wen.

Majuba se voorspelers het by tye goed gedryf, maar kon nie verhinder dat daar weer eens 'n groot telling teen hulle aangeteken is nie. Dagbreek het oordeelkundig gespeel en uiteindelik vyf drieë, waarvan twee vervyf is, teenoor Majuba se strafskop aangeteken.

### Slordigheid

Die lynstaanspel is 'n ernstige fout in albei spanne se taktiek. Blykbaar leen die tekort aan slotte wat skoon balle kan verseker tot variasies op die ontwrigtingspel. Gevolglik is die wedstryd gekenmerk deur slordige lynstane. Die Majuba voorspelers het dit probeer uitbuit deur te storm, maar kon nooit die aanval end-uit voer nie.

Die rustydtelling was 8–0 nadat regtervleuel D. Jooste en stut H. Aggenbach gedruk het. Jooste het daarna nog twee-maal gaan druk.

Majuba het probleme met hulle spel en kort 'n oorwinning om die patroon te breek, daarteenoor lyk dit asof Dagbreek, met aanvallende rugby, planne het om vir die eindstryd in aanmerking te bly.



De Waal Nigrini van die Maties en Greg Morse spook om die bal te bemeester. Vaatjie Nel (no. 3), Broekies Visser (no. 1) en Walker (no. 5) is die ander spelers.

# US squash team best ever at SA Universities

DURING the July vacation the University of Stellenbosch mens' side managed to do better than what they've ever had at a South African Universities' Squash Week. After losing their first three matches the side won their last seven matches to end third of the eleven universities partaking in the event.

The squash week is possibly the most gruelling event on the squash calender. In all, the competitors play 10 matches in five days. In a normal five day event participants play only four or five matches.

The strength of the Stellenbosch team lies in their depth. This can be seen in the fact that Craig Cleaver and Philip Ellis, the number one and two players respectively, both failed to win even half of their matches. However, the number three, four and five players, Charl Rorich, Mark Engelbrecht and Marius Small-Smith all achieved outstanding results. Small-Smith lost only one of the nine matches he played and Engelbrecht won eight out of ten.

The team's best win was against the University of Pretoria. They won the match on number three, four and five after Ellis and Cleaver lost their matches.

Had Stellenbosch won two of their first three matches, it is very likely that they would have finished second in the tournament. The players did badly at the beginning of the event, possibly because of different playing conditions. The altitude hampered the players' breathing. The ball also moves considerably faster at a high altitude.

At the end of the week, Craig Cleaver was selected as reserve for the South African Universities side.

# Toutrekkers kry goue op SA Kampioenskap

Op Vrydag en Saterdag, 26 en 27 Julie het die 600 kg, 680 kg en 720 kg-toutrekspanne van die US aan die SA Kampioenskappe te Bloemfontein Polisiegronde deelgeneem.

Die 680 kg-span het ver bo verwagting presteer en die eerste plek verower. Dit is die eerste keer wat die Matieklub sedert sy stigting 'n goue medalje op 'n SA Kampioenskap kon wen.

17 Toutrekkers het die Maties in die drie spanne verteenwoordig. Altesaam 60 spanne het aan die tweedaagse kompetisie deelgeneem. Hul het in die 720 kg-afdeling om Springbokkleure meegeding en 'n vierdie plek verower.

In die 600 kg en 680 kg-afdelings word daar om die S.A.-titel getrek. Die Maties het aan albei dié gewigsafdelings meegeding. Die 600 kg-span het die vyfde plek behaal.

Die resultate van die afgelope kampioenskappe is veral verblywend omdat die Matieklub in die onlangse W.P. Kampioenskappe baie gesukkel het. Hul het verlede jaar drie W.P. titels verower, maar kon vanjaar slegs drie tweede plekke behaal.

Die eerste drie plekke in die 680 kg-afdeling is deur Kaapse spanne gewen. Die WP Weermag en Goudini het die tweede en derde plekke behaal. Die spanne van die Suide sukkel al 'n paar jaar om die wurggreep wat die Noorde, veral die van Griekwas, te breek.

Griekwas slaag nou jaar na jaar om die Springbokproewe te domineer. Met die goeie prestasies van vanjaar lyk dit asof die Kaapse spanne besig is om uit die wurggreep los te breek.



'n Pretloop is verlede kwartaal deur die Universiteit se atletiekklub, in samewerking met die Boland Krieketklub, aangebied.

Die borge het 'n groot aantal pryse beskikbaar gestel. Een van die pryse is toegeken aan die koshuis met die meeste inskrywings.

Hierdie prys van R250 is met 'n groot meerderheid deur Helderberg verower. Met die komende Republiekfees in gedagte, het die vier ingange op 'n kompetisiebasis met mekaar meegeding vir die meeste inskrywings.

Mnr. Pierre Thiart, organiseerder van die pretloop, het die tjek gedurende 'n middagete aan Helderberg se primarius, Leon Halgryn, oorhandig.





# 32 — 13






# Intervarsity op Coetzenburg: Saterdag, 3 Augustus, 1985



FOTO'S KLOKSGEWYS

Altus Schreuder, hulpdirigent van die Maties, spoor die ondersteuners aan om hulle harte uit te skree.

'n Deel van die skare wat nie deur hulle span teleurgestel is nie.

Die Stellenbosse tamboernooientjies wys hulle slag met die swier wat vanjaar al vir hulle 'n hele paar pryse losgeslaan het.

Rob Walker, Ikey-slot, gee die bal uit aan sy skrumskakel, Andrew Kirsten, terwyl 'n paar Matie-voorspelers in sy nek blaas.

'n Heildronk op Intervarsity en al die goeie dinge aan student wees.

'n Groepie rugby-geesdriftiges toon hulle misnoeë met die afgestelde All Black-toer.

